# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

*UITGAWE OP GESAG.* VAN SUIDWES-AFRIKA. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

10c Wednesday, 21st August, 1963 WINDHOEK Woensdag, 21 Augustus 1963 No. 2504


CONTENTS


**GOVERNMENT NOTICE:—**

No. 148 Ordinance, 1963,: Promulgation of . . .


## Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

C. F. MARAIS,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 148.] [21st August, 1963.

ORDINANCE, 1963: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

| *No.* | *Title* |
|---|---|
| 34. | Criminal Procedure Ordinance, 1963 . . . . |

No. 34 of 1963.]

## ORDINANCE

To consolidate the laws relating to procedure and evidence in criminal proceedings and matters incidental thereto.

*(Assented to 5th August, 1963.)*
*(English text signed by the Administrator.)*

ARRANGEMENT OF SECTIONS.


| | | Section |
|---|---|---|
| Definitions . . . . . . . . . . . . . | | 1 |
| Application of several provisions of Ordinance to inferior and superior courts . . . . . | | 2 |
| Chapter I. | Criminal jurisdiction of courts . . . . . . . . | 3—4 |
| Chapter II. | Prosecution at public instance . . . . . . . . | 5—10 |
| Chapter III. | Private prosecutions . . . | 11—20 |


INHOUD *Page/Bladsy*


**GOEWERMENTSKENNISGEWING:—**

Ordonnansie 1963: Uitvaardiging van . . . 1300


## Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 148.] [21 Augustus 1963.

ORDONNANSIE, 1963: UITVAARDIGING VAN

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansie wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

| *Titel* | *Page/Bladsy* |
|---|---|
| Strafprosesordonnansie 1963 . . . . . . . | 1300 |

No. 34 van 1963.]

## ORDONNANSIE

Ter samevatting van die wette op prosedure en bewyslewering in strafsake en verbandhoudende aangeleenthede.

*(Goedgekeur 5 Augustus 1963.)*
*(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)*

INDELING VAN ARTIKELS


| | | *Artikel* |
|---|---|---|
| Woordbepaling . . . . . . . . | | 1 |
| Toepassing van onderskeie bepalings van ordonnansie op laer en hoër howe . . . | | 2 |
| Hoofstuk I. | Regsbevoegdheid van howe in strafsake . . . . | 3—4 |
| Hoofstuk II. | Vervolging van staatsweë . | 5—10 |
| Hoofstuk III. | Private vervolgings . . | 11—20 |

| | | |
|---|---|---|
| Chapter IV. | Arrests | 21—41 |
| Chapter V. | Search warrants, entry upon premises, seizure and detention of property connected with offences, and custody of women unlawfully detained for immoral purposes | 42—53 |
| Chapter VI. | Preparatory examinations | 54—88 |
| Chapter VII. | Bail | 89—112 |
| Chapter VIII. | Constitution of Superior Courts | 113—122 |
| Chapter IX. | Procedure before commencement of trial | 123—126 |
| Chapter X. | Procedure at trial | 127—165 |
| Chapter XI. | Possible verdicts on particular charges | 166—180 |
| Chapter XII. | Witnesses | 181—213 |
| Chapter XIII. | Evidence | 214—271 |
| Chapter XIV. | Discharge of accused persons | 272—276 |
| Chapter XV. | Previous convictions | 277—284 |
| Chapter XVI. | Indictments, Summonses and Charges | 285—309 |
| Chapter XVII. | Punishments | 310—343 |
| Chapter XVIII. | Costs, Compensation and Restitution | 344—348 |
| Chapter XIX. | Appeals in cases of criminal proceedings before superior courts | 349—357 |
| Chapter XX. | Pardon and commutation | 358—361 |
| Chapter XXI. | General and Supplementary | 362—378 |

| | | |
|---|---|---|
| Hoofstuk IV. | Inhegtenisneming | 21—41 |
| Hoofstuk V. | Visenteringslasbriewe, betreding van persele, inbeslagneming en aanhouding van goedere wat met misdrywe in verband staan, en bewaring van vroue wat vir onsedelike doeleindes wederregtelik aangehou word | 42—53 |
| Hoofstuk VI. | Voorlopige ondersoeke | 54—88 |
| Hoofstuk VII. | Borgtog | 89—112 |
| Hoofstuk VIII. | Instelling van hoër howe | 113—122 |
| Hoofstuk IX. | Prosedure voor aanvang van verhoor | 123—126 |
| Hoofstuk X. | Prosedure by verhoor | 127—165 |
| Hoofstuk XI. | Moontlike uitsprake op bepaalde aanklagte | 166—180 |
| Hoofstuk XII. | Getuies | 181—213 |
| Hoofstuk XIII. | Getuienis | 214—271 |
| Hoofstuk XIV. | Ontslag van beskuldigdes | 272—276 |
| Hoofstuk XV. | Vorige skuldigbevindings | 277—284 |
| Hoofstuk XVI. | Aktes van beskuldiging, dagvaardings en aanklagte | 285—309 |
| Hoofstuk XVII. | Strawwe | 310—343 |
| Hoofstuk XVIII. | Koste, vergoeding en teruggawe van goedere | 344—348 |
| Hoofstuk XIX. | Appèlle in die gevalle van strafsake voor hoër howe | 349—357 |
| Hoofstuk XX. | Begenadiging en strafversagting | 358—361 |
| Hoofstuk XXI. | Algemene en aanvullende bepalings | 362—378 |


BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section *twenty-six* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act 42 of 1925), of the Republic of South Africa, as follows:—

1. In this Ordinance unless the context otherwise indicates —

"Administrator" means Administrator as defined in section *one* of the Magistrates' Courts Ordinance, 1963;

"aggravating circumstances" in relation to —

(a) any offence of housebreaking or attempted housebreaking with intent to commit an offence, means the possession of a dangerous weapon or the commission of or any threat to commit an assault, by the offender or an accomplice on the occasion when the offence is committed, whether before, during or after the commission thereof;

(b) robbery or an attempt to commit robbery means the infliction of grievous bodily harm or any threat to inflict such harm by the offender or an accomplice, on the occasion when the offence is committed whether before, during or after the commission thereof;

"attorney-general" means the attorney-general for the Territory;

"charge" includes any indictment or summons;

"counsel" includes an attorney in proceedings before a superior court in which such attorney has the right of audience;

"court" in relation to any matter means the judicial authority which under this Ordinance or any other law has jurisdiction in respect of that matter and includes a magistrate holding a preparatory examination under Chapter VI;

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Staatspresident dermate sodanige toestemming nodig is, vooraf verkreë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepalings van artikel *ses-en-twintig* van die Zuidwest Afrika Konstitutie Wet 1925 (Wet 42 van 1925) van die Republiek van Suid-Afrika, VERORDEN:—

1. In hierdie ordonnansie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

„Administrateur" die Administrateur soos bepaal in artikel *een* van die Ordonnansie op Landdroshowe 1963;

„verswarende omstandighede" met betrekking tot —

(a) 'n misdryf van huisbraak met die doel om 'n misdryf te pleeg of 'n poging daartoe, die besit van 'n gevaarlike wapen of die pleeg van aanranding of 'n dreigement om aanranding te pleeg deur die oortreder of 'n medepligtige by die geleentheid wanneer die misdryf gepleeg word, hetsy voor, gedurende of na die pleeg daarvan;

(b) roof of 'n poging tot roof, die toediening van ernstige besering of 'n dreigement om iemand ernstig te beseer deur die oortreder of 'n medepligtige, by die geleentheid wanneer die misdryf gepleeg word, hetsy voor, gedurende of na die pleeg daarvan;

„Prokureur-generaal" die Prokureur-generaal van die Gebied;

„aanklag" ook 'n akte van beskuldiging of dagvaarding;

„advokaat" ook 'n prokureur in sake voor 'n hoër hof waar so 'n prokureur die reg het om gehoor te word;

„hof" met betrekking tot 'n aangeleentheid die regterlike gesag wat kragtens hierdie ordonnansie of enige ander wet ten opsigte van daardie aangeleentheid regsbevoegdheid besit en ook 'n landdros wat ingevolge hoofstuk VI 'n voorlopige ondersoek hou;

"criminal proceedings" includes a preparatory examination held under Chapter VI;

"day" (or "day time") when used in contradistinction to "night" (or "night time") means the space of time between sunrise and sunset;

"Gazette" means the Government Gazette of the Republic;

"inferior court" means a magistrate's court, a court of a native commissioner, and includes any court (other than a superior court) upon which criminal jurisdiction is conferred by law, but does not include a court of a native chief or native headman;

"justice" means a commissioned officer of police;

"magistrate" includes an additional or an assistant magistrate;

"member of the Prisons Service" means a member of the Prisons Service as defined in section *one* of the Prisons Act, 1959;

"money" includes all coined money whether current in the Territory or not, and all bank-notes, bank-drafts, cheques, orders, warrants, or any other authority whatever for the payment of money;

"night" (or "night time") when used in contradistinction to "day" (or "day time") means the space of time between sunset and sunrise;

"offence" means an act or omission punishable by law;

"peace officer" includes any magistrate or justice; a sheriff or a deputy sheriff; any policeman; any member of the Prisons Service; a passport control officer; any officer appointed or assigned under any law for the management of any location, native village or native hostel and his assistants; any duly appointed inspector of any native location or mission reserve established under any law; any duly appointed inspector for the supervision and control of the residence of natives upon private property; any manager or superintendent of an emergency camp established by a local authority under any law relating to the prevention of illegal squatting and his assistants; any pass officer and any person authorized in terms of any law relating to the control of natives in urban areas to demand the production of documents under such law; any inspector of native labourers appointed under any law relating to native labour; a chief or headman, or acting chief or headman appointed in terms of any law;

"person" and "owner" when used in relation to property includes the State;

"policeman" includes any commissioned officer, non-commissioned officer, constable or trooper of a police force established under any law or of any body of persons carrying out under any law the powers, duties and functions of a police force in the Territory, and "police" has a corresponding meaning;

"premises" includes any land, building or structure or any vehicle, conveyance, ship or boat;

"prescribed" means prescribed under this Ordinance;

"private prosecutor" means any public body or person who in terms of section *eleven* or *twelve* has the right to prosecute in respect of any offence;

"public prosecutor" includes any person delegated generally or specially by the attorney-general under this Ordinance;

"reform school" means a reform school as described in section *one* of the Children's Ordinance, 1961 (Ordinance 31 of 1961) and section *one* of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960) of the Republic;

"Republic" means the Republic of South Africa;

"rules of court" means the rules made under section *three hundred and seventy-six* or referred to in section *twenty-three* of the Magistrates' Courts Ordinance, 1963 or made under section *twenty-four* of that Ordinance or made under or kept in force by section *forty-three* of the Supreme Court Act, 1959 (Act 59 of 1959), as the case may be;

„strafsaak" ook 'n voorlopige ondersoek wat ingevolge hoofstuk VI gehou word;

„dag" wanneer in teenstelling met „nag" gebesig, die tydsverloop tussen sonop en sononder;

„*Staatskoerant*" die *Staatskoerant van* die Republiek;

„laer hof" 'n landdroshof, 'n naturellekommissarishof en ook enige hof (wat nie 'n hoër hof is nie) waaraan regsbevoegdheid in strafsake regtens verleen word, maar nie 'n hof van 'n naturelleopperhoof of 'n naturellehoofman nie;

„vrederegter" 'n kommissieoffisier van die polisie;

„landdros" ook 'n addisionele of assistent-landdros;

„lid van die Gevangenisdiens" 'n lid van die Gevangenisdiens soos bepaal in artikel *een* van die Wet op Gevangenisse 1959;

„geld" ook alle gemunte geld, hetsy in die Gebied gangbaar of nie, en alle banknote, bankwissels, tjeks, orders, betaalbriewe of enige ander magtiging hoegenaamd vir die uitbetaling van geld;

„nag", wanneer in teenstelling met „dag" gebesig, die tydsverloop tussen sononder en sonop;

„misdryf" 'n handeling of versuim wat regtens strafbaar is;

„vredesbeampte" ook 'n landdros of vrederegter; 'n balju of onderbalju; 'n polisiebeampte; 'n lid van die Gevangenisdiens; 'n paspoortbeheerbeampte; 'n beampte ingevolge 'n wetsbepaling aangestel of aangewys vir die bestuur van 'n lokasie, naturelledorp of naturelletehuis en sy assistente; 'n behoorlik aangestelde inspekteur van 'n naturellelokasie of sendingreserwe ingevolge 'n wetsbepaling ingestel; 'n behoorlik aangestelde inspekteur om oor die verblyf van naturelle op private eiendom toesig te hou en beheer uit te oefen; 'n bestuurder of superintendent van 'n noodhulpkamp opgerig deur 'n plaaslike bestuur ingevolge 'n wetsbepaling op die voorkoming van onwettige plakkery en sy assistente; 'n pasbeampte en enigiemand wat ingevolge 'n wetsbepaling op die beheer van naturelle in stedelike gebiede gemagtig is om die voorlegging van dokumente wat by sodanige wetsbepaling voorgeskryf word, op te eis; 'n inspekteur van naturellearbeiders aangestel kragtens 'n wetsbepaling op naturellearbeid; 'n kragtens wet aangestelde naturelleopperhoof of hoofman of waarnemende naturelleopperhoof of hoofman;

„persoon" en „eienaar" wanneer met betrekking tot eiendom gebesig, ook die Staat;

„polisiebeampte" ook 'n kommissieoffisier, onderoffisier, konstabel of berede manskap van 'n by wet ingestelde polisiemag of van 'n liggaam van persone wat ingevolge enige wetsbepaling die bevoegdhede, pligte en werksaamhede van 'n polisiemag in die Gebied uitvoer, en het „polisie" 'n ooreenstemmende betekenis;

„perseel" ook grond, 'n gebou of bouwerk of 'n voertuig, vervoermiddel, skip of boot;

„voorgeskryf" ingevolge hierdie ordonnansie voorgeskryf;

„private aanklaer" 'n openbare liggaam of persoon wat ingevolge artikel *elf* of *twaalf* die reg het om ten opsigte van 'n misdryf te vervolg;

„staatsaanklaer" ook iemand wat in die algemeen of spesiaal deur die Prokureur-generaal kragtens hierdie ordonnansie aangestel is;

„verbeteringskool" 'n verbeteringskool soos bepaal in artikel *een* van die Kinderordonnansie 1961 (Ordonnansie 31 van 1961) en artikel *een* van die Kinderwet 1960 (Wet 33 van 1960) van die Republiek;

„Republiek" die Republiek van Suid-Afrika;

„hofreëls" die reëls kragtens artikel *driehonderd ses-en-sewentig* uitgevaardig of bedoel in artikel *drie-en-twintig* van die Ordonnansie op Landdroshowe 1963 of uitgevaardig kragtens artikel *vier-en-twintig* van daardie ordonnansie of uitgevaardig of in werking gehou kragtens artikel *drie-en-veertig* van die Wet op die Hooggeregshof 1959 (Wet 59 van 1959) na gelang;

"State President" means the State President of the Republic;

"superior court" means the Supreme Court and includes a special court constituted under the provisions of Chapter VIII;

"Supreme Court" means the South West Africa Division of the Supreme Court of South Africa;

"the Mental Disorders Act, 1916" means the Mental Disorders Act, 1916 (Act 38 of 1916) of the Republic as applied to the Territory by the South West Africa Mental Disorders Act, 1926 (Act 22 of 1926) of the Republic;

"the Prisons Act, 1959" means the Prisons Act, 1959 (Act 8 of 1959) of the Republic as applied to the Territory by Union Proclamation 271 of 1959;

"this Ordinance" includes any regulations or rules of court or forms made or prescribed thereunder.

"valuable security" includes any document which is the property of any person, and which is the evidence of the ownership of any property or of the right to recover or receive any property.

2. (1) The provisions of every Chapter of this Ordinance, except Chapters VI, VIII and XIX, shall, unless any such provision is clearly applicable only to proceedings in a superior court, apply to all criminal proceedings in an inferior court.

(2) The provisions of every Chapter of this Ordinance except Chapter VI, shall, unless any such provision is clearly applicable only to proceedings in an inferior court, apply to all criminal proceedings in a superior court.

## CHAPTER I.

## CRIMINAL JURISDICTION OF COURTS.

3. The jurisdiction of any superior court in respect of the trial of any person charged with any offence shall be as prescribed in the law relating to the constitution and jurisdiction of that court.

4. The jurisdiction of any inferior court in respect of the trial of any person charged with any offence (whether as to the nature of the offence, the area within which it is alleged to have been committed, and the maximum punishment which may be imposed therefor, the review of and appeals against convictions and sentences of such court and the manner of enforcing the process, orders and sentences of such court) shall be as prescribed in the law relating to the constitution, powers and jurisdiction of that court.

## CHAPTER II.

## PROSECUTION AT THE PUBLIC INSTANCE.

### ATTORNEY-GENERAL.

5. (1) The Administrator shall, subject to the laws relating to the public service, appoint an attorney-general for the Territory who is vested with the sole right and entrusted with the duty of prosecuting in the name of the State, in any court in respect of any offence which is alleged to have been committed within the jurisdiction of the Supreme Court.

(2) Any person who at the commencement of this Ordinance holds office as attorney-general for the Territory shall be deemed to have been appointed as such under sub-section (1).

(3) Any reference in any law to the Crown Prosecutor shall be deemed to be a reference to the attorney-general.

6. The attorney-general may personally, or by any other person delegated by him, appear at any preparatory examination held under Chapter VI, or conduct any prosecution before any court.

7. If through any cause whatsoever the person appointed to conduct a prosecution before any court or to appear at a preparatory examination is unable to act or if no person has been so appointed, the officer presiding over such court or examination shall, by writing under his hand designate some fit and proper person to conduct that prosecution, or, as the case may be, to appear at that preparatory examination.

„Staatspresident" die Staatspresident van die Republiek;

„hoër hof" die Hooggeregshof en ook 'n spesiale hof kragtens die bepalings van hoofstuk VIII saamgestel;

„Hooggeregshof" die Suidwes-Afrika-afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika;

„Wet op Geestesgebreken 1916" die Wet op Geestesgebreken 1916 (Wet 38 van 1916) van die Republiek soos op die Gebied toegepas by die Wet op Geestesgebreke in Suidwes-Afrika 1926 (Wet 22 van 1926) van die Republiek;

„Wet op Gevangenisse 1959" die Wet op Gevangenisse 1959 (Wet 8 van 1959) van die Republiek soos op die Gebied toegepas by Unie-Proklamasie 271 van 1959;

„hierdie ordonnansie" ook enige regulasies of hofreëls of vorms wat uit hoofde daarvan uitgevaardig of voorgeskryf is;

„geldwaardige sekuriteit" ook enige dokument wat die eiendom van iemand is en wat tot bewys strek van die eiendomsreg op goed of van die reg om goed te verhaal of te ontvang.

2. (1) Die bepalings van elke hoofstuk van hierdie ordonnansie, behalwe hoofstukke VI, VIII en XIX, is van toepassing op alle sake in 'n laer hof, tensy so 'n bepaling klaarblyklik slegs op 'n saak in 'n hoër hof van toepassing is.

(2) Die bepalings van elke hoofstuk van hierdie ordonnansie, behalwe hoofstuk VI, is van toepassing op alle strafsake in 'n hoër hof, tensy so 'n bepaling klaarblyklik slegs op 'n saak in 'n laer hof van toepassing is.

## HOOFSTUK I.

## REGSBEVOEGHEID VAN HOWE IN STRAFSAKE

3. Die regsbevoegdheid van 'n hoër hof ten opsigte van die verhoor van iemand wat weens 'n misdryf aangekla word, is soos voorgeskryf in die wetsbepalings op die instelling en regsbevoegdheid van daardie hof.

4. Die regsbevoegdheid van 'n laer hof ten opsigte van die verhoor van iemand wat weens 'n misdryf aangekla word (hetsy wat betref die aard van die misdryf, die gebied waarin dit na bewering gepleeg is en die hoogste straf wat daarvoor opgelê kan word, die hersiening van en appèlle teen skuldigbevindings en vonnisse van die hof en die wyse van tenuitvoerlegging van die prosesstukke, bevele en vonnisse van die hof) is soos voorgeskryf in die wetsbepaling op die instelling, bevoegdhede en regsbevoegdheid van daardie hof.

## HOOFSTUK II.

## VERVOLGING VAN STAATSWEË

### PROKUREUR-GENERAAL

5. (1) Behoudens die wetsbepalings op die staatsdiens stel die Administrateur 'n Prokureur-generaal vir die Gebied aan wat die alleenreg het, en aan wie die plig toevertrou is, om in die naam van die Staat in enige hof te vervolg ten opsigte van 'n misdryf wat na bewering binne die regsgebied van die Hooggeregshof gepleeg is.

(2) Iemand wat by die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie die amp van Prokureur-generaal van die Gebied beklee, word beskou as ingevolge subartikel (1) as sodanig aangestel.

(3) 'n Verwysing in 'n wet na die Kroonvervolger word beskou as 'n verwysing na die Prokureur-generaal.

6. Die Prokureur-generaal kan self, of deur iemand wat hy aanstel, verskyn by enige voorlopige ondersoek ingevolge hoofstuk VI gehou, of enige vervolging voor enige hof lei.

7. As die persoon wat aangestel is om 'n vervolging voor 'n hof waar te neem of om by 'n voorlopige ondersoek te verskyn, om enige rede hoegenaamd nie kan optree nie, of as niemand aldus aangestel is nie, wys die beampte wat by daardie hof of ondersoek voorsit, skriftelik onder sy handtekening 'n geskikte en bevoegde persoon aan om daardie vervolging waar te neem of om by daardie voorlopige ondersoek te verskyn, na gelang.

8. (1) The attorney-general, or with his consent, any person delegated under section *six* or designated under section *seven*, may, at any time before conviction, stop any prosecution commenced at the public instance within the area of jurisdiction of the attorney-general.

(2) An accused who has pleaded to a charge in respect whereof the prosecution has so been stopped, shall be entitled to a verdict of acquittal in respect of that charge.

9. (1) The attorney-general may order the liberation of any person committed to prison for further examination, sentence or trial.

(2) Any order in writing setting forth that the attorney-general sees no grounds for prosecuting the person named therein and signed by him, shall be a sufficient warrant for the liberation of that person.

## LOCAL PUBLIC PROSECUTOR.

10. (1) A public prosecutor attached to an inferior court shall, as the representative of the attorney-general and subject to his instructions, prosecute in that inferior court, in the name of the State, in respect of all offences which that inferior court has jurisdiction by law to try.

(2) Criminal proceedings instituted in any inferior court by any local public prosecutor may be continued by any other public prosecutor.

## CHAPTER III.

## PRIVATE PROSECUTIONS.

11. In any case in which the attorney-general declines to prosecute for an alleged offence —

(a) any private person who proves some substantial and peculiar interest in the issue of the trial arising out of some injury which he individually suffered in consequence of the commission of the said offence; or

(b) a husband, if the said offence was committed against his wife; or

(c) the legal guardian or curator of a minor or lunatic, if the said offence was committed against his ward; or

(d) the wife or child or, if there is no wife or child, any of the next of kin of any deceased person, if the death of such person is alleged to have been caused by the said offence,

may, subject to the provisions of sections *fourteen* and *fifteen* prosecute in any court competent to try the said offence, the person alleged to have committed it.

12. Any public body or any person on whom the right to prosecute in respect of any offence is expressly conferred by law, may prosecute in any court competent to try the said offence, the person alleged to have committed it.

13. Whenever any private prosecutor desires to prosecute for any offence any person for whose liberation from prison any warrant has been issued by the attorney-general, such private prosecutor may apply to a superior court or, in case such court is not then in session, to any judge thereof, for a warrant for the further detention or, if he is on bail, for the detention of such person and such court or judge shall make such order as to it or him seems right under the circumstances.

14. No private prosecutor referred to in section *eleven* shall obtain the process of any court for summoning any person to answer any charge, unless such private prosecutor produces to the officer authorized by law to issue such process, a certificate signed by the attorney-general that he has seen the statements or affidavits on which the charge is based and declines to prosecute at the public instance; and in every case in which the attorney-general declines to prosecute he shall, at the request of the person intending to prosecute, grant the certificate aforesaid.

8. (1) Die Prokureur-generaal, of met sy toestemming die persoon aangestel ingevolge artikel *ses* of aangewys ingevolge artikel *sewe*, kan te eniger tyd voor skuldigbevinding 'n vervolging wat van staatsweë binne die regsgebied van die Prokureur-generaal ingestel is, staak.

(2) 'n Beskuldigde wat reeds gepleit het op 'n aanklag ten opsigte waarvan die vervolging aldus gestaak is, het ten opsigte van daardie aanklag die reg op vryspraak.

9. (1) Die Prokureur-generaal kan die vrystelling gelas van iemand wat vir verdere ondersoek, vonnis of ter strafsitting na 'n gevangenis verwys is.

(2) 'n Skriftelike bevel waarin vermeld word dat die Prokureur-generaal nie oortuig is dat daar gronde bestaan om die daarin genoemde persoon te vervolg nie en wat deur hom onderteken is, is voldoende magtiging vir die vrystelling van daardie persoon.

## PLAASLIKE STAATSAANKLAER

10. (1) 'n Staatsaanklaer verbonde aan 'n laer hof neem, as verteenwoordiger van die Prokureur-generaal en onderhewig aan sy opdragte, vervolgings in daardie laer hof waarin die naam van die Staat ten opsigte van alle misdrywe wat daardie laer hof regtens bevoeg is om te bereg.

(2) 'n Strafsaak wat deur 'n plaaslike staatsaanklaer by 'n laer hof ingestel is, kan deur enige ander staatsaanklaer voortgesit word.

## HOOFSTUK III.

## PRIVATE VERVOLGINGS

11. In 'n geval waar die Prokureur-generaal weier om weens 'n beweerde misdryf te vervolg, kan —

(a) 'n private persoon wat 'n wesenlike en besondere belang in die uitslag van die beregting bewys wat voortspruit uit skade wat hy persoonlik gely het weens die pleeg van die bedoelde misdryf; of

(b) 'n eggenoot, as die bedoelde misdryf teen sy vrou gepleeg is; of

(c) die wetlike voog of kurator van 'n minderjarige of 'n kranksinnige, as die bedoelde misdryf teen sy pupil gepleeg is; of

(d) die eggenote of kind of, as daar geen eggenote of kind is nie, enigeen van die naasbestaandes van 'n oorledene, as die oorledene se dood na bewering deur die bedoelde misdryf veroorsaak is,

behoudens die bepalings van artikels *veertien* en *vyftien*, die persoon wat dit na bewering gepleeg het, vervolg in 'n hof wat bevoeg is om die bedoelde misdryf te bereg.

12. 'n Openbare liggaam of iemand aan wie die reg om ten opsigte van 'n misdryf te vervolg uitdruklik by wet verleen word, kan die persoon wat dit na bewering gepleeg het, vervolg in 'n hof wat bevoeg is om die bedoelde misdryf te bereg.

13. Wanneer 'n private aanklaer iemand vir wie se vrystelling uit 'n gevangenis die Prokureur-generaal 'n lasbrief uitgereik het, weens 'n misdryf wil vervolg, kan so 'n private aanklaer om 'n lasbrief vir verdere aanhouding, of, as hy onder borgtog vrygelaat is, vir die aanhouding van daardie persoon aansoek doen by 'n hoër hof, of, as so 'n hof nie dan sitting hou nie, by 'n regter daarvan, en daardie hof of regter moet die bevel uitreik wat hy onder die omstandighede goedvind.

14. Geen private aanklaer bedoel in artikel *elf* is op geregtelike prosesstukke vir die dagvaarding van iemand om 'n aanklag te verantwoord, geregtig nie tensy daardie private aanklaer aan die beampte wat regtens bevoeg is om daardie prosesstukke uit te reik, 'n sertifikaat onderteken deur die Prokureur-generaal voorlê ten effekte dat hy die verklarings of beëdigde verklarings waarop die aanklag gegrond is, ter insae gehad het en weier om van staatsweë te vervolg; en in elke geval waar die Prokureur-generaal weier om te vervolg, moet hy op versoek van die persoon wat voornemens is om te vervolg, die bedoelde sertifikaat toestaan.

15. No private prosecutor referred to in section *eleven* shall take any proceedings under the right conferred upon him by this Chapter until he —

(a) has, if the prosecution is in a superior court, deposited the sum of one hundred rand or entered into a recognizance in the sum of one hundred rand with two sufficient sureties in the sum of fifty rand each, to be approved by the court in which the proceedings are to be instituted, as security that he will prosecute the charge against the accused to a conclusion without delay; and

(b) has in any prosecution given security, in such amount and in such manner as the court may direct, that he will pay the accused such costs incurred by him in respect of his defence to the charge, as the court before which the case is tried may order him to pay.

16. (1) If the private prosecutor does not appear on the day appointed for the trial of any accused, the charge or complaint against that accused shall be dismissed unless the court has reason to believe that the private prosecutor was prevented from being present by circumstances beyond his control, in which case it may adjourn the hearing of the case to some future date.

(2) In case of any such dismissal as aforesaid, the accused shall not be liable to be prosecuted again on the same charge by any private prosecutor, but no such dismissal shall prevent the attorney-general, or a public prosecutor on the instructions of the attorney-general, from thereafter prosecuting the accused at the public instance.

17. A private prosecution shall, subject to the provisions of this Ordinance be proceeded with in the same manner as if it were a prosecution conducted at the public instance, save that all costs and expenses of the prosecution shall be paid by the person prosecuting, subject to any order that the court may make when the prosecution is finally concluded.

18. The attorney-general or the local public prosecutor may, in any case of a prosecution at the instance of a private prosecutor, apply by motion to any court before which the prosecution is pending, to stop all further proceedings in the case, in order that a prosecution for the offence concerned may be instituted or continued at the public instance; and such court shall, in every such case, make an order in terms of the motion.

19. The registrar or clerk of the court shall, in every prosecution at the instance of a private prosecutor, demand and receive the prescribed fees for the service of any criminal summons or subpoena or the execution of any warrant of arrest or other criminal process.

20. (1) Where a person prosecuted at the instance of a private prosecutor is acquitted, the court in which the prosecution was brought, may order the private prosecutor to pay to the person prosecuted the whole or any part of the expenses (including the costs both before and after committal) incurred by him in connection with the prosecution.

(2) Where the court is of the opinion that a private prosecution was unfounded and vexations, it shall award to the person prosecuted on his request such costs as it may think fit.

## CHAPTER IV.

## ARRESTS

## WITHOUT WARRANT.

21 (1) Any judge of a superior court or any magistrate or justice in whose presence an offence is committed, may himself arrest the offender or verbally authorize others so to do.

(2) The persons so authorized shall follow the offender if he flees, and may arrest him out of the presence of such judge, magistrate or justice.

22. (1) Any peace officer may, without warrant, arrest —

15. Geen private aanklaer bedoel in artikel *elf* mag enige stappe ingevolge die reg in hierdie hoofstuk aan hom verleen, doen nie voordat hy —

(a) as die vervolging voor 'n hoër hof plaasvind, 'n bedrag van eenhonderd rand gestort het of 'n borgakte ten bedrae van eenhonderd rand met twee toereikende borge ten bedrae van vyftig rand elk (wat goedgekeur moet word deur die hof waarin die saak aanhangig gemaak staan te word) aangegaan het as sekerheid dat hy sonder versuim die vervolging ten opsigte van die aanklag teen die beskuldigde tot 'n einde sal voer; en

(b) in enige vervolging sekerheid gestel het vir 'n bedrag en op die wyse wat die hof moontlik gelas, dat hy aan die beskuldigde die koste sal betaal wat die beskuldigde ten opsigte van sy verdediging teen die aanklag aangegaan het, en wat die hof wat die saak bereg, hom moontlik beveel om te betaal.

16. (1) As die private aanklaer nie verskyn op die dag wat vir die verhoor van 'n beskuldigde bepaal is nie, word die aanklag of klagte teen daardie beskuldigde van die hand gewys tensy die hof rede het om aan te neem dat die private aanklaer deur omstandighede buite sy beheer verhinder is om teenwoordig te wees, en in so 'n geval kan die hof die verhoor van die saak tot 'n toekomstige datum uitstel.

(2) Waar 'n aanklag of klagte soos voormeld van die hand gewys word, kan die beskuldigde nie weer ten opsigte van dieselfde aanklag deur 'n private aanklaer vervolg word nie, maar dit verhinder die Prokureur-generaal, of 'n staatsaanklaer in opdrag van die Prokureur-generaal, nie om die beskuldigde daarna van staatsweë te vervolg nie.

17. 'n Private vervolging word, behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie, gevoer op dieselfde wyse asof dit 'n vervolging was wat van staatsweë gevoer word behalwe dat, behoudens enige bevel wat die hof moontlik uitreik wanneer die vervolging finaal afgesluit is, alle koste en uitgawes verbonde aan die vervolging betaal word deur die persoon wat vervolg.

18. In elke geval van 'n vervolging deur 'n private aanklaer kan die Prokureur-generaal of die plaaslike staatsaanklaer by enige hof waar die vervolging aanhangig is, by wyse van 'n mosie aansoek doen om die staking van alle verdere verrigtinge in die saak sodat 'n vervolging weens die betrokke misdryf van staatsweë ingestel of voortgesit kan word; en so 'n hof moet in elke sodanige geval 'n bevel ooreenkomstig die mosie uitreik.

19. By elke vervolging deur 'n private aanklaer moet die griffier of die klerk van die hof vir die bestelling van 'n strafregtelike dagvaarding of getuiedagvaarding of die tenuitvoerlegging van 'n lasbrief vir arres of ander strafregtelike prosesstukke die voorgeskrewe gelde eis en ontvang.

20. (1) Wanneer iemand wat deur 'n private aanklaer vervolg word, vrygespreek word, kan die hof waarin die vervolging ingestel is, die private aanklaer gelas om aan die vervolgde persoon al die koste of 'n deel daarvan (met inbegrip van die koste voor sowel as na verwysing) deur hom in verband met die vervolging aangegaan, te betaal.

(2) Wanneer die hof meen dat 'n private vervolging ongegrond is en uit kwelsug ingestel is, moet hy aan die vervolgde persoon op sy versoek koste na goeddunke toeken.

## HOOFSTUK IV.

## INHEGTENISNEMING

## SONDER LASBRIEF

21. (1) 'n Regter van 'n hoër hof of 'n landdros of vrederegter in wie se teenwoordigheid 'n misdryf gepleeg word, kan self die oortreder in hegtenis neem of ander persone mondeling magtig om dit te doen.

(2) Die aldus gemagtigde persone moet die oortreder agtervolg as hy vlug en kan hom buite die teenwoordigheid van so 'n regter, landdros of vrederegter in hegtenis neem.

22. (1) 'n Vredesbeampte kan sonder lasbrief iemand in hegtenis neem —

(a) any person who commits any offence in his presence;
(b) any person whom he has reasonable grounds to suspect of having committed an offence mentioned in the First Schedule;
(c) any person whom he finds attempting to commit an offence or clearly manifesting an intention so to do;
(d) any person having in his possession any implement of house-breaking, and not being able to account satisfactorily for such possession;
(e) any person in whose possession anything is found which it is reasonably suspected is stolen property or property dishonestly obtained, and who is reasonably suspected of having committed an offence with respect to such thing;
(f) any person who obstructs him in the execution of his duty, or who has escaped or attempts to escape from lawful custody;
(g) any person reasonably suspected of being a deserter from the South African Defence Force;
(h) any person who has been concerned in, or against whom a reasonable complaint has been made or credible information has been received, or a reasonable suspicion exists of his having been concerned in any act committed at any place outside the Territory, which if committed in the Territory would have been punishable as an offence, and for which he is, under any law relating to extradition or fugitive offenders or otherwise, liable to be apprehended or detained in custody in the Territory;
(i) any person being or loitering in any place by night under such circumstances as to afford reasonable grounds for believing that he has committed or is about to commit an offence;
(j) any person reasonably suspected of committing or having committed an offence under any law governing the making, supply, possession or conveyance of intoxicating liquor or of habit forming drugs or the possession or disposal of arms or ammunition;
(k) any person reasonably suspected of being a prohibited person in the Republic or the Territory, for the purpose of any law regulating entry into or residence in the Republic or the Territory;
(l) any person found in any gambling house or at any gambling table, the keeping or visiting whereof is in contravention of any law for the prevention or suppression of gambling or games of chance;
(m) any person reasonably suspected of being or having been in unlawful possession of stock or produce, as defined in any law relating to the prevention of theft of stock or produce;
(n) any person reasonably suspected of having failed to observe any condition imposed in postponing the passing of sentence or in suspending the operation of any sentence under this Ordinance;
(o) any person reasonably suspected of having failed to pay any fine or portion thereof on the date fixed by order of court under this Ordinance;
(p) any person who fails to surrender himself in order that he may undergo periodical imprisonment when and where he is required to do so under an order of court or under the laws relating to prisons.

(2) Whenever it is provided in any law that the arrest of any person may be made by a police officer or constable or other official without warrant, subject to conditions or to the existence of circumstances in that law set forth, an arrest by any peace officer, without warrant or order may be made of such person, subject to those conditions or the existence of those circumstances.

(3) A peace officer may call upon —
(a) any person whom he has power to arrest;
(b) any person reasonably suspected of having committed an offence; and

(a) wat 'n misdryf in sy teenwoordigheid pleeg;
(b) wat hy op redelike gronde daarvan verdink dat hy 'n misdryf genoem in die eerste bylae gepleeg het;
(c) wat hy betrap terwyl hy 'n poging aanwend om 'n misdryf te pleeg of klaarblyklik 'n voorneme openbaar om dit te doen;
(d) wat enige huisbraakgereedskap in sy besit het en geen bevredigende rekenskap van sodanige besit kan gee nie;
(e) in wie se besit iets gekry word wat redelikerwyse vermoed word gesteelde goedere te wees of goedere wat oneerlik verkry is en wat redelikerwyse daarvan verdink word dat hy 'n misdryf ten opsigte daarvan gepleeg het;
(f) wat hom in die uitvoering van sy pligte belemmer, of wat uit wettige bewaring ontsnap het of 'n poging aanwend om uit wettige bewaring te ontsnap;
(g) wat redelikerwyse daarvan verdink word dat hy 'n droster uit die Suid-Afrikaanse Weermag is;
(h) wat betrokke was by, of teen wie 'n redelike klagte ingedien is of geloofwaardige inligting ontvang is, of ten opsigte van wie daar redelike verdenking bestaan dat hy betrokke was by, 'n daad op 'n plek buite die Gebied gepleeg wat, as dit binne die Gebied gepleeg was, as misdryf strafbaar sou gewees het, en waarvoor hy ingevolge 'n wetsbepaling op uitlewering of voortvlugtige oortreders of andersins in die Gebied in hegtenis geneem of in hegtenis aangehou kan word;
(i) wat gedurende die nag op 'n plek verkeer of daar rondslenter onder omstandighede wat redelike gronde skep vir die vermoede dat hy 'n misdryf gepleeg het of op die punt staan om 'n misdryf te pleeg;
(j) wat redelikerwyse daarvan verdink word dat hy 'n misdryf ingevolge 'n wetsbepaling op die vervaardiging, verskaffing, besit of vervoer van bedwelmende drank of van gewoontevormende verdowingsmiddels of op die besit van of beskikking oor wapens of ammunisie, pleeg of gepleeg het;
(k) wat redelikerwyse daarvan verdink word dat hy, by die toepassing van 'n wetsbepaling wat binnekoms of verblyf in die Republiek of die Gebied reël, 'n verbode persoon in die Republiek of die Gebied is;
(l) wat gevind word in 'n dobbelhuis of by 'n dobbeltafel waarvan die aanhou of besoek 'n oortreding uitmaak van 'n wetsbepaling ter voorkoming of onderdrukking van dobbelary of gelukspele;
(m) wat redelikerwyse daarvan verdink word dat hy in onwettige besit is of was van vee of produkte soos bepaal in enige wet op die voorkoming van die diefstal van vee of produkte;
(n) wat redelikerwyse daarvan verdink word dat hy versuim het om 'n voorwaarde na te kom wat by die uitstel van die oplegging van 'n vonnis of by die opskorting van die tenuitvoerlegging van 'n vonnis ingevolge hierdie ordonnansie opgelê is;
(o) wat redelikerwyse daarvan verdink word dat hy versuim het om 'n boete of 'n gedeelte daarvan te betaal op die datum wat by hofbevel ingevolge hierdie ordonnansie bepaal is;
(p) wat versuim om hom oor te gee sodat hy periodieke gevangenisstraf kan ondergaan wanneer en waar hy verplig is om dit te doen ingevolge 'n hofbevel of ingevolge die wette op gevangenisse.

(2) Wanneer daar in 'n wet bepaal word dat die inhegtenisneming van iemand deur 'n polisie-offisier of konstabel of ander beampte sonder lasbrief kan plaasvind, onderworpe aan voorwaardes of die aanwesigheid van omstandighede wat in daardie wet vermeld word, kan so iemand deur 'n vredesbeampte sonder lasbrief of bevel in hegtenis geneem word, onderworpe aan daardie voorwaardes of die aanwesigheid van daardie omstandighede.

(3) 'n Vredesbeampte kan van —
(a) iemand wat hy bevoeg is om in hegtenis te neem;
(b) iemand wat redelikerwyse daarvan verdink word dat hy 'n misdryf gepleeg het; en

(c) any person who may, in his opinion, be able to give evidence in regard to the commission or suspected commission of any offence,

to furnish such peace officer with his full name and address.

(4) If any such person fails on such demand to furnish his full name and address, the peace officer making the demand may forthwith arrest him, and it any such person on such demand furnishes to such peace officer a name or address which such peace officer upon reasonable grounds suspects to be false, such person may be arrested and detained for a period not exceeding twelve hours until the name and address so furnished have been verified.

(5) Any person who, when called upon under the provisions of sub-section (3) or (4) to furnish his name and address, fails to do so or furnishes a false or incorrect name and address, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding sixty rand or to imprisonment for a period not exceeding three months.

23. Any officer, other than a peace officer, empowered by law to execute criminal warrants may, without warrant, arrest —

(a) any person who commits any offence in his presence;
(b) any person whom he has reasonable grounds to suspect of having committed an offence mentioned in the First Schedule;
(c) any person whom he finds attempting to commit an offence, or clearly manifesting an intention so to do.

24. (1) Any private person may, without warrant, arrest —

(a) any person who commits or attempts to commit in his presence an offence mentioned in the First Schedule;
(b) any person who to his knowledge recently committed an offence mentioned in the First Schedule;
(c) any person whom he has reasonable grounds to suspect of having committed an offence mentioned in the First Schedule;
(d) any person whom he believes on reasonable grounds to have committed any offence and to be escaping from and to be freshly pursued by a person whom such private person believes on reasonable grounds to have authority to arrest that person for that offence;
(e) any person whom he is by any law authorized to arrest without warrant in respect of any offence specified in that law;
(f) any person whom he sees engaged in an affray.

(2) Any private person who may, without warrant, arrest any person referred to in paragraph (a) or (b) of sub-section (1), may forthwith pursue that person and any other private person to whom the purpose of the pursuit has been made known, may join and assist therein.

(3) The owner or lawful occupier or a person who has the lawful custody or control of any property on which or in respect of which any person is found committing an offence and any person authorized thereto either generally or in a specific case, by such owner, occupier or person authorized thereto, may without warrant arrest the person so found.

25. Where anyone may, without warrant, arrest another for committing an offence, he may also arrest without warrant any person who offers to sell, pawn, or deliver to him any property which, on reasonable grounds, he believes to have been acquired by such person by means of any such offence.

26. Whenever a person arrest any other person without warrant, he shall forthwith inform the arrested person of the cause of the arrest.

27. (1) Any person arrested without warrant shall, as soon as possible, be brought to a police station or charge office and detained until a warrant is obtained for his further detention upon a charge of any offence

(c) iemand wat syns insiens moontlik getuienis kan aflê in verband met die pleeg of verdagte pleeg van 'n misdryf,

eis dat hy sy volle naam en adres aan sodanige vredesbeampte verstrek.

(4) As so iemand versuim om sy volle naam en adres te verstrek nadat so 'n eis aan hom gestel is, kan die vredesbeampte wat die eis gestel het, hom onverwyld in hegtenis neem, en as so iemand nadat so 'n eis aan hom gestel is, aan so 'n vredesbeampte 'n naam of adres verstrek wat bedoelde vredesbeampte redelikerwyse vermoed vals te wees, kan so iemand in hegtenis geneem word en vir 'n tydperk van hoogstens twaalf uur aangehou word totdat die juistheid van die aldus verstrekte naam en adres nagegaan is.

(5) Iemand wat versuim om sy naam en adres te verstrek of wat 'n valse of onjuiste naam en adres verstrek wanneer dit ingevolge die bepalings van subartikel (3) of (4) van hom geëis word, is aan 'n misdryf skuldig en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens sestig rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

23. Enige beampte, behalwe 'n vredesbeampte, wat die bevoegdheid regtens besit om strafregtelike lasbriewe ten uitvoer te lê, kan sonder lasbrief iemand in hegtenis neem wat —

(a) 'n misdryf in sy teenwoordigheid pleeg;
(b) hy op redelike gronde daarvan verdink dat hy 'n in die eerste bylae bedoelde misdryf gepleeg het;
(c) hy betrap terwyl hy 'n poging aanwend om 'n misdryf te pleeg of klaarblyklik 'n voorneme om dit te doen openbaar.

24. (1) 'n Private persoon kan sonder lasbrief iemand in hegtenis neem wat —

(a) in sy teenwoordigheid 'n in die eerste bylae bedoelde misdryf pleeg of 'n poging aanwend om dit te pleeg;
(b) na sy wete kort gelede 'n in die eerste bylae bedoelde misdryf gepleeg het;
(c) hy op redelike gronde daarvan verdink dat hy 'n in die eerste bylae bedoelde misdryf gepleeg het;
(d) na hy op redelike gronde vermoed, 'n misdryf gepleeg het en aan die vlug is van en onmiddellik agtervolg word deur iemand wat, na bedoelde private persoon op redelike gronde vermoed, die bevoegdheid besit om daardie persoon weens daardie misdryf in hegtenis te neem;
(e) hy ingevolge 'n wetsbepaling bevoeg is om sonder lasbrief in hegtenis te neem, ten opsigte van 'n in daardie wetsbepaling vermelde misdryf;
(f) hy aan die baklei sien.

(2) Any person from whom any such weapon is so taken may, if the magistrate upon whose warrant it was seized refuses upon application made for that purpose to restore it, apply to a judge of a superior court having jurisdiction, for the restoration of such weapon. Ten days' notice of such application shall be given to the magistrate and such judge shall make such order for the restoration or safe custody of such weapon as, upon such application, appears to him to be proper.

52. (1) If goods or things in respect or by means of which it is suspected that an offence relating to the forgery of trade marks or fraudulent marking of merchandise has been committed, are seized under a search warrant and brought before a magistrate, such magistrate shall determine summarily whether the same are not forfeited under the laws relating to the forgery of trade marks or fraudulent marking of merchandise.

(2) If the owner of any goods or things which, if the owner thereof had been convicted, would be forfeited under the laws aforesaid, is unknown or cannot be found, an information or complaint may be laid by a public prosecutor of the district in which the goods or things are seized for the purpose only of enforcing such forfeiture and the magistrate of that district shall cause a notice to be published in the *Official Gazette* and in a newspaper circulating in the district stating that, unless cause is shown to the contrary at the time and place named in the notice, such goods or things will be declared forfeited.

(3) At such time and place the magistrate may, unless the owner or any person on his behalf or other person interested in the goods or things shows cause to the contrary, declare such goods or things or any of them forfeited.

53. (1) If it appears to a magistrate on complaint made on oath by a parent, husband, relative or guardian

die landdros dat die voorwerp terugbesorg word aan die persoon uit wie se besit dit verwyder is, tensy hy regtens gemagtig of verplig is om anders daaroor te beskik.

(5) As die voorwerp aldus in beslag of besit geneem iets is wat vervals of nagemaak is of van so 'n aard is dat iemand wat dit sonder wettige magtiging of verskoning in sy besit het, aan 'n misdryf skuldig is, en as iemand vir verhoor verwys word weens 'n misdryf ten opsigte daarvan gepleeg of gepleeg onder die omstandighede soos voormeld en skuldig bevind word, dan kan die hof deur wie hy skuldig bevind word, of in enige ander geval enige regter of landdros, dit onleesbaar laat maak of laat vernietig of, as dit enige waarde besit, na die Tesourie laat stuur, sodra dit blyk dat dit nie, of nie meer, as bewysstuk teen die persoon wat dit in sy besit gehad het, vereis word nie.

(6) As die voorwerp aldus in beslag of besit geneem is ten aansien van 'n misdryf wat in 'n land of gebied buite die Gebied gepleeg is of op redelike gronde vermoed word gepleeg te gewees het, kan die landdros op aansoek en as hy oortuig is dat bedoelde misdryf in daardie land of gebied met die dood of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van twaalf maande of langer of met 'n boete van tweehonderd rand of meer strafbaar is, gelas dat bedoelde voorwerp aan 'n lid van 'n in daardie land of gebied ingestelde polisiemag oorhandig word wat dit daarna uit die Gebied kan verwyder.

(7) Wanneer die voorwerp aldus uit die Gebied verwyder aan die landdros terugbesorg word of wanneer die landdros weier om te gelas dat die voorwerp oorhandig moet word soos voormeld, laat hy die voorwerp terugbesorg aan die persoon uit wie se besit dit geneem is tensy hy regtens gemagtig of verplig is om anders daaroor te beskik.

51. (1) As 'n wapen wat vermoed word 'n bedreiging vir die openbare rus in te hou, ingevolge 'n visenteringslasbrief in beslag geneem word, moet dit in veilige bewaring op 'n plek wat die landdros gelas, gehou word tensy die eienaar van die wapen bewys tot oortuiging van die landdros lewer dat dit nie vir 'n doel wat 'n bedreiging vir die openbare rus inhou, aangehou is nie.

(2) Iemand van wie so 'n wapen aldus verwyder is, kan, as die landdros ingevolge wie se lasbrief dit in beslag geneem is, weier om dit terug te besorg nadat aansoek daarom gedoen is, by 'n regter van 'n hoër hof wat regsbevoegdheid besit, aansoek doen om die terugbesorging van daardie wapen. Van so 'n aansoek moet tien dae kennis aan die landdros gegee word, en die regter reik met betrekking tot die terugbesorging of veilige bewaring van bedoelde wapen die bevel uit wat hy op daardie aansoek goedvind.

52. (1) As goed of voorwerpe ten opsigte of deur middel waarvan dit vermoed word dat 'n misdryf met betrekking tot die vervalsing van handelsmerke of die bedrieglike merk van handelsware gepleeg is, ingevolge 'n visenteringslasbrief in beslag geneem en voor 'n landdros gebring word, moet die landdros summier beslis of daardie goed of voorwerpe nie ingevolge die wette betreffende die vervalsing van handelsmerke of die bedrieglike merk van handelsware verbeur is nie.

(2) As die eienaar van goed of voorwerpe wat, as die eienaar daarvan skuldig bevind sou gewees het, ingevolge bedoelde wette verbeur sou wees, onbekend is of nie gevind kan word nie, kan 'n aangifte daarvan gedoen of 'n klagte ingedien word deur 'n staatsaanklaer van die distrik waarin die goed of voorwerpe in beslag geneem word, enkel met die doel om so 'n verbeuring af te dwing, en die landdros van daardie distrik laat in die *Offisiële Koerant* en in 'n nuusblad in omloop in die distrik 'n kennisgewing publiseer waarin vermeld word dat tensy redes daarteen op die in die kennisgewing vermelde tyd en plek aangevoer word, sodanige goed of voorwerpe verbeurd verklaar sal word.

(3) Op bedoelde tyd en plek kan die landdros sodanige goed of voorwerpe, of enige deel daarvan, verbeurd verklaar tensy die eienaar of iemand ten behoewe van hom of iemand anders wat belang het by die goed of voorwerpe, redes daarteen aanvoer.

53. (1) As dit vir 'n landdros op grond van 'n klagte onder eed gedoen deur 'n ouer, eggenoot, familiebetrek-

of a woman or girl, or any other person who, in the opinion of the magistrate, is acting in good faith in the interest of a woman or girl, that there are reasonable grounds for suspecting that such woman or girl is unlawfully detained for immoral purposes by any person in any place within the magistrate's jurisdiction, he may issue a warrant directed to a peace officer and authorizing him to search for such woman or girl and when found to take her to, and detain her in, a place of safety until she can be brought before a magistrate; and the magistrate before whom she is brought may cause her to be delivered up to her parents, husband, relatives or guardians, or otherwise deal with her as the circumstances may permit and require.

(2) The magistrate issuing the warrant may, by the warrant, direct any person accused of so unlawfully detaining the woman or girl to be arrested and brought before him or some other magistrate having jurisdiction.

(3) A woman or girl is deemed to be unlawfully detained for immoral purposes if she —

(a) being under the age of sixteen years, is detained for those purposes whether against her will or not; or
(b) being of or over the age of sixteen years and under the age of twenty-one years, is, for those purposes, detained against her will or against the will of her father or mother or of any other person who has the lawful care or charge of her; or
(c) being of or above the age of twenty-one years, is for those purposes, detained against her will,

and a woman or girl shall be deemed to be detained for immoral purposes if she is detained by any person in order that she may be unlawfully carnally known by any man, whether a particular man or not.

(4) A peace officer authorized by warrant under this section to search for a woman or girl may enter, if need be, by force any premises specified in the warrant and may remove the woman or girl therefrom.

(5) The warrant shall be executed by the peace officer mentioned therein and such peace officer shall, unless the magistrate otherwise directs, be accompanied by the parent, husband, relative, guardian or other person by whom the complaint is made, if such person so desires.

## CHAPTER VI.

## PREPARATORY EXAMINATIONS.

54. No person shall be tried in any superior court for any offence unless he has been committed for trial by a magistrate, whether or not the committal was on the direction of the attorney-general under the powers conferred upon him by paragraph (c) of sub-section (1) of section *eighty-one*, for or in respect of the offence charged in the indictment: Provided that —

(a) in any case in which the attorney-general declines to prosecute, a superior court or any judge thereof may, upon the application of any person who in terms of section *eleven* or *twelve* is competent to prosecute in respect of that offence, direct any magistrate to take a preparatory examination against the accused or order any person to be committed for trial whether any preparatory examination has been held against such person or not;

(b) an accused shall be deemed to have been committed for trial for or in respect of the offence charged in the indictment, if the evidence given before the magistrate contain an allegation of any fact upon which the accused might have been committed for trial upon the charge named in the indictment notwithstanding that the magistrate committed him for an offence other than that charged in the indictment or for an offence not known to the law;

(c) an accused who is in custody when brought to trial or who appears for trial in pursuance of any recognizance entered into before any magis-

king of voog van 'n vrou of meisie, of enigiemand anders wat, volgens die oordeel van die landdros, te goeder trou in die belang van 'n vrou of meisie handel, blyk dat daar redelike gronde bestaan om te vermoed dat so 'n vrou of meisie deur iemand op 'n plek binne die landdros se regsgebied vir onsedelike doeleindes wederregtelik aangehou word, kan hy 'n lasbrief uitreik wat gerig is aan 'n vredesbeampte en hom magtig om na bedoelde vrou of meisie te soek en om haar, wanneer sy gevind word, te neem na en aan te hou in 'n veilige plek totdat sy voor 'n landdros gebring kan word; en die landdros voor wie sy gebring word, kan haar aan haar ouers, eggenoot, familiebetrekkings of voogde laat afgee, of andersins, na gelang die omstandighede dit toelaat of vereis, met haar handel.

(2) Die landdros wat die lasbrief uitreik, kan deur die lasbrief gelas dat iemand wat daarvan beskuldig word dat hy die vrou of meisie aldus wederregtelik aanhou, in hegtenis geneem en voor hom of 'n ander landdros wat regsbevoegdheid besit, gebring word.

(3) 'n Vrou of meisie word geag vir onsedelike doeleindes wederregtelik aangehou te word as sy —

(a) onder die ouderdom van sestien jaar is en vir daardie doeleindes, hetsy teen haar sin al dan nie, aangehou word; of
(b) sestien jaar oud of ouer en onder die ouderdom van een-en-twintig jaar is en vir daardie doeleindes teen haar sin of teen die sin van haar vader of moeder of van enigiemand anders onder wie se wettige sorg of toesig sy is, aangehou word; of
(c) een-en-twintig jaar oud of ouer is en vir daardie doeleindes teen haar sin aangehou word,

en 'n vrou of meisie word geag vir onsedelike doeleindes aangehou te word as sy deur enigiemand aangehou word sodat 'n manspersoon, hetsy 'n bepaalde man al dan nie, wederregtelik met haar vleeslike gemeenskap kan hê.

(4) 'n Vredesbeampte wat by lasbrief ingevolge hierdie artikel gemagtig word om na 'n vrou of meisie te soek, kan, indien nodig, 'n in die lasbrief vermelde perseel met geweld binnegaan en die vrou of meisie daaruit verwyder.

(5) Die lasbrief word deur die daarin vermelde vredesbeampte uitgevoer, en tensy die landdros anders gelas, word daardie vredesbeampte vergesel van die ouer, eggenoot, familiebetrekking, voog of ander persoon deur wie die klagte gedoen is, as sodanige persoon dit verlang.

## HOOFSTUK VI.

## VOORLOPIGE ONDERSOEKE

54. Niemand word weens 'n misdryf in 'n hoër hof verhoor nie tensy hy deur 'n landdros weens of ten opsigte van die misdryf in die akte van beskuldiging ten laste gelê, ter strafsitting verwys is, hetsy die verwysing al dan nie geskied het op las van die Prokureur-generaal ingevolge die bevoegdhede by paragraaf (c) van subartikel (1) van artikel *een-en-tagtig* aan hom verleen: Met dien verstande dat —

(a) in 'n geval waar die Prokureur-generaal weier om te vervolg, 'n hoër hof of enige regter daarvan op aansoek van iemand wat ingevolge artikel *elf* of *twaalf* bevoeg is om ten opsigte van daardie misdryf te vervolg, 'n landdros kan gelas om 'n voorlopige ondersoek teen die beskuldigde te hou, of kan gelas dat iemand ter strafsitting verwys word, hetsy 'n voorlopige ondersoek teen so iemand gehou is al dan nie;

(b) 'n beskuldigde geag word ter strafsitting verwys te gewees het weens of ten opsigte van die aanklag in die akte van beskuldiging ten laste gelê as die getuienis voor die landdros afgelê 'n feitelike bewering inhou op grond waarvan die beskuldigde weens die aanklag in die akte van beskuldiging vermeld, ter strafsitting verwys kon geword het, ondanks die feit dat die landdros hom weens 'n ander misdryf as dié in die akte van beskuldiging ten laste gelê of weens 'n misdryf wat regtens nie bestaan nie, verwys het;

(c) 'n beskuldigde wat in hegtenis is wanneer hy op verhoor gestel word, of wat vir sy verhoor verskyn ooreenkomstig 'n borgakte voor 'n landdros aan-

trate, shall be deemed to have been duly committed for trial upon the charge stated in the indictment unless he proves the contrary.

SECURING PRESENCE OF ACCUSED.

55. If requested thereto by a public prosecutor who has decided to institute a preparatory examination against a person who is not in custody, the clerk of the court to which that public prosecutor is attached shall issue a summons, requiring the said person to appear before the magistrate of such court for the purpose of undergoing a preparatory examination and shall deliver such summons to the person who is to serve it in terms of sub-section (2) of section *fifty-six.*

56. (1) A summons referred to in section *fifty-five* shall be directed to the accused, and shall state the nature of the offence which he is alleged to have committed and the day and time when and place where he must appear.

(2) Every summons shall be served by a person authorized to serve criminal process upon the accused to whom it is directed, either by delivering it to him personally, or, if he cannot conveniently be found, by leaving it for him at his place of business, or usual or last known place of abode with an inmate thereof.

(3) The service of any such summons may be proved by the testimony upon oath of the person effecting the service, or by his affidavit or by due return of service under his hand.

57. (1) When a person under the age of eighteen years is summoned as aforesaid, the person who serves the summons shall serve a copy thereof upon a parent or the guardian of the person summoned, if he can be found in the area of jurisdiction of the magistrate who is to hold the preparatory examination, and to the copy so served shall be attached a notice warning the said parent or guardian to attend the preparatory examination on the date and at the time at which and at the place where the person summoned is required to appear, and to remain in attendance during the preparatory examination or if the preparatory examination is converted into a summary trial, during the trial.

(2) When a parent or guardian has been warned as aforesaid, the commissioner of child welfare for the district in which the preparatory examination is to be held may, on the application of the said parent or guardian, exempt him in writing from the obligation to comply with the said warning and when a commissioner of child welfare has granted such an exemption, he shall send a copy thereof to the clerk of the magistrate's court for the district in which the preparatory examination is to be held, who shall submit it to the magistrate who is to hold that examination.

(3) If the parent or guardian of a person under the age of eighteen years against whom a preparatory examination is held, has not received a notice mentioned in sub-section (1), the magistrate holding a preparatory examination may at any time during that examination direct any person to warn a parent or the guardian orally to attend the preparatory examination and to remain in attendance as aforesaid or to serve such a warning in writing upon a parent or the guardian.

(4) The provisions of sub-sections (3), (4), (5), (6) and (7) of section *two hundred and eighty-nine* are applicable *mutatis mutandis* if the parent or guardian who has been warned as aforesaid and who has not been exempted under sub-section (2), fails to attend on the date and at the time appointed for the appearance of the person summoned at the preparatory examination or if it appears from evidence given under oath that he is evading service of the summons and notice referred to in sub-section (1) or if it appears from such evidence that he attended but failed to remain in attendance.

MAGISTRATES BEFORE WHOM PREPARATORY EXAMINATIONS MAY BE HELD.

58. (1) Where an offence is committed on the boundary or boundaries of two or more magisterial districts or

gegaan, geag word behoorlik ter strafsitting verwys te gewees het weens die aanklag in die akte van beskuldiging vermeld, tensy hy die teendeel bewys.

VERKRYGING VAN AANWESIGHEID VAN BESKULDIGDE

55. Indien daartoe versoek deur 'n staatsaanklaer wat besluit het om 'n voorlopige ondersoek teen iemand wat nie in hegtenis is nie, in te stel, reik die klerk van die hof waaraan daardie staatsaanklaer verbonde is, 'n dagvaarding uit wat bedoelde persoon aansê om voor die landdros van daardie hof vir 'n voorlopige ondersoek teen hom te verskyn, en oorhandig hy bedoelde dagvaarding aan die persoon wat dit ingevolge subartikel (2) van artikel *ses-en-vyftig* moet bestel.

56. (1) 'n Dagvaarding in artikel *vyf-en-vyftig* bedoel, word aan die beskuldigde gerig, en moet die aard van die misdryf wat hy na bewering gepleeg het, en die dag en uur waarop en die plek waar hy moet verskyn, aangee.

(2) Iedere dagvaarding word deur iemand wat gemagtig is om strafprosesstukke te bestel, aan die beskuldigde aan wie dit gerig is, bestel, deur dit òf aan hom persoonlik te oorhandig òf, as hy nie maklik gevind kan word nie, vir hom by sy besigheidsplek of sy gewone of jongsbekende verblyfplek by 'n bewoner daarvan te laat.

(3) Die bestelling van so 'n dagvaarding kan bewys word deur die getuienis onder eed van die persoon wat die bestelling gedoen het, of deur 'n beëdigde verklaring deur hom of deur 'n relaas van bestelling deur hom onderteken.

57. (1) Wanneer iemand onder die ouderdom van agtien jaar soos voormeld gedagvaar word, bestel die persoon wat die dagvaarding bestel 'n afskrif daarvan aan 'n ouer of die voog van die gedagvaarde as hy binne die regsgebied van die landdros wat die voorlopige ondersoek sal hou, gevind kan word, en aan die afskrif wat aldus bestel word, word 'n kennisgewing geheg waarin die genoemde ouer of voog aangesê word om die voorlopige ondersoek by te woon op die datum en uur waarop en op die plek waar die gedagvaarde aangesê is om te verskyn, en om gedurende die voorlopige ondersoek of, as die voorlopige ondersoek in 'n summiere verhoor omgeskep word, gedurende die verhoor aanwesig te bly.

(2) Wanneer 'n ouer of voog soos voormeld aangesê is, kan die kommissaris van kindersorg vir die distrik waarin die voorlopige ondersoek gehou staan te word, op aansoek van bedoelde ouer of voog, hom skriftelik van die verpligting om aan die genoemde aansegging gehoor te gee, vrystel, en wanneer 'n kommissaris van kindersorg so 'n vrystelling verleen het, stuur hy 'n afskrif daarvan aan die klerk van die landdroshof vir die distrik waarin die voorlopige ondersoek gehou staan te word, wat dit aan die landdros wat die voorlopige ondersoek gaan hou, voorlê.

(3) As die ouer of voog van iemand onder die ouderdom van agtien jaar teen wie 'n voorlopige ondersoek gehou word, nie 'n kennisgewing in subartikel (1) bedoel ontvang het nie, kan die landdros wat die voorlopige ondersoek hou te eniger tyd gedurende daardie ondersoek iemand gelas om 'n ouer of die voog mondeling aan te sê om soos voormeld die voorlopige ondersoek by te woon en aanwesig te bly, of om so 'n skriftelike aansegging aan 'n ouer of die voog te bestel.

(4) Die bepalings van subartikels (3), (4), (5), (6) en (7) van artikel *tweehonderd negen-en-tagtig* is *mutatis mutandis* van toepassing as die ouer of voog wat soos voormeld aangesê is en wat nie ingevolge subartikel (2) vrygestel is nie, versuim om te verskyn op die datum en uur wat bepaal is vir die verskyning van die gedagvaarde by die voorlopige ondersoek of as dit uit getuienis onder eed afgelê blyk dat hy die bestelling van die dagvaarding en kennisgewing in subartikel (1) bedoel, ontwyk, of as dit uit sodanige getuienis blyk dat hy aanwesig was maar versuim het om aanwesig te bly.

LANDDROSTE VOOR WIE VOORLOPIGE ONDERSOEK GEHOU KAN WORD

58. (1) Wanneer 'n misdryf op die grens of grense van twee of meer landdrosdistrikte of binne 'n afstand van

within the distance of two miles beyond any such boundary or boundaries, the preparatory examination may be held in any of the said districts.

(2) Where an offence is committed in or upon any vehicle employed on any journey or on board any vessel employed on any voyage within the territorial waters of the Territory, or on a journey upon any river within or forming the boundary of any part of the Territory, the preparatory examination may be held in any magisterial district through the territorial waters adjoining which, or through any part whereof or on or within the distance of two miles beyond the boundary whereof such vehicle or vessel has passed in the course of the journey or voyage during which the offence was committed.

(3) Where an offence is committed upon any train, the preparatory examination may be held in any magisterial district in any part whereof such train has travelled.

59. (1) A preparatory examination may be held in any magisterial district within which the offence in question was committed or within which any act or omission or event which is an element of the offence has taken place or in which the accused was arrested or is in custody or at any place determined by the attorney-general and agreed to by the accused. Any such determination and agreement shall be noted by the magistrate on the record.

(2) Where the accused is charged with theft, or with obtaining by any offence, any property, the preparatory examination may be held in any magisterial district within which any part of the property so stolen or obtained by any such offence is found in his possession.

(3) Where the accused is charged with an offence which involves the receiving of any property by him, the preparatory examination may be held in any magisterial district within which he has any part of the property in his possession.

(4) Where the facts show that an accused charged with an offence counselled or procured the commission thereof or after the commission thereof harboured or assisted the offender, the preparatory examination may be held in any magisterial district within which the preparatory examination in the case of the principal offender might be held.

(5) Where the accused is charged with kidnapping, child-stealing or abduction, the preparatory examination may be held in the magisterial district in which the kidnapping, child-stealing or abduction took place or in any magisterial district through or in which he conveyed or concealed or detained the person kidnapped, stolen or abducted.

(6) (a) The attorney-general may, whenever he deems it expedient owing to the number of accused involved in any criminal proceedings or with a view to avoiding excessive inconvenience or the disturbance of public order, direct in writing that the preparatory examination be held at a specified place and at a specified time in any district.

(b) A copy (including a telegraphic copy) of any direction by the attorney-general under paragraph (a) shall serve as a warrant for the removal of the accused from any place where he may be in custody to any prison in the district in which the preparatory examination is to be held.

(c) Upon service of any such copy on an accused who has been released on bail, the recognizances of the bail shall be deemed to be extended to the time and place specified in the direction: Provided that the recognizances of persons bound thereby shall not be liable to forfeiture unless notice of such time and place has been given to them.

(7) In any case not falling within any of the preceding provisions of this section, the attorney-general may direct that the preparatory examination shall be held in any district.

(8) In case of any doubt or dispute as to the magisterial district in which a preparatory examination should be held or of an objection on the part of the accused

twee myl buite sodanige grens of grense gepleeg word, kan die voorlopige ondersoek in enigeen van genoemde distrikte gehou word.

(2) Wanneer 'n misdryf gepleeg word in of op enige voertuig wat vir 'n reis gebruik word of aan boord van enige vaartuig wat gebruik word vir 'n seereis in die territoriale waters van die Gebied of vir 'n reis op 'n rivier wat binne enige deel van die Gebied is of wat die grens van enige deel daarvan uitmaak, kan die voorlopige ondersoek gehou word in enige landdrosdistrik wat grens aan die territoriale waters waarin, of deur 'n deel waarvan of op of binne die afstand van twee myl buite die grens waarvan so 'n voertuig of vaartuig beweeg het in die loop van die reis of seereis waartydens die misdryf gepleeg is.

(3) Wanneer 'n misdryf op 'n trein gepleeg word, kan die voorlopige ondersoek in enige landdrosdistrik in 'n deel waarvan so 'n trein gereis het, gehou word.

59. (1) 'n Voorlopige ondersoek kan gehou word in enige landdrosdistrik waarin die betrokke misdryf gepleeg is of waarin enige doen of late of voorval wat 'n bestanddeel van die misdryf uitmaak, plaasgevind het, of waarin die beskuldigde in hegtenis geneem is of in hegtenis is of op enige plek wat die Prokureur-generaal bepaal en waarin die beskuldigde toestem. Enige sodanige bepaling en toestemming word deur die landdros in die notule aangeteken.

(2) Wanneer die beskuldigde aangekla word weens diefstal of weens die verkryging van goed deur middel van 'n misdryf, kan die voorlopige ondersoek gehou word in enige landdrosdistrik waarin enige deel van die goed aldus gesteel of deur middel van so 'n misdryf verkry, in sy besit gevind word.

(3) Wanneer die beskuldigde aangekla word weens 'n misdryf wat die ontvangs van goed deur hom insluit, kan die voorlopige ondersoek gehou word in enige landdrosdistrik waarin hy enige deel van die goed in sy besit het.

(4) Wanneer die feite aantoon dat 'n beskuldigde wat weens 'n misdryf aangekla word iemand tot die pleging daarvan aangeraai of oorgehaal het of die oortreder na die pleging daarvan geherberg of bygestaan het, kan die voorlopige ondersoek gehou word in enige landdrosdistrik waarin die voorlopige ondersoek in die geval van die hoofoortreder gehou sou kan word.

(5) Wanneer die beskuldigde weens menseroof, kinderdiefstal of ontvoering aangekla word, kan die voorlopige ondersoek gehou word in die landdrosdistrik waarin die menseroof, kinderdiefstal of ontvoering plaasgevind het, of in enige landdrosdistrik waardeur of waarbinne hy die ontvoerde of gesteelde persoon vervoer of weggesteek of aangehou het.

(6) (a) Die Prokureur-generaal kan, wanneer hy dit dienstig ag weens die aantal beskuldigdes by 'n strafsaak betrokke of ten einde buitensporige ongerief of die versturing van die openbare orde te vermy, skriftelik gelas dat die voorlopige ondersoek op 'n bepaalde plek en 'n bepaalde tyd in enige distrik gehou moet word.

(b) 'n Afskrif (met inbegrip van 'n telegrafiese afskrif) van 'n bevel deur die Prokureur-generaal kragtens paragraaf (a) dien as 'n lasbrief vir die verwydering van die beskuldigde van enige plek waar hy in hegtenis is na 'n gevangenis in die distrik waarin die voorlopige ondersoek gehou moet word.

(c) Wanneer so 'n afskrif aan 'n beskuldigde bestel word wat op borgtog vrygelaat is, word dit geag dat die borgaktes van die borgtog uitgebrei is na die tyd en plek in die bevel bepaal: Met dien verstande dat die borgaktes van persone wat daarkragtens verbind is, nie aan verbeurdverklaring onderhewig is tensy kennisgewing van bedoelde tyd en plek aan hulle gegee is nie.

(7) In 'n geval wat nie binne die bestek van enigeen van die voorafgaande bepalings van hierdie artikel val nie, kan die Prokureur-generaal gelas dat die voorlopige ondersoek in enige distrik gehou moet word.

(8) In geval van twyfel of 'n geskil aangaande die landdrosdistrik waarin 'n voorlopige ondersoek gehou moet word, of van 'n beswaar van die kant van die be-

to the holding of such examination in any particular district or where more than one offence is alleged to have been committed by the accused but in different districts, the matter shall be referred to the attorney-general, who may direct in which district a preparatory examination or preparatory examinations shall be held, and his direction shall be conclusive and not subject to appeal to any court.

PROCEDURE AT PREPARATORY EXAMINATION.

60. (1) When the accused is before a magistrate having jurisdiction, whether voluntarily or after being summoned or arrested with or without a warrant for any offence, and the local public prosecutor or other person charged with the prosecution of criminal cases has decided to institute a preparatory examination against the accused, the magistrate shall proceed, in the manner hereinafter described, to enquire into the charges against the accused.

(2) At any stage after the commencement of a preparatory examination any person suspected of having committed or having taken part in the commission of the offence in respect of which the preparatory examination was instituted may be joined with the accused, and thereupon the preparatory examination of the accused and such person shall proceed jointly: Provided that the evidence given by any witness before such joinder shall be read over to such person and if he or his representative requests the magistrate holding the preparatory examination to recall any such witness for the purpose of being cross-examined, the magistrate shall recall him and if necessary shall direct that he be subpoenaed to reappear before him, for the purpose of being cross-examined by the said person or his representative, and re-examined by the public prosecutor.

61. Subject to the provisions of section *seventy-two* a preparatory examination shall be held at a place appointed under section *two* of the Magistrates' Courts Ordinance, 1963, for the holding of a magistrate's court (including a periodical court and a detached court) and shall be open to the public: Provided that —

(a) a preparatory examination against a person who is or against two or more persons jointly who are all under the age of eighteen years, shall be held in a building or room (if a suitable one is available) other than that in which criminal proceedings against persons over that age are ordinarily conducted;

(b) no person other than an accused and his attorney or counsel and other than a parent or the guardian or a person *in loco parentis* of an accused who is a minor or of a minor who is giving evidence, shall be present at a preparatory examination referred to in paragraph (a) unless his presence is necessary in connection with that examination or unless the magistrate holding the examination has authorized him to be present;

(c) no person under the age of eighteen years other than an accused shall be present at any preparatory examination except while he is actually giving evidence thereat or unless the magistrate holding the examination has authorized him to be present.

62. No irregularity or defect in the substance or form of the summons or warrant or in the manner of arrest, and no variance between the charge contained in the summons or warrant and the charge contained in the information, or between either and the evidence adduced on the part of the prosecution at the preparatory examination, shall affect the validity of any criminal proceedings at or subsequent to the examination: Provided that if it appears to the magistrate that the accused has been deceived or misled by any such variance, he may adjourn the examination to some future day and in the meantime may remand the accused in custody or release him on bail as hereinafter provided.

63. Whenever any inferior court has stopped the summary trial of an accused under the powers conferred

skuldigde teen die hou van so 'n ondersoek in 'n bepaalde distrik, of wanneer meer as een misdryf na bewering deur die beskuldigde, maar in verskillende distrikte gepleeg is, word die aangeleentheid na die Prokureur-generaal verwys wat kan gelas in watter distrik 'n voorlopige ondersoek of voorlopige ondersoeke gehou moet word, en sy opdrag is afdoende en nie aan appèl by 'n hof onderhewig nie.

PROSEDURE BY VOORLOPIGE ONDERSOEK

60. (1) Wanneer die beskuldigde voor 'n regsbevoegde landdros verskyn, hetsy vrywillig of nadat hy gedagvaar of met of sonder 'n lasbrief weens enige misdryf in hegtenis geneem is en die plaaslike staatsaanklaer of ander persoon wat met die vervolging in strafsake belas is, besluit het om 'n voorlopige ondersoek teen die beskuldigde in te stel, gaan die landdros daartoe oor om op die wyse hierna beskryf na die aanklagtes teen die beskuldigde ondersoek in te stel.

(2) Op enige stadium na die aanvang van 'n voorlopige ondersoek kan iemand wat verdink word van die pleging of deelneming aan die pleging van die misdryf ten opsigte waarvan die voorlopige ondersoek ingestel is, met die beskuldigde saamgevoeg word, en daarna moet die voorlopige ondersoek teen die beskuldigde en so iemand gesamentlik voortgesit word: Met dien verstande dat die getuienis wat deur 'n getuie voor so 'n samevoeging afgelê is, aan so iemand voorgelees moet word, en as hy of sy verteenwoordiger die landdros wat die voorlopige ondersoek hou, versoek om so 'n getuie terug te roep om onder kruisverhoor geneem te word, die landdros hom moet terugroep en, indien nodig, gelas dat hy gedagvaar moet word om weer voor hom te verskyn om deur genoemde persoon of sy verteenwoordiger gekruisvra en deur die staatsaanklaer herondervra te word.

61. Behoudens die bepalings van artikel *twee-en-sewentig* word 'n voorlopige ondersoek gehou op 'n plek wat ingevolge artikel *twee* van die Ordonnansie op Landdroshowe 1963 vir die hou van 'n landdroshof ('n periodieke hof en 'n gedetasjeerde hof inbegrepe) aangewys is, en is dit vir die publiek toeganklik: Met dien verstande dat —

(a) 'n voorlopige ondersoek teen 'n persoon wat, of teen twee of meer persone gesamentlik wat almal, onder die ouderdom van agtien jaar is, in 'n ander gebou of vertrek (as 'n geskikte beskikbaar is) as dié waarin strafsake teen persone bo daardie ouderdom gewoonlik gevoer word, gehou word;

(b) niemand behalwe 'n beskuldigde en sy prokureur of advokaat en 'n ouer of die voog of iemand in die plek van 'n ouer van 'n minderjarige beskuldigde of van 'n minderjarige wat getuienis aflê, by 'n voorlopige ondersoek in paragraaf (a) bedoel teenwoordig kan wees nie, tensy sy teenwoordigheid in verband met daardie ondersoek nodig is of tensy die landdros wat die ondersoek hou aan hom toestemming verleen het om teenwoordig te wees;

(c) niemand onder die ouderdom van agtien jaar, behalwe 'n beskuldigde, by 'n voorlopige ondersoek teenwoordig kan wees nie, behalwe solank hy werklik getuienis daarby aflê, of tensy die landdros wat die ondersoek hou aan hom toestemming verleen het om teenwoordig te wees.

62. Geen onreëlmatigheid of gebrek in die inhoud of vorm van die dagvaarding of lasbrief of in die wyse van inhegtenisneming, en geen verskil tussen die aanklag in die dagvaarding of lasbrief bevat en dié in die aangifte van die misdryf bevat, of tussen enigeen daarvan en die getuienis wat van die kant van die vervolging by die voorlopige ondersoek aangevoer word, doen afbreuk aan die geldigheid van enige strafverrigtinge by die ondersoek of daarna nie: Met dien verstande dat as dit vir die landdros blyk dat die beskuldigde deur so 'n verskil bedrieg of mislei is, hy die ondersoek tot 'n toekomstige dag kan uitstel, en intussen die beskuldigde in hegtenis kan hou of hom op borgtog kan vrylaat soos hierna bepaal word.

63. Wanneer 'n laer hof die summiere verhoor van 'n beskuldigde ingevolge die bevoegdheid verleen by die wet

by the law governing such court, and the proceedings have thereupon been converted into a preparatory examination it shall not be necessary for the magistrate to recall any witness who has already given evidence at that trial, but the magistrate's record of the evidence so given certified by him to be correct, or, if such evidence was recorded in shorthand writing or by mechanical means, any document purporting to be a transcript of the original record of the said evidence and purporting to have been certified as correct under the hand of the person who transcribed it, shall, for all purposes whatsoever, have the same force and effect and shall be admissable in evidence in the same circumstances as the evidence given in the course of a preparatory examination in the manner provided in section *sixty-four:* Provided that if it appears to the magistrate that it may be in the interests of justice to have a witness already examined, recalled for further examination, then such witness shall be summoned and examined accordingly and the evidence given by him shall be recorded in the same manner as other evidence given at a preparatory examination.

64. (1) All the evidence at a preparatory examination shall, except when an oath is by law dispensed with, be taken upon oath, or by affirmation where such is allowed by law, and every witness, before giving his evidence, shall make oath, or affirmation, as the case may be, before the magistrate before whom he is to be examined that in the whole of his evidence he will tell the truth, the whole truth and nothing but the truth and each witness shall be examined apart from the others.

(2) Subject to the proviso to sub-section (2) of section *sixty* and to sections *sixty-six* and *eighty-five,* the evidence given by a witness at a preparatory examination shall be given in the presence of the accused, shall be recorded and shall (except where it was recorded in shorthand writing or by mechanical means), be read over to the witness who gave it or read by such witness, and if such evidence was recorded in shorthand writing or by mechanical means, such record shall be transcribed and any document purporting to be a transcription of the original record of the said evidence and purporting to have been certified as correct under the hand of the person who transcribed such evidence, shall *prima facie* be equivalent to such original record.

(3) The accused or his representative may cross-examine any such witness and thereupon the public prosecutor may re-examine him.

(4) Any evidence given under section *eighty-five* in the absence of the accused may be read over to him at the preparatory examination and shall be deemed to have been given at that examination and thereuopn the proviso to sub-section (2) of section *sixty* shall apply.

(5) If a preparatory examination is held in respect of a charge that the accused committed or attempted to commit any indecent act towards another person or committed or attempted to commit any act for the purpose of procuring or furthering the commission of an indecent act towards or in connection with any other person, or that the accused committed or attempted to commit extortion or a statutory offence of demanding from any person some advantage which was not due and by inspiring fear in such person's mind, compelling him to render such advantage, no person shall at any time publish by radio or in any document any information relating to the said preparatory examination or any information disclosed thereat, unless the magistrate holding the preparatory examination, after having consulted the person against or in connection with whom the offence charged is alleged to have been committed (or if he is a minor, his guardian), consents in writing to such publication.

(6) No person shall at any time publish in any manner described in sub-section (5) the name, address, school, place of occupation or any other information likely to reveal the identity of any person under the age of eighteen years against whom any preparatory examination is being or has been held: Provided that, subject to the provisions of sub-section (5), if the Administrator or if the magistrate who holds or held

wat so 'n hof beheers, gestaak het en die saak daarop in 'n voorlopige ondersoek omgeskep is, hoef die landdros nie 'n getuie wat reeds getuienis by daardie verhoor afgelê het, terug te roep nie, maar het die landdros se notule van die getuienis aldus afgelê, wat deur hom as juis gesertifiseer is, of as bedoelde getuienis in snelskrif of op meganiese wyse aangeteken is, 'n stuk wat 'n oorskrywing van die oorspronklike aantekening van bedoelde getuienis heet te wees en deur die persoon wat bedoelde getuienis oorgeskryf het, as juis gesertifiseer en onderteken heet te wees, vir alle moontlike doeleindes dieselfde regskrag en gevolg en is dit onder dieselfde omstandighede as getuienis toelaatbaar as die getuienis in die loop van 'n voorlopige ondersoek, op die wyse in artikel *vier-en-sestig* bepaal, afgelê: Met dien verstande dat as dit vir die landdros blyk dat dit geregtigheidshalwe nodig mag wees om 'n getuie wat reeds ondervra is, vir verdere ondervraging terug te roep, so 'n getuie dan gedagvaar en dienooreenkomstig ondervra moet word en die getuienis deur hom afgelê, op dieselfde wyse as ander getuienis by 'n voorlopige ondersoek afgelê, aangeteken word.

64. (1) Behalwe wanneer daar regtens van 'n eed afgesien kan word, moet al die getuienis by 'n voorlopige ondersoek onder eed of onder bevestiging, wanneer laasgenoemde regtens veroorloof is, afgeneem word, en iedere getuie moet, voordat hy getuienis aflê, voor die landdros voor wie hy ondervra staan te word, 'n eed aflê of bevestig, na gelang, dat in al sy getuienis hy die waarheid, die algehele waarheid, en niks anders as die waarheid nie, sal praat, en iedere getuie moet afsonderlik van die ander ondervra word.

(2) Behoudens die voorbehoudsbepaling by subartikel (2) van artikel *sestig* en artikels *ses-en-sestig* en *vyf-en-tagtig,* word die getuienis van 'n getuie by 'n voorlopige ondersoek in die teenwoordigheid van die beskuldigde afgelê, aangeteken en (behalwe waar dit in snelskrif of op meganiese wyse aangeteken is) aan die getuie wat dit afgelê het, voorgelees of deur bedoelde getuie gelees en as sodanige getuienis in snelskrif of op meganiese wyse aangeteken is, word die aantekeninge oorgeskryf en 'n stuk wat 'n oorskrywing van die oorspronklike aantekening van genoemde getuienis heet te wees en deur die persoon wat sodanige getuienis oorgeskryf het, as juis gesertifiseer en onderteken heet te wees, is *prima facie* gelykstaande aan so 'n oorspronklike aantekening.

(3) Die beskuldigde of sy verteenwoordiger kan so 'n getuie onder kruisverhoor neem, en daarna kan die staatsaanklaer hom herondervra.

(4) Getuienis wat ingevolge artikel *vyf-en-tagtig* in die afwesigheid van die beskuldigde afgelê is, kan aan hom by die voorlopige ondersoek voorgelees word en word geag by daardie ondersoek afgelê te gewees het, en daarop is die voorbehoudsbepaling by subartikel (2) van artikel *sestig* van toepassing.

(5) Wanneer 'n voorlopige ondersoek gehou word ten opsigte van 'n aanklag dat die beskuldigde 'n onsedelike daad teenoor iemand anders gepleeg het of gepoog het om dit te pleeg, of 'n daad verrig het of gepoog het om 'n daad te verrig om die pleging van 'n onsedelike daad teenoor of ten opsigte van iemand anders te bewerkstellig of aan te help, of dat die beskuldigde afpersing gepleeg het of gepoog het om dit te pleeg of 'n wederregtelike misdryf wat bestaan uit die eis van iemand van 'n voordeel wat nie eisbaar was nie en die inboeseming van vrees by so iemand, wat so iemand gedwing het om so 'n voordeel af te staan, mag niemand te eniger tyd deur middel van die radio of in enige stuk enige inligting met betrekking tot genoemde voorlopige ondersoek of enige inligting wat daarby aan die lig gebring is, publiseer nie ,tensy die landdros wat die voorlopige ondersoek hou, ná raadpleging met die persoon teen of ten opsigte van wie die misdryf wat ten laste gelê word na bewering gepleeg is (of as hy minderjarig is, sy voog) skriftelik tot sodanige publikasie instem.

(6) Niemand mag te eniger tyd op enige wyse in subartikel (5) beskryf, die naam, adres, skool of werkplek van iemand onder die ouderdom van agtien jaar teen wie 'n voorlopige ondersoek gehou word of gehou is, of enige ander inligting wat waarskynlik die identiteit van so iemand aan die lig sal bring, publiseer nie: Met dien verstande dat as die Administrateur of as die landdros wat die voorlopige ondersoek hou of gehou het, meen dat so-

the preparatory examination is of the opinion that such publication would be just and equitable and in the interest of any particular person, he may by order dispense with the prohibition of this sub-section to such an extent as may be specified in the order.

(7) Any person contravening sub-section (5) or (6) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding three months or to both such fine and such imprisonment.

65. If after a preparatory examination has commenced, the court is, upon application made in person by an accused or his representative, satisfied —

(a) that the physical condition of that accused is such that he is unable to attend or that it is undesirable that he should attend the examination; or

(b) that circumstances in connection with the illness or death of a member of that accused's family have arisen which make his presence elsewhere necessary or expedient,

the court may, if in its opinion the examination cannot be postponed without undue prejudice, embarrassment or inconvenience to the prosecution or any co-accused or any witness in attendance or subpoenaed to attend, authorize the absence of that accused from the examination for a period fixed by the court and subject to such conditions as it deems fit to impose.

66. (1) If after a preparatory examination has commenced, an accused —

(a) absconds; or

(b) conducts himself in such a manner that his removal from the court is desirable and is ordered by the court; or

(c) is granted leave of absence under section *sixty-five;* or

(d) is absent for any other reason,

the court may direct that the preparatory examination be proceeded with in his absence, and thereafter the said examination shall, except to the extent to which a special procedure is in this Chapter directed to be observed in the case of an absent accused, be proceeded with in all respects as if that absent accused were present.

(2) A direction referred to in sub-section (1) shall not be made if the court is of opinion that a postponement of the examination can be granted without undue prejudice, inconvenience or embarrassment to the prosecution or any co-accused or any witness in attendance or subpoenaed to attend.

(3) A preparatory examination in regard to which a direction is made that it be proceeded with in the absence of an accused, shall in respect of that accused, unless he is discharged under the provisions of sub-section (3) of section *seventy,* be postponed if he is not in attendance at the stage at which the provisions of section *sixty-eight* come into operation and be proceeded with, subject to the provisions of sub-sections (4) and (5), from that stage when the accused is again in attendance.

(4) If an accused in respect of whom the court has directed that a preparatory examination be proceeded with in his absence again attends at such examination, the evidence recorded in his absence shall not be required to be read over to him, but, if he was not represented during his absence, the court shall briefly inform him of the nature and purport of that evidence and permit him to inspect the record and to make or cause copies thereof to be made at all reasonable times under the supervision of the clerk of the court.

(5) If an accused in whose absence a preparatory examination was directed to be proceeded with again attends the examination, the court may, unless such accused was legally represented during his absence, upon the application of that accused or his representative recall for further examination any witness who testified at the examination during that accused's absence.

danige publikasie regverdig en billik en in die belang van 'n bepaalde persoon sal wees, hy, behoudens die bepalings van subartikel (5), by bevel vrystelling van die verbod in hierdie subartikel bevat in die mate wat in die bevel bepaal word, kan verleen.

(7) Iemand wat subartikel (5) of (6) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

65. As die hof na die aanvang van 'n voorlopige ondersoek, op aansoek persoonlik gerig deur 'n beskuldigde of sy verteenwoordiger, oortuig is —

(3) As die regter nie kragtens subartikel (1) gelas nie of waar die hof nie in staat is om volgens voorskrif van subartikel (2) in verband met 'n beslissing aangaande 'n aanklag in die akte van beskuldiging, of oor die straf wat opgelê moet word, ooreen te kom nie, bly die beskuldigde, tensy hy reeds op borgtog vrygelaat is, in hegtenis en kan hy weer verhoor word, maar het hy dieselfde regte om op borgtog vrygelaat te word as by 'n oorspronklike verwysing ter strafsitting weens die misdryf waarvan hy aangekla is, en die hof of die landdros kan hom in 'n toepaslike geval soos in hoofstuk VII bepaal, dienooreenkomstig op borgtog vrylaat.

(4) As die hof nie in staat is om volgens voorskrif van subartikel (2) in verband met 'n beslissing aangaande 'n aanklag in die akte van beskuldiging of die straf wat opgelê moet word, ooreen te kom nie, en die beskuldigde weer op die aanklag verhoor word, dan is die regter en die assessor wat lede was van die hof wat soos voormeld nie in staat was om ooreen te kom nie, onbevoeg om lede te wees van 'n hof wat daarna saamgestel word om die beskuldigde op die bedoelde aanklag te verhoor.

121. Die Administrateur kan by regulasie 'n tarief van toelaes voorskryf wat uit die staatskas betaal kan word aan persone (buiten lede van die staatsdiens) wat kragtens die bepalings van hierdie hoofstuk aangestel word as assessore by die verhoor van misdade of misdrywe. So 'n tarief kan onderskei tussen persone na gelang van die afstand wat hulle moet aflê om die hof by te woon.

122. (1) Wanneer die Prokureur-generaal besluit om 'n beskuldigde op 'n akte van beskuldiging te vervolg weens 'n aanklag van hoogverraad, oproer of openbare geweldpleging of weens 'n oortreding van 'n bepaling van paragraaf (a) of (b) van artikel *elf* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme 1950 (Wet 44 van 1950) of weens 'n poging, sameswering of uitlokking tot die pleging van so 'n misdryf en dit in die belang van die regspleging beskou dat die beskuldigde deur 'n spesiale strafhof verhoor word, deel hy sy mening en die feite waarop dit berus, skriftelik aan die Administrateur mee en meld hy die misdryf waarvoor hy voornemens is om die beskuldigde op 'n akte van beskuldiging te vervolg.

(2) (a) Die Administrateur kan daarop 'n spesiale strafhof saamstel om op enige plek in die Gebied sitting te hou waar die beskuldigde andersins voor 'n hoër hof vir die bedoelde misdryf verhoor sou kon geword het.

(b) So 'n spesiale strafhof het regsbevoegdheid om enige aanklag van 'n in subartikel (1) bedoelde misdryf wat gemaak word in die akte van beskuldiging wat ten opsigte van die beskuldigde deur die Prokureur-generaal ingedien word, te verhoor, en die beskuldigde, as hy aan so 'n misdryf skuldig bevind word, te vonnis tot enige straf wat regtens daarvoor opgelê kan word.

(3) (a) 'n Spesiale strafhof bestaan uit minstens twee en hoogstens drie regters van die Hooggeregshof en die beslissing van die hof moet eenparig wees.

(b) The Administrator shall designate an officer in the public service or a judge's clerk to act as registrar of such court.

(4) (a) The constitution of such special criminal court shall be notified in the *Official Gazette,* together with the names of the members thereof, the name and official address of the registrar thereof, and the date on which and the place at which it will commence its sittings.

(b) At any time after the constitution of the court is so notified, the attorney-general may lodge with the registrar thereof any such indictment aforesaid.

(5) Save as is otherwise in this section provided, the provisions of this Ordinance relating to a trial by a superior court shall apply *mutatis mutandis* in respect of the trial of an accused by a special criminal court: Provided that if a special criminal court is unable, as required by paragraph (a) of sub-section (3) to agree on a decision on any charge in the indictment, and the accused is again tried on such charge, then no judge who was a member of the court which failed to agree as aforesaid shall be competent to be a member of any subsequent special criminal court constituted to try the accused on such indictment.

(6) If at any time in the course of the proceedings in connection with or during a trial before a special criminal court consisting of three judges, one of the judges dies or becomes incapable to continue with the proceedings or the trial the proceedings or the trial shall be continued before the two remaining judges as if the court as originally constituted consisted of only those two judges.

(7) At the conclusion of every session of a special criminal court, the registrar thereof shall transmit the records of the proceedings of that session to the registrar of the Supreme Court, and such records shall thereupon become records of the latter court.

## CHAPTER IX.

## PROCEDURE BEFORE COMMENCEMENT OF TRIAL IN SUPERIOR COURT.

123. (1) (a) Save as is otherwise expressly provided in this Ordinance as to the adjournment of a court, every person committed for trial or sentence whom the attorney-general has decided to prosecute before a superior court shall be brought to trial at the first session of that court for the trial of criminal cases held after the date of the committal, or else shall be released on bail, if thirty-one days have elapsed between the date of the committal and the date upon which such session is held, unless —

(i) the court is satisfied that, in consequence or the absence of material evidence or of some other sufficient cause, the trial cannot then be proceeded with, without defeating the ends of justice; or

(ii) before the close of such first session an order is obtained from the court under the provisions of section *one hundred and twenty-four* for his removal for trial elsewhere.

(b) If such person is not brought to trial at the first session of such court held after the expiry of six months from the date of his committal, and has not previously been removed for trial elsewhere, he shall be discharged from his imprisonment for the offence in respect of which he has been committed.

(2) For the purposes of this section a person shall not be deemed to have been committed for trial in any case in which the attorney-general has, under section *eighty-one,* ordered a further examination to be taken, until such further examination has been completed.

(3) The accused, with his own consent in writing and with the consent of the attorney-general, may be brought to trial at any time after his committal, notwithstanding that the period of thirty-one days aforesaid has not expired.

(b) Die Administrateur wys 'n beampte in die staatsdiens of 'n regtersklerk aan om as griffier van so 'n hof op te tree.

(4) (a) Die samestelling van so 'n spesiale strafhof word in die *Offisiële Koerant* bekend gemaak tesame met die name van die lede daarvan, die naam en amptelike adres van die griffier daarvan en die datum waarop en die plek waar die hof se sittings 'n aanvang sal neem.

(b) Die Prokureur-generaal kan te eniger tyd nadat die samestelling van die hof aldus bekend gemaak is, 'n akte van beskuldiging soos voormeld by die griffier daarvan indien.

(5) Buiten vir sover in hierdie artikel anders bepaal word, is die bepalings van hierdie ordonnansie met betrekking tot 'n verhoor deur 'n hoër hof *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die verhoor van 'n beskuldigde deur 'n spesiale strafhof: Met dien verstande dat as 'n spesiale strafhof nie volgens voorskrif van paragraaf (a) van subartikel (3) op 'n beslissing ten opsigte van 'n aanklag in die akte van beskuldiging ooreen kan kom nie, en die beskuldigde weer op bedoelde aanklag verhoor word, geen regter wat 'n lid was van die hof wat nie soos voormeld ooreen kon kom nie, dan bevoeg is om lid te wees van 'n latere spesiale strafhof wat saamgestel word om die beskuldigde op so 'n akte van beskuldiging te verhoor nie.

(6) As te eniger tyd in die loop van die verrigtinge in verband met of gedurende 'n verhoor voor 'n spesiale strafhof bestaande uit drie regters, een van die regters sterf of onbekwaam word om met die verrigtinge of die verhoor voort te gaan, word die verrigtinge of die verhoor voor die twee oorblywende regters voortgesit asof die hof wat oorspronklik saamgestel is, net uit daardie twee regters bestaan het.

(7) Na die afloop van elke sitting van 'n spesiale strafhof stuur die griffier daarvan die notule van die verrigtinge van daardie sitting aan die griffier van die Hooggeregshof en die bedoelde notule word daarop prosesstukke van die laasgenoemde hof.

## HOOFSTUK IX.

## PROSEDURE VOOR AANVANG VAN DIE VERHOOR IN HOËR HOF

123. (1) (a) Behalwe vir sover uitdruklik anders in hierdie ordonnansie met betrekking tot die verdaging van 'n hof bepaal word, word iedere persoon wat ter strafsitting of vir vonnis verwys is en wat die Prokureur-generaal besluit het om voor 'n hoër hof te vervolg, by die eerste sitting van daardie hof wat vir die verhoor van strafsake na die datum van verwysing gehou word, op verhoor gestel of anders op borgtog vrygelaat, as een-en-dertig dae tussen die datum van die verwysing en die datum waarop bedoelde sitting gehou word, verloop het, tensy —

(i) die hof oortuig is dat ten gevolge van die gebrek aan wesenlike getuienis of om 'n ander voldoende rede, daar nie dan met die verhoor voortgegaan kan word sonder om die regsbedeling te verydel nie; of

(ii) voor die afsluiting van bedoelde eerste sitting 'n bevel kragtens artikel *eenhonderd vier-en-twintig* van die hof vir sy verplasing vir verhoor elders verkry word.

(b) As so iemand nie by die eerste sitting van bedoelde hof wat gehou word na verstryking van ses maande vanaf die datum van sy verwysing, op verhoor gestel word nie, en nie tevore vir verhoor na elders verplaas is nie, word hy ontslaan van sy gevangesetting vir die misdryf ten opsigte waarvan hy verwys is.

(2) By die toepassing van hierdie artikel word iemand in 'n geval waarin die Prokureur-generaal kragtens artikel *een-en-tagtig* 'n verdere ondersoek gelas het nie geag ter strafsitting verwys te wees nie, totdat bedoelde verdere ondersoek voltooi is.

(3) Die beskuldigde kan, met sy eie skriftelike toestemming en met toestemming van die Prokureur-generaal, te eniger tyd na sy verwysing op verhoor gestel word, al het die voormelde tydperk van een-en-dertig dae nog nie verstryk nie.

124. (1) Whenever an indictment has been lodged against an accused in a superior court, any judge of the court may, upon application by or on behalf of the attorney-general or by or on behalf of the accused, order that the trial shall be held at a place other than the place specified in the indictment and at a time named in the order.

(2) When any order is made under this section, the consequences shall be the same in all respects and with regard to all persons as if the attorney-general had decided to prosecute the accused at the place and time specified in the order, and if the accused has been released on bail, the recognizances of the bail shall be deemed to be extended to that time and place accordingly.

(3) The recognizances of any persons who are bound to attend as witnesses shall in like manner be deemed to be extended to the same time and place.

(4) Notice of such time and place shall be given to the persons bound by the recognizances otherwise their recognizances shall not be liable to forfeiture.

125. (1) When a case has been removed for trial elsewhere and the accused is in custody, the court granting the order of removal shall issue a warrant directing his removal forthwith to the prison of the district to which the case has been removed.

(2) The accused shall be brought to trial at the next criminal session of the court to which the case has been removed, or otherwise shall be discharged from his imprisonment for the offence for which he has been removed for trial: Provided that, if such session is held within twenty-one days after the removal of the accused to and his arrival at the said prison, he shall not be tried at that session except with his own consent in writing and the consent of the attorney-general.

IN INFERIOR COURT.

126. When a person who has been arrested upon any charge, is brought before a judicial officer in terms of section *twenty-seven* or sub-section (3) of section *twenty-nine,* such officer shall forthwith commence his trial or a preparatory examination upon such charge, or if the matter is cognizable by another court or judicial officer, remand his case to such court or officer.

CHAPTER X.

PROCEDURE AT TRIAL.

IN SUPERIOR AND INFERIOR COURTS

127. (1) If on the trial of a person charged with any offence before any superior or inferior court it appears that he is not properly triable by that court, the court may at the request of the accused direct that he be tried before some proper court and may remand him for trial accordingly.

(2) If the accused does not make such request the trial shall proceed and the verdict and judgment shall have the same effect in all respects as if the court had originally had jurisdiction to try the accused.

(3) This section shall not affect the right of the accused to plead to the jurisdiction of a court.

128. When two or more persons are charged jointly, whether with the same offence or with different offences, the court may, at any time during the trial on the application of the prosecutor or of any of the accused, direct that the trial of the accused or any of them shall be held separately from the trial of the other or others of them, and for that purpose may, abstain from giving a judgment as to any of such accused.

129. (1) Subject to the provisions of section *one hundred and thirty-one,* every criminal trial shall take place, and the witnesses shall, save as is otherwise expressly provided by this Ordinance or any other law, give their evidence *viva voce,* in open court in the

124. (1) Wanneer 'n akte van beskuldiging teen 'n beskuldigde in 'n hoër hof ingedien is, kan 'n regter van die hof, op aansoek deur of namens die Prokureur-generaal of deur of namens die beskuldigde, beveel dat die verhoor op 'n ander plek as die in die akte van beskuldiging genoemde plek, en op 'n in die bevel genoemde tyd, gehou moet word.

(2) Wanneer 'n bevel kragtens hierdie artikel uitgereik word is die gevolge in alle opsigte en met betrekking tot alle persone dieselfde asof die Prokureur-generaal besluit het om die beskuldigde op die in die bevel genoemde plek en tyd te vervolg, en as die beskuldigde op borgtog vrygelaat is, word die borgakte van die borgtog geag dienooreenkomstig na bedoelde tyd en plek uitgebrei te wees.

(3) Die borgaktes van persone wat verplig is om as getuies te verskyn, word op soortgelyke wyse geag na dieselfde tyd en plek uitgebrei te wees.

(4) Kennisgewing van bedoelde tyd en plek moet aan die persone wat onder die borgaktes verbind is, gegee word, anders is hulle borggelde nie aan verbeurdverklaring onderhewig nie.

125. (1) Wanneer 'n saak na elders vir verhoor verplaas word en die beskuldigde in hegtenis is, reik die hof wat die bevel vir verplasing toestaan, 'n lasbrief uit vir die onverwylde verplasing van die beskuldigde na die gevangenis van die distrik waarheen die saak verplaas is.

(2) Die beskuldigde word by die volgende strafsitting van die hof waarheen die saak verplaas is, op verhoor gestel, of anders word hy van sy gevangesetting vir die misdryf waarvoor hy vir verhoor verplaas is, ontslaan: Met dien verstande dat as so 'n sitting binne een-en-twintig dae na die verplasing van die beskuldigde na, en sy aankoms by, bedoelde gevangenis gehou word, hy nie, behalwe met sy eie skriftelike toestemming en die toestemming van die Prokureur-generaal, by daardie sitting verhoor word nie.

IN LAER HOF

126. Wanneer iemand wat op 'n aanklag in hegtenis geneem is, ingevolge artikel *sewen-en-twintig* of subartikel (3) van artikel *negen-en-twintig voor* 'n regterlike beampte gebring word, begin bedoelde beampte onverwyld met sy verhoor of 'n voorlopige ondersoek op bedoelde aanklag of, as die aangeleentheid deur 'n ander hof of regterlike beampte beregbaar is, verwys hy sy saak na so 'n hof of beampte.

HOOFSTUK X.

PROSEDURE BY VERHOOR IN HOËR EN LAER HOWE

127. (1) Wanneer dit by die verhoor van 'n persoon wat weens 'n misdryf voor 'n hoër of laer hof aangekla word, blyk dat hy nie regtens deur daardie hof beregbaar is nie, kan die hof op versoek van die beskuldigde gelas dat hy voor 'n bevoegde hof verhoor word, en sy verhoor dienooreenkomstig uitstel.

(2) As die beskuldigde nie so 'n versoek doen nie, word die verhoor voortgesit, en het die uitspraak en vonnis in alle opsigte dieselfde gevolge asof die hof van die begin af regsbevoegdheid gehad het om die beskuldigde te verhoor.

(3) Hierdie artikel doen geen afbreuk aan die reg van die beskuldigde om teen die regsbevoegdheid van 'n hof te pleit nie.

128. Wanneer twee of meer persone gesamentlik aangekla word, hetsy weens dieselfde misdryf of weens verskillende misdrywe, kan die hof te eniger tyd gedurende die verhoor op aansoek van die aanklaer of van enige van die beskuldigdes gelas dat die verhoor van die beskuldigdes of van enige van hulle afsonderlik van die verhoor van die ander een, of van die ander, geskied, en te dien einde kan die hof hom van 'n uitspraak ten opsigte van enige van sodanige beskuldigdes onthou.

129. Behoudens die bepalings van artikel *eenhonderd een-en-dertig* geskied elke strafverhoor en lê die getuies, buiten waar hierdie ordonnansie of 'n ander wet uitdruklik anders bepaal, hul getuienis mondeling af in die ope hof

presence of the accused, unless he so conducts himself as to render the continuance of the proceedings in his presence impracticable, in which event the court may order him to be removed and may direct the trial to proceed in his absence.

(2) If the accused absents himself during the trial without leave, the court may direct a warrant to be issued for his arrest and if arrested he shall be brought before the court forthwith.

(3) The court may, at any time during the trial, order that any person who is to be called as a witness (other than the accused himself) shall leave the court and remain absent until he is called and that he shall remain in court after his evidence has been given.

(4) A superior court may, whenever it thinks fit, and an inferior court may, if it appears to that court to be in the interest of good order or public morals or of the administration of justice, direct that a trial shall be held with closed doors or that (with such exceptions as the court may direct) females or minors or the public generally or any class thereof shall not be present thereat; and if an accused is to be tried or is on trial on a charge referred to in sub-section (5) of section *sixty-four*, the court may, at the request of the person against or in connection with whom the offence charged is alleged to have been committed (or if he is a minor, at the request of that person or of his guardian) whether made in writing before the trial or orally at any time during the trial direct that every person whose presence is not necessary in connection with the trial or any person or class of person mentioned in the request shall not be present thereat.

(5) No person other than a person on trial and his attorney or counsel and other than a parent or the guardian or a person in *loco parentis* of a person on trial who is a minor shall be present at the trial, in any court, of a person under the age of eighteen years, upon any charge, unless his presence is necessary in connection with the trial or unless the judge or judicial officer presiding at the trial has authorized him to be present thereat.

(6) No person under the age of eighteen years, other than a person on trial shall be present at a criminal trial in any court except while he is actually giving evidence thereat or unless the judge or judicial officer presiding at the trial has authorized him to be present thereat.

(7) The judge or judicial officer presiding at any trial may direct that while any witness under the age of eighteen years is giving evidence at that trial no person, other than an attorney or counsel of a person on trial and other than a parent or the guardian or a person *in loco parentis* of the witness or of a person on trial who is a minor, whose presence is not necessary in connection with the trial, shall be present thereat.

(8) A trial in an inferior court of an accused who is or of two or more accused jointly who are all under the age of eighteen years shall be held in a building or room (if a suitable one is available) other than that in which criminal proceedings against persons over that age are ordinarily conducted.

130. If two or more accused, after a preparatory examination, are charged jointly at a trial before a court of any regional division established under section *two* of the Magistrates' Courts Ordinance, 1963, or at a trial before a superior court, with any offence, referred to in sub-section (1) of section *one hundred and twenty-two* or with having committed or attempted to commit murder or arson or an offence —

(a) under Chapter I of the Riotous Assemblies and Criminal Law Amendment Ordinance, 1930 (Ordinance 9 of 1930); or
(b) under section *thirty-three* of the Atomic Energy Act, 1948 (Act 35 of 1948); or
(c) relating to illicit dealing in or illegal possession of precious minerals or unwrought precious metals or rough or uncut diamonds; or

in die teenwoordigheid van die beskuldigde, tensy hy hom op so 'n wyse gedra dat die voortsetting van die verrigtinge in sy teenwoordigheid ondoenlik is, en in so 'n geval kan die hof gelas dat hy verwyder word en dat die verhoor in sy afwesigheid voortgesit word.

(2) As die beskuldigde gedurende die verhoor sonder verlof afwesig is, kan die hof gelas dat 'n lasbrief vir sy inhegtenisneming uitgereik word, en as hy in hegtenis geneem word, moet hy onverwyld voor die hof gebring word.

(3) Die hof kan te eniger tyd gedurende die verhoor gelas dat enige persoon (behalwe die beskuldigde self) wat as 'n getuie opgeroep staan te word, die hof verlaat en afwesig bly totdat hy opgeroep word, en dat hy in die hof bly nadat sy getuienis afgelê is.

(4) 'n Hoër hof kan, wanneer hy dit goedvind, en 'n laer hof kan, as dit na die mening van daardie hof ter wille van die goeie orde of openbare sedes of die regsbedoeling nodig blyk, gelas dat 'n verhoor agter geslote deure plaasvind of dat (met sodanige uitsonderings soos die hof gelas) vrouspersone of minderjariges of die publiek in die algemeen of enige klas daaruit nie daarby aanwesig mag wees nie; en as 'n beskuldigde verhoor staan te word of verhoor word op 'n aanklag in subartikel (5) van artikel *vier-en-sestig* bedoel, kan die hof op versoek van die persoon teen of ten opsigte van wie die misdryf wat ten laste gelê word, na bewering gepleeg is (of, as hy minderjarig is, op versoek van daardie persoon of van sy voog) hetsy skriftelik voor die verhoor of mondeling te eniger tyd gedurende die verhoor gedoen, gelas dat iedereen wie se teenwoordigheid nie in verband met die verhoor nodig is nie, of enige persoon of klas persone in die versoek vermeld, nie daarby aanwesig mag wees nie.

(5) Niemand behalwe die persoon wat verhoor word en sy prokureur of advokaat en behalwe 'n ouer of die voog van 'n minderjarige wat verhoor word, of iemand wat teenoor hom in die plek van 'n ouer staan, mag in enige hof by die verhoor van iemand onder die ouderdom van agtien jaar weens enige aanklag teenwoordig wees nie, tensy sy teenwoordigheid in verband met die verhoor nodig is, of tensy die regter of regterlike beampte wat by die verhoor voorsit, aan hom toestemming verleen het om daarby teenwoordig te wees.

(6) Niemand onder die ouderdom van agtien jaar, behalwe iemand wat verhoor word, mag by 'n strafregtelike verhoor in enige hof teenwoordig wees nie, behalwe solank hy werklik getuienis daarby aflê of tensy die regter of regterlike beampte wat by die verhoor voorsit, aan hom toestemming verleen het om daarby teenwoordig te wees.

(7) Die regter of regterlike beampte wat by 'n verhoor voorsit, kan gelas dat solank 'n getuie onder die ouderdom van agtien jaar getuienis by daardie verhoor aflê, niemand, behalwe 'n prokureur of advokaat van 'n persoon wat verhoor word, en behalwe 'n ouer of die voog van die getuie of van 'n minderjarige wat verhoor word, of iemand wat teenoor die getuie of minderjarige in die plek van 'n ouer staan, wie se teenwoordigheid nie in verband met die verhoor nodig is nie, daarby teenwoordig mag wees nie.

(8) 'n Verhoor in 'n laer hof van 'n beskuldigde wat onder die ouderdom van agtien jaar is, of van twee of meer beskuldigdes gesamentlik wat almal onder daardie ouderdom is, geskied in 'n ander gebou of vertrek (as 'n geskikte beskikbaar is) as dié waarin strafsake teen persone bo daardie ouderdom gewoonlik verhoor word.

130. As twee of meer beskuldigdes na 'n voorlopige ondersoek by 'n verhoor voor 'n hof van 'n streekafdeling ingestel kragtens artikel *twee* van die Ordonnansie op Landdroshowe 1963, of by 'n verhoor voor 'n hoër hof, gesamentlik aangekla word weens enige misdryf genoem in subartikel (1) van artikel *eenhonderd twee-en-twintig* of weens die pleging van moord of brandstigting, of poging daartoe of 'n misdryf —

(a) ingevolge hoofstuk I van die Oproerige Samekomste en Kriminele Wet Wysigingsordonnansie 1930 (Ordonnansie 9 van 1930); of
(b) ingevolge artikel *drie-en-dertig* van die Wet op Atoomkrag 1948 (Wet 35 van 1948); of
(c) betreffende die onwettige handel in of die onwettige besit van edele minerale of onbewerkte edele metale of ruwe of ongeslypte diamante; of

(d) relating to the supply of intoxicating liquor to natives or coloured persons; or
(e) relating to insolvency; or
(f) in connection with which facts relating to "prescribed material" as defined in section *one* of the Atomic Energy Act, 1948 (Act 35 of 1948), may have to be considered; or
(g) in connection with which facts may have to be considered, for the proper understanding of which an expert knowledge of bookkeeping, accounts, geology, mineralogy or metallurgy may be necessary; or
(h) towards or in connection with a non-European if the accused or any of the accused is a European or towards or in connection with a European, if the accused or any of the accused is a non-European;

or with the same or different offences as aforesaid or with such an offence together with any other offence, and the court is, at any time after the commencement of the trial, satisfied upon application made in person by any such accused or his representative —

(a) that the physical condition of that accused is such that he is unable to attend or that it is undesirable that he should attend the trial; or
(b) that circumstances in connection with the illness or death of a member of that accused's family have arisen which make his presence elsewhere necessary or expedient,

the court may, if in its opinion the trial cannot be postponed without undue prejudice, embarrassment or inconvenience to the prosecution or any co-accused or any witness in attendance or subpoenaed to attend, authorize the absence of that accused from the trial for a period fixed by the court and subject to such conditions as it deems fit to impose.

131. (1) If an accused at a trial referred to in section *one hundred and thirty* —

(a) absconds; or
(b) is removed from the court as provided in sub-section (1) of section *one hundred and twenty-nine;* or
(c) is granted leave of absence under section *one hundred and thirty;* or
(d) is absent for any other reason,

the court before which the trial takes place may at any time during the trial direct that the trial be proceeded with in the absence of that accused if he has pleaded to the charge or if it appears by the return of the proper officer or by other sufficient proof that a copy of the charge and, in the case of a superior court, of the notice of trial have been duly served.

(2) A direction referred to in sub-section (1) shall not be made if the court is of opinion that a postponement of the trial can be granted without undue prejudice, embarrassment or inconvenience to the prosecution or any co-accused or any witness in attendance or subpoenaed to attend.

(3) When the accused are called upon to plead to the charge, the court shall order a plea of not guilty to be entered on behalf of an absent accused in respect of whom the court has directed that the trial be proceeded with in his absence, and a plea so entered shall for all purposes have the same effect as if it had been actually pleaded.

(4) If an accused in respect of whom a court has made a direction under sub-section (1) attends or again attends the trial, he may, unless he was legally represented during his absence, examine any witness who gave evidence during his absence, and inspect the record of the proceedings or require the court to have such record read over to him.

(5) If the examination referred to in sub-section (4) takes place after the close of the evidence for the prosecution or any co-accused, the prosecution or such

(d) betreffende die verskaffing van bedwelmende drank aan naturelle of kleurlinge; of
(e) betreffende insolvensie; of
(f) in verband waarmee feite betreffende „voorgeskrewe materiaal" soos bepaal in artikel *een* van die Wet op Atoomkrag 1948 (Wet 35 van 1948) moontlik oorweeg moet word; of
(g) in verband waarmee feite moontlik oorweeg moet word vir die behoorlike begrip waarvan deskundige kennis van boekhouding, rekeninge, geologie, mineralogie of metallurgie moontlik nodig is; of
(h) teenoor of in verband met 'n nie-blanke as die beskuldigde of enige van die beskuldigdes 'n blanke is of teenoor of in verband met 'n blanke as die beskuldigde of enige van die beskuldigdes 'n nie-blanke is;

of weens dieselfde of verskillende misdrywe soos voormeld of weens so 'n misdryf saam met enige ander misdryf en die hof te eniger tyd na die aanvang van die verhoor op aansoek persoonlik gerig deur enige sodanige beskuldigde of sy verteenwoordiger oortuig is —

(a) dat die liggaamlike toestand van daardie beskuldigde sodanig is dat hy nie in staat is om die verhoor by te woon nie of dat dit onwenslik is dat hy die verhoor moet bywoon; of
(b) dat omstandighede in verband met die siekte of dood van 'n lid van daardie beskuldigde se familie ontstaan het wat sy teenwoordigheid elders nodig of raadsaam maak,

kan die hof as die verhoor syns insiens nie uitgestel kan word nie sonder onbehoorlike benadeling, belemmering of ongerief vir die vervolging of 'n mede-beskuldigde of 'n getuie wat teenwoordig is of gedagvaar is om teenwoordig te wees, die afwesigheid van daardie beskuldigde van die verhoor magtig vir 'n tydperk deur die hof bepaal en onderhewig aan die voorwaardes wat die hof goedvind om op te lê.

131. (1) As 'n beskuldigde by 'n verhoor bedoel in artikel *eenhonderd en dertig* —

(a) vlug; of
(b) uit die hof verwyder word soos bepaal by subartikel (1) van artikel *eenhonderd negen-en-twintig;* of
(c) verlof tot afwesigheid toegestaan word kragtens artikel *eenhonderd en dertig;* of
(d) om enige ander rede afwesig is,

kan die hof voor wie die verhoor plaasvind, te eniger tyd gedurende die verhoor gelas dat die verhoor moet voortgaan in die afwesigheid van daardie beskuldigde as hy op die aanklag gepleit het of as dit uit die relaas van die bevoegde beampte of uit ander voldoende bewys blyk dat 'n afskrif van die aanklag, en in die geval van 'n hoër hof, van die kennisgewing van verhoor, behoorlik bestel is.

(2) 'n Lasgewing bedoel in subartikel (1) word nie uitgereik nie as die hof meen dat 'n uitstel van die verhoor toegestaan kan word sonder onbehoorlike benadeling, belemmering of ongerief vir die vervolging of 'n mede-beskuldigde of 'n getuie wat teenwoordig is of gedagvaar is om teenwoordig te wees.

(3) Wanneer die beskuldigdes aangesê word om op die aanklag te pleit, gelas die hof dat 'n pleit van onskuldig aangeteken word namens 'n afwesige beskuldigde ten opsigte van wie die hof gelas het dat die verhoor in sy afwesigheid moet voortgaan, en 'n aldus aangetekende pleit het vir alle doeleindes dieselfde uitwerking asof dit inderdaad gepleit was.

(4) As 'n beskuldigde ten opsigte van wie 'n hof 'n lasgewing kragtens subartikel (1) uitgereik het, die verhoor bywoon of weer bywoon, kan hy, tensy 'n regsverteenwoordiger tydens sy afwesigheid vir hom opgetree het, enige getuie ondervra wat tydens sy afwesigheid getuienis afgelê het en die notule van die verrigtinge naslaan of verlang dat die hof die bedoelde notule aan hom moet laat voorlees.

(5) As die ondervraging bedoel in subartikel (4) plaasvind nadat die getuienis vir die vervolging of 'n mede-beskuldigde afgesluit is, kan die vervolging of daardie mede-beskuldigde ten opsigte van enige geskilpunt

co-accused may, in respect of any issue raised by the examination, lead evidence in rebuttal of any evidence relating to the issue so raised.

wat ontstaan het uit die ondervraging getuienis lei ter weerlegging van enige getuienis betreffende die geskilpunt wat aldus ontstaan het.

(6) (a) When the evidence in respect of all the accused present has been closed and the evidence in respect of any absent accused has not been closed, the court shall, subject to the provisions of paragraph (b), postpone the proceedings until such absent accused is in attendance and, if necessary, further postpone the proceedings until the evidence in respect of that accused has been closed.

(6) (a) Wanneer die getuienis ten opsigte van al die beskuldigdes wat teenwoordig is, afgesluit is en die getuienis ten opsigte van 'n afwesige beskuldigde nie afgesluit is nie, stel die hof behoudens die bepalings van paragraaf (b) die verrigtinge uit totdat daardie afwesige beskuldigde teenwoordig is en, indien nodig, stel die hof die verrigtinge verder uit totdat die getuienis ten opsigte van daardie beskuldigde afgesluit is.

(b) If it appears to the court that the presence of such an absent accused cannot reasonably be obtained, the court may direct that the proceedings in respect of the accused present be concluded as if his trial had been separated from the trial of the absent accused at the stage at which that accused became absent from the trial and when such absent accused is again in attendance, his trial shall continue from that stage of the proceedings at which he became absent and the court shall not be required to be differently constituted merely by reason of such separation.

(b) As dit vir die hof blyk dat die teenwoordigheid van so 'n afwesige beskuldigde nie redelikerwyse verkry kan word nie, kan die hof gelas dat die verrigtinge ten opsigte van die beskuldigde wat teenwoordig is, afgehandel word asof sy verhoor van die verhoor van die afwesige beskuldigde geskei was in die stadium waarop daardie beskuldigde van die verhoor afwesig geraak het, en wanneer so 'n afwesige beskuldigde weer teenwoordig is, gaan sy verhoor voort vanaf die stadium van die verrigtinge waarop hy afwesig geraak het en is dit nie nodig dat die hof vanweë die bedoelde skeiding anders saamgestel word nie.

(c) When the evidence in respect of all the accused at the trial has been closed and any accused is absent when the verdict is to be delivered, the verdict may be delivered in respect of all the accused or be withheld until all the accused are present or be delivered in respect of any accused present and withheld in respect of the absent accused until he is again in attendance.

(c) Wanneer die getuienis ten opsigte van al die beskuldigdes by die verhoor afgesluit is en 'n beskuldigde afwesig is wanneer uitspraak gelewer moet word, kan uitspraak ten opsigte van al die beskuldigdes gelewer word of teruggehou word totdat al die beskuldigdes teenwoordig is, of gelewer word ten opsigte van die beskuldigdes wat teenwoordig is en teruggehou word ten opsigte van die afwesige beskuldigde totdat hy weer teenwoordig is.

132. (1) The prosecutor may before any evidence is adduced address the court for the purpose of explaining the charge and opening the evidence intended to be adduced for the prosecution but without comment thereon.

132. (1) Die aanklaer kan, voordat enige getuienis aangevoer word, die hof toespreek om die aanklag te verduidelik en die getuienis in te lei wat bedoel word om vir die vervolging aangevoer te word, maar sonder kommentaar daarop.

(2) The prosecutor shall then examine the witnesses for the prosecution and put in and read any documentary evidence which may be admissible, and, in the case of a trial before a superior court, and in a case remitted to a magistrate's court, as well as in the case of a trial before the court of a regional division which takes place on the direction of the attorney-general in terms of paragraph (b) or (c) of sub-section (1) of section *eighty-one*, read any evidence given by the accused as well as the statement made by him in the presence of the magistrate at the preparatory examination.

(2) Die aanklaer moet dan die getuies vir die vervolging ondervra en enige toelaatbare dokumentêre bewys inlewer en uitlees, en, in die geval van 'n verhoor voor 'n hoër hof en in 'n saak wat na 'n landdroshof teruggewys is, asook in die geval van 'n verhoor voor die hof van 'n streekafdeling wat geskied op las van die Prokureur-generaal ingevolge paragraaf (b) of (c) van subartikel (1) van artikel *een-en-tagtig* enige getuienis, asook die verklaring, deur die beskuldigde in die teenwoordigheid van die landdros by die voorlopige ondersoek afgelê, uitlees.

(3) If, at the close of the case for the prosecution, the court considers that there is no evidence that the accused committed the offence charged in the charge or any other offence of which he might be convicted thereon, it may then return a verdict of not guilty.

(3) As by afsluiting van die vervolging se kant van die saak, die hof meen dat daar geen bewys is dat die beskuldigde die misdryf wat in die aanklag ten laste gelê word of enige ander misdryf waaraan hy daarop skuldig bevind sou kan word, gepleeg het nie, kan die hof 'n uitspraak van onskuldig gee.

(4) At the close of the evidence for the prosecution the proper officer of the court shall ask the accused, or each of the accused if there are more than one, or his legal representative whether he intends to adduce evidence in his defence and, if he answers in the affirmative, he may by himself or his legal representative address the court, for the purpose of opening the evidence intended to be adduced for the defence but without comment thereon, and thereafter he or his legal representative shall examine his witnesses and put in and read any documentary evidence which may be admissible.

(4) By die afsluiting van die getuienis vir die vervolging moet die bevoegde beampte van die hof die beskuldigde, of elke beskuldigde, as daar meer as een is, of sy regsverteenwoordiger, vra of hy voornemens is om getuienis vir sy verdediging aan te voer, en as hy bevestigend antwoord, kan hy self of deur middel van sy regsverteenwoordiger die hof toespreek om die getuienis wat hy voornemens is om vir die verdediging aan te voer, in te lei, maar sonder kommentaar daarop, en daarna moet hy of sy regsverteenwoordiger sy getuies ondervra en enige toelaatbare dokumentêre bewys inlewer en uitlees.

133. Every person charged with an offence is entitled to make his defence at his trial and to have the witnesses examined or cross-examined by his counsel, if the trial is before a superior court, or by his counsel or his attorney, if the trial is before an inferior court: Provided that upon his trial before an inferior court, an accused under the age of sixteen years may be assisted by his natural or legal guardian, and that any accused who in the opinion of the court requires the assistance of another person, may, with the permission of the court be so assisted.

133. Iedereen wat weens 'n misdryf aangekla word, is geregtig om sy verdediging by sy verhoor te stel en die getuies te laat ondervra of kruisvra deur sy advokaat, as die verhoor voor 'n hoër hof geskied, of deur sy advokaat of sy prokureur as die verhoor voor 'n laer hof geskied: Met dien verstande dat 'n beskuldigde onder die ouderdom van sestien jaar by sy verhoor voor 'n laer hof deur sy natuurlike of wettige voog bygestaan kan word, en dat enige beskuldigde wat, volgens die oordeel van die hof, die bystand van iemand anders nodig het, met vergunning van die hof aldus bygestaan kan word.

134. (1) If during the trial in any court of a person under the age of eighteen years who is charged with any offence other than murder or rape, it appears to the judge or judicial officer presiding at that trial that

134. (1) As dit gedurende die verhoor, in enige hof, van iemand onder die ouderdom van agtien jaar wat van enige misdryf, behalwe moord of verkragting, aangekla word, vir die regter of regterlike beampte wat by daardie

the said person is a child in need of care within the meaning of that expression as defined in section *one* of the Children's Ordinance, 1961 (Ordinance 31 of 1961), and that it is desirable to deal with that person in terms of sections *twenty-eight* and *twenty-nine* of that Ordinance, he may stop the trial and order that the said person be brought before a children's court mentioned in section *four* of the said Ordinance and be dealt with under the said sections *twenty-eight* and *twenty-nine*.

(2) If such an order is made in the course of a trial after the return of a verdict of guilty, that verdict shall become null and void in so far as it relates to the person to whom the said order relates, and shall be deemed not to have been returned.

135. Subject to the provisions of section *one hundred and twenty-three* any court before which a trial is pending may, if it is necessary or expedient, postpone the trial until such time, and to such place, and upon such terms, as to such court may seem proper, and further postponements may, if necessary or expedient, be made from time to time.

136. A trial may, if it is necessary or expedient, be adjourned at any time of the trial, whether evidence has or has not been given.

137. (1) When a trial is postponed or adjourned, as aforesaid, the court may direct that the accused be detained until liberated in accordance with law or release him on bail or extend his bail if he has already been released on bail, and may extend the recognizances of the witnesses.

(2) When the trial of an accused who is not in custody and who has not been released on bail, is so postponed or adjourned, he shall be deemed to have been served with a summons to appear at the time and place to which the trial has been postponed or adjourned.

138. (1) Subject to the provisions of section *three hundred and thirty-seven*, the accused shall, upon the day appointed for his trial or sentence upon any charge, appear in court, or if he is in custody, he shall be brought into court and shall be informed in open court of the offence with which he is charged as set forth in the charge, and shall be required to plead instantly thereto except where, in the case of an indictment or summons the accused objects so to plead and the court finds that he has not been duly served with a copy of the indictment or summons.

(2) If the accused is indicted in any superior court after having been released on bail, his plea to the indictment shall, unless the court otherwise directs, have the effect of terminating his bail and he shall thereupon be detained in custody until the conclusion of the trial in the same manner in every respect as if he had not been released on bail.

139. (1) If, when the accused is called upon to plead to a charge, it appears to be uncertain for any reason whether he is capable of understanding the proceedings at the trial, so as to be able to make a proper defence, the procedure described in section *twenty-eight* of the Mental Disorders Act, 1916 (Act 38 of 1916), shall be followed.

(2) If the court finds that he is so capable, the trial shall proceed as in other cases.

(3) If the court finds that he is not so capable, the accused shall be dealt with in accordance with the provisions of section *twenty-eight* of the Mental Disorders Act, 1916 (Act 38 of 1916).

(4) A person so found to be incapable of understanding the proceedings at the trial may thereafter be again indicted or charged and tried for the offence at any time when he is so capable.

(5) The provisions of this section shall be read as being additional to and not in substitution for the provisions of section *twenty-eight* of the Mental Disorders Act, 1916 (Act 38 of 1916).

140. (1) Every objection to an indictment for any formal defect apparent on the face thereof shall be taken before the accused has pleaded but not afterwards.

verhoor voorsit, blyk dat bedoelde persoon 'n sorgbehoewende kind is binne die bedoeling van daardie uitdrukking soos in artikel *een* van die Kinderordonnansie 1961 (Ordonnansie 31 van 1961) bepaal, en dat dit wenslik is dat met daardie persoon kragtens artikels *agt-en-twintig* en *negen-en-twintig* van daardie ordonnansie gehandel word, kan hy die verhoor staak en gelas dat bedoelde persoon voor 'n kinderhof in artikel *vier* van genoemde ordonnansie vermeld, gebring word, en dat kragtens genoemde artikels *agt-en-twintig* en *negen-en-twintig* met hom behandel word.

(2) As so 'n lasgewing in die loop van 'n verhoor na skuldigbevinding uitgereik word, word daardie bevinding van nul en gener waarde vir sover dit betrekking het op die persoon op wie bedoelde lasgewing betrekking het, en geag nie gedoen te gewees het nie.

135. Behoudens die bepalings van artikel *eenhonderd drie-en-twintig* en as dit nodig of dienstig is, kan enige hof voor wie 'n verhoor aanhangig is, die verhoor tot 'n tyd en na 'n plek en op die voorwaardes wat vir so 'n hof gepas voorkom, uitstel en indien nodig of dienstig kan dit van tyd tot tyd verder uitgestel word.

136. 'n Verhoor kan, indien nodig of dienstig, op enige tydstip daarvan verdaag word, hetsy getuienis afgelê is of nie.

137. (1) Wanneer 'n verhoor soos voormeld uitgestel of verdaag word, kan die hof gelas dat die beskuldigde aangehou word totdat hy volgens wet vrygestel word, of hom op borgtog vrylaat of, as hy reeds op borgtog vrygelaat is, sy borgtog verleng, en die borgtog van die getuies verleng.

(2) Wanneer die verhoor van 'n beskuldigde wat nie in hegtenis is nie en wat nie op borgtog vrygelaat is nie, aldus uitgestel of verdaag word, word geag dat 'n dagvaarding aan hom bestel is om te verskyn op die tyd tot wanneer, en die plek waarna, die verhoor uitgestel of verdaag is.

138. (1) Behoudens die bepalings van artikel *driehonderd sewen-en-dertig* moet die beskuldigde op die dag vir sy verhoor of vonnis op 'n aanklag bepaal, voor die hof verskyn of, as hy in hegtenis is, voor die hof gebring word, en in die ope hof verwittig word van die misdryf waarvan hy aangekla word, soos in die aanklag uiteengesit, en aangesê word om onmiddellik daarop te pleit, behalwe waar, in die geval van 'n akte van beskuldiging of dagvaarding, die beskuldigde daarteen beswaar maak om aldus te pleit en die hof bevind dat 'n afskrif van die akte van beskuldiging of dagvaarding nie behoorlik aan hom bestel is nie.

(2) As die beskuldigde voor 'n hoër hof aangekla word nadat hy op borgtog vrygelaat is, het sy pleit op die akte van beskuldiging die gevolg dat sy borgtog beëindig word, tensy die hof die teendeel gelas, en moet hy daarna tot afloop van die verhoor in hegtenis gehou word in alle opsigte op dieselfde wyse asof hy nie op borgtog vrygelaat was nie.

139. (1) As dit, wanneer die beskuldigde aangesê word om op 'n aanklag te pleit, om een of ander rede blyk onseker te wees of hy in staat is om die verrigtinge by die verhoor te begryp sodat hy in staat sal wees om sy verdediging behoorlik te voer, word die prosedure in artikel *agt-en-twintig* van die Wet op Geestesgebreken 1916 (Wet 38 van 1916) beskryf, gevolg.

(2) As die hof bevind dat hy aldus in staat is, word die verhoor soos in ander gevalle voortgesit.

(3) As die hof bevind dat hy nie aldus in staat is nie, word met die beskuldigde ooreenkomstig die bepalings van artikel *agt-en-twintig* van die Wet op Geestesgebreken 1916 (Wet 38 van 1916) gehandel.

(4) Iemand wat aldus bevind word nie in staat te wees om die verrigtinge by die verhoor te begryp nie, kan te eniger tyd daarna, wanneer hy aldus in staat is, weer weens die misdryf aangekla en verhoor word.

(5) Die bepalings van hierdie artikel word uitgelê as 'n byvoeging tot en nie ter vervanging nie van die bepalings van artikel *agt-en-twintig* van die Wet op Geestesgebreken 1916 (Wet 38 van 1916).

140. (1) Iedere beswaar teen 'n akte van beskuldiging op grond van 'n op die oog duidelike formele gebrek daarin word gemaak voordat die beskuldigde gepleit het maar nie daarna nie.

(2) Any such objection to a summons or charge which is to be tried by an inferior court shall be taken by exception before the accused has pleaded but not afterwards.

(3) Every court before which any such objection is taken for any formal defect may, if it is considered necessary, and if the accused will not thereby be prejudiced in his defence cause the charge to be forthwith amended in such particular as the court may direct, and thereupon the trial shall proceed as if no such defect had appeared.

141. (1) If the accused excepts only and does not plead, the court shall proceed to hear and determine the matter forthwith, and if the exception is overruled he shall be called upon to plead to the charge.

(2) When the accused pleads and excepts together, it shall be in the discretion of the court whether the plea or exception shall be first disposed of.

195. (1) Niemand anders behalwe 'n persoon wat in artikel *eenhonderd ses-en-negentig* of *eenhonderd sewen-en-negentig* beskrywe word, word andersins as onder eed as getuie ondervra nie.

(2) Die eed wat iemand as getuie opgelê moet word, word opgelê in die vorm wat aan hom die betekenis van die eed die duidelikste aandui, en wat hy sover dit sy gewete betref as bindend beskou.

196. (1) In 'n geval waar iemand wat verplig is of kan word om 'n eed af te lê, daarteen beswaar maak, kan daardie persoon 'n bevestiging in die volgende bewoording doen: „Ek bevestig en verklaar opreg dat" (voeg hier in wat bevestig of verklaar moet word). So 'n bevestiging of verklaring het dieselfde regskrag en gevolge asof die persoon so 'n eed afgelê het.

(2) Iemand wat regtens gemagtig, verplig of bevoeg is om 'n eed af te neem of op te lê, moet in plaas daarvan 'n bevestiging of verklaring soos voormeld, aanvaar.

(3) Dieselfde strawwe en regsonbevoegdhede wat onderskeidelik geld by en verbonde is aan 'n valse of korrupte aflegging of ondertekening van 'n eed wat ooreenkomstig artikel *eenhonderd vyf-en-negentig* opgelê is, en 'n versuim en weiering in verband daarmee, is op dieselfde wyse van toepassing op, en is op dieselfde wyse verbonde aan, onderskeidelik die valse of korrupte aflegging of ondertekening van 'n in hierdie artikel bedoelde bevestiging of verklaring, en 'n versuim en weiering in verband daarmee.

197. Iemand wat weens onkunde voorspruitende uit sy jeugdigheid, gebrekkige opvoeding of 'n ander rede bevind word nie die aard van 'n eed of bevestiging te be-

obligation, of an oath or affirmation, may be admitted to give evidence in any criminal proceedings without being upon oath or affirmation: Provided that, before any such person proceeds to give evidence, the judge, magistrate or other judicial officer before whom he is called as a witness, shall admonish him to speak the truth, the whole truth, and nothing but the truth, and shall further administer, or cause to be administered, to him any form of admonition which appears, either from his own statement or from any other source of information, to be calculated to impress his mind and bind his conscience, and which is not, as being of an inhuman, immoral or irreligious nature, obviously unfit to be administered: Provided further that any such person who wilfully and falsely states anything which, if sworn, would have amounted to the offence of perjury, or any statutory offence punishable as perjury, shall be deemed to have committed that offence, and shall, upon conviction, be liable to such punishment as is by law provided as a punishment for that offence.

COMPETENCY OF WITNESSES

198. Every person not expressly excluded by this Ordinance from giving evidence shall be competent and compellable to give evidence in any criminal proceedings.

199. The court in which any criminal proceedings are conducted shall decide all questions concerning the competency or compellability of any witness to give evidence.

200. No person appearing or proved to be afflicted with idiocy, lunacy, or insanity, or labouring under any imbecility of mind arising from intoxication or otherwise, whereby he is deprived of the proper use of reason, shall be competent to give evidence while so afflicted or disabled.

201. (1) The wife or husband of an accused is competent and compellable to give evidence for the prosecution without the consent of the accused, where the accused is prosecuted for any offence against the person of either of them or any of the children of either of them, or for any offence under Chapter III of the Children's Ordinance, 1961 (Ordinance 31 of 1961), committed in respect of any of the children of either of them or for any of the following offences:

(a) bigamy;

(b) incest;

(c) abduction;

(d) contravening any provision of section *three* or *four* of the Girl's and Mentally Defective Women's Protection Proclamation, 1921 (Proclamation 28 of 1921) or section *three* of the Immorality Proclamation, 1934 (Proclamation 19 of 1934);

(e) perjury committed in connection with, or for the purpose of, any judicial proceedings instituted or to be instituted or contemplated by the one of them against the other or in connection with or for the purpose of any criminal proceedings in respect of any offence included in this sub-section; and

(f) the statutory offence of making a false statement in any affidavit or solemn or attested declaration if the same be made in connection with or for the purpose of any such proceedings as are mentioned in paragraph (e).

(2) The wife or husband of an accused is competent but not compellable to give evidence for the prosecution without the consent of the accused, where such accused is prosecuted for an offence against the separate property of the wife or husband of the accused or for any offence under section *one* or *two* of the Immorality Proclamation, 1934 (Proclamation 19 of 1934).

(3) Anything to the contrary notwithstanding in this Ordinance or in any other law every person married in accordance with native law or custom shall, notwithstanding the registration or other recognition under any law of such a union as a valid and binding marriage, for the purposes of the law of evidence in criminal cases, be in the same position as an unmarried person.

gryp nie of die gebondenheid daaraan op grond van godsdienstige oortuiging te besef nie, kan toegelaat word om in 'n strafsaak getuienis af te lê sonder om dit onder eed te doen of te bevestig: Met dien verstande dat voordat so iemand getuienis aflê die regter, landdros of ander regterlike beampte voor wie hy as getuie opgeroep word, hom moet waarsku om die waarheid, die algehele waarheid en niks anders as die waarheid nie te praat, en voorts aan hom 'n waarskuwing moet rig, of laat rig, in enige vorm wat op grond van óf sy eie verklaring óf 'n ander inligtingsbron blyk daarop bereken te wees om 'n indruk op sy verstand te maak en sy gewete te bind en wat nie klaarblyklik ongeskik is om aan hom gerig te word omdat dit onmenslik, immoreel of ongodsdienstig van aard is nie: Met dien verstande voorts dat so iemand wat opsetlik en valslik 'n verklaring doen wat, as dit beëdig was, die misdryf van meineed of 'n wetteregtelike misdryf wat as meineed strafbaar is, sou uitgemaak het, geag word daardie misdryf te gepleeg het en by skuldigbevinding strafbaar is met die straf wat regtens as straf vir daardie misdryf bepaal word.

BEVOEGDHEID VAN GETUIES

198. Elkeen aan wie die aflegging van getuienis nie uitdruklik by hierdie ordonnansie ontsê word nie, is bevoeg en verplig om in enige strafsaak getuienis af te lê.

199. Die hof voor wie 'n strafsaak dien, beslis alle vrae in verband met 'n getuie se bevoegdheid of verpligting om getuienis af te lê.

200. Niemand wat skyn of bewys word te ly aan stompsinnigheid of kranksinnigheid of verstandsverbystering voortspruitende uit dronkenskap of andersins, waardeur hy van die behoorlike gebruik van sy sinne beroof word, is, terwyl hy aldus aangetas of onbekwaam is, bevoeg om getuienis af te lê nie.

201. (1) Die eggenote of eggenoot van 'n beskuldigde is sonder toestemming van die beskuldigde bevoeg en kan verplig word om getuienis vir die vervolging af te lê, waar die beskuldigde vervolg word weens 'n misdryf teen die persoon van die een of die ander van hulle of enige van die kinders van die een of die ander van hulle of weens 'n misdryf ingevolge hoofstuk III van die Kinderordonnansie 1961 (Ordonnansie 31 van 1961) gepleeg ten opsigte van enige van die kinders van die een of die ander van hulle of weens enige van die volgende misdrywe:

(a) bigamie;

(b) bloedskande;

(c) ontvoering;

(d) oortreding van 'n bepaling van artikel *drie* of *vier* van die Meisjes en Geestelik Gekrenkte Vrouwen Beschermings Proklamatie 1921 (Proklamasie 28 van 1921) of artikel *drie* van die Proklamasie van 1934 betreffende Immoraliteit (Proklamasie 19 van 1934);

(e) meineed gepleeg in verband met of vir die doel van geregtelike stappe wat deur een van hulle teen die ander ingestel is of ingestel staan te word of beoog word of in verband met of vir die doel van 'n strafsaak ten opsigte van 'n misdryf in hierdie subartikel bedoel; en

(f) die wetteregtelike misdryf van 'n valse verklaring afgelê in 'n beëdigde, plegtige of geattesteerde verklaring as dit in verband met of vir die doel van in paragraaf (e) bedoelde stappe afgelê word.

(2) Die eggenote of eggenoot van 'n beskuldigde is sonder toestemming van die beskuldigde bevoeg maar nie verplig nie om getuienis vir die vervolging af te lê waar die beskuldigde vervolg word weens 'n misdryf teen die afsonderlike eiendom van die eggenote of eggenoot van die beskuldigde of weens 'n misdryf ingevolge artikel *een* of *twee* van die Proklamasie van 1934 betreffende Immoraliteit (Proklamasie 19 van 1934).

(3) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie ordonnansie of 'n ander wet is elkeen wat ooreenkomstig naturellereg of -gewoonte getroud is, nieteenstaande die registrasie of ander erkenning ingevolge enige wet van so 'n verbintenis as 'n geldige en bindende huwelik, by die toepassing van die regsbepalings op bewyslewering in strafsake in dieselfde posisie as 'n ongetroude persoon.

202. (1) Every accused, and the wife or husband (as the case may be) of every accused, shall be a competent witness for the defence at every stage of the proceedings, whether the accused is charged solely or jointly with any other person: Provided that —

(a) an accused shall not be called as a witness except upon his own application;

(b) the wife or husband of an accused shall not be called as a witness for the defence except upon the application of the accused.

(2) Every accused called as a witness in pursuance of this section shall, unless otherwise ordered by the court, give his evidence from the witness box or other place from which the other witnesses give their evidence.

(3) Nothing in this section shall affect any right of the accused to make a statement without being sworn: Provided that, if he gives evidence on his own behalf at a preparatory examination, such evidence may be read and put in at his trial by the prosecutor.

PRIVILEGES OF WITNESSES

203. An accused called as a witness upon his own application shall not be asked, and if asked, shall not be required to answer, any question tending to show that he has committed, or has been convicted of or has been charged with, any offence other than that wherewith he is then charged, or is of bad character, unless —

(a) he has personally or by his counsel or attorney asked questions of any witness with a view to establishing, or has himself given evidence of, his own good character, or the nature of conduct of the defence is such as to involve imputation of the character of the prosecutor or the witnesses for the prosecution; or

(b) he has given evidence against any other person charged with the same offence; or

(c) the proceedings against him are such as are described in section *two hundred and fifty-three* or *two hundred and fifty-four,* and the notice required by those sections has been given to him; or

(d) the proof that he has committed or been convicted of such other offence is admissible evidence to show that he is guilty of the offence wherewith he is then charged.

204. (1) A husband shall not be compelled to disclose any communication made to him by his wife during the marriage, and a wife shall not be compelled to disclose any communication made to her by her husband during the marriage.

(2) A person whose marriage has been dissolved or annulled by a competent court shall not be compelled to give evidence as to any matter or thing which occurred during the subsistence of the marriage or supposed marriage, and as to which he or she could not have been compelled to give evidence if the marriage was subsisting.

205. No person shall be compelled to answer any question or to give any evidence, if the question or evidence is such that under the circumstances the husband or wife of such person, if under examination as a witness, might lawfully refuse and could not be compelled to answer or to give it.

206. A witness in criminal proceedings may not refuse to answer a question relevant to the issue, the answering of which has no tendency to incriminate himself, or to expose him to penalty or forfeiture of any nature whatsoever, by reason only or on the sole ground that the answering of such question may establish or tend to establish that he owes a debt or is otherwise subject to a civil suit.

207. No advocate or attorney or other legal practitioner duly qualified to practise in any court whether within the Territory or elsewhere shall be competent to give evidence against any person by whom he has been professionally employed or consulted, without the consent of that person, as to any fact, matter, or thing, as to

202. (1) Elke beskuldigde en die eggenote of eggenoot (na gelang) van elke beskuldigde is 'n bevoegde getuie vir die verdediging op elke stadium van 'n strafsaak, hetsy die beskuldigde alleen of tesame met iemand anders aangekla word: Met dien verstande dat —

(a) 'n beskuldigde, behalwe op sy eie aansoek, nie as getuie opgeroep mag word nie;

(b) die eggenote of eggenoot van 'n beskuldigde nie as getuie vir die verdediging opgeroep mag word nie behalwe op aansoek van die beskuldigde.

(2) Tensy die hof anders gelas, moet elke beskuldigde wat ingevolge hierdie artikel as getuie opgeroep word, sy getuienis aflê vanuit die getuiebank of ander plek waar die ander getuies hul getuienis aflê.

(3) Geen bepaling van hierdie artikel doen afbreuk aan enige reg van die beskuldigde om 'n verklaring af te lê sonder dat hy ingesweer is nie: Met dien verstande dat as hy by 'n voorlopige ondersoek getuienis ten behoewe van homself aflê, daardie getuienis by sy verhoor deur die aanklaer uitgelees en ingelewer kan word.

PRIVILEGIE VAN GETUIES

203. Aan 'n beskuldigde wat op sy eie aansoek as getuie opgeroep word, mag geen vraag gestel word waarvan die strekking is om aan te toon dat hy 'n ander misdryf as dié waarvan hy aangekla staan, gepleeg het of daaraan skuldig bevind is of daarvan aangekla is, of van swak karakter is nie, en as so 'n vraag aan hom gestel word, hoef hy nie daarop te antwoord nie, tensy —

(a) hy self of deur sy advokaat of prokureur aan 'n getuie vrae gestel het om sy eie goeie naam te bewys of hy self getuienis daaroor afgelê het, of die aard van die verdediging of die wyse waarop dit gevoer word sodanig is dat die karakter van die aanklaer of die getuies vir die vervolging daardeur aangetas word; of

(b) hy getuienis teen iemand anders, weens dieselfde misdryf aangekla, afgelê het; of

(c) die saak teen hom 'n saak is soos in artikel *tweehonderd drie-en-vyftig* of *tweehonderd vier-en-vyftig* beskrywe, en die by daardie artikels vereiste kennis aan hom gegee is; of

(d) die bewys dat hy sodanige ander misdryf gepleeg het of daaraan skuldig bevind is, toelaatbare getuienis is om te bewys dat hy skuldig is aan die misdryf waarvan hy dan aangekla staan.

204. (1) 'n Eggenoot is nie verplig om 'n mededeling aan hom deur sy eggenote tydens die huwelik gedoen, te openbaar nie, en 'n eggenote is nie verplig om 'n mededeling aan haar deur haar eggenoot tydens die huwelik gedoen, te openbaar nie.

(2) Iemand wie se huwelik deur 'n bevoegde hof ontbind of nietig verklaar is, is nie verplig om oor enigiets wat tydens die bestaan van die huwelik of vermeende huwelik voorgeval het en waaroor hy of sy nie verplig sou kon word om getuienis af te lê as die huwelik bestaan het, getuienis af te lê nie.

205. Niemand is verplig om op 'n vraag te antwoord of getuienis af te lê nie as die vraag of getuienis sodanig is dat onder die omstandighede die eggenoot of eggenote van daardie persoon, indien as getuie ondervra, wettig sou kon weier en nie verplig sou kon word om daarop te antwoord of dit af te lê nie.

206. 'n Getuie in 'n strafsaak mag nie weier om op 'n ter sake dienende vraag waarvan die beantwoording nie die strekking het om hom te inkrimineer of aan enige straf of verbeuring van watter aard ook al bloot te stel, te antwoord nie, bloot omdat of op grond daarvan dat die antwoord op daardie vraag aan die lig mag bring of die strekking mag hê om aan die lig te bring dat hy in die skuld staan of andersins aan 'n siviele eis onderhewig is.

207. Geen advokaat of prokureur of ander regspraktisyn wat behoorlik bevoeg is om in 'n hof, hetsy binne die Gebied of elders, te praktiseer, is bevoeg om teen iemand aan wie hy beroepsdienste gelewer het of deur wie hy uit hoofde van sy beroep geraadpleeg is, sonder so iemand se toestemming getuienis af te lê nie aangaande 'n

which such legal practitioner, by reason of such employment, or consultation, and without such consent would not be competent to give evidence in any similar proceeding depending in the Supreme Court of Judicature in England: Provided that no such legal practitioner shall, in any proceeding, by reason of any such employment or consultation, be incompetent or not legally compellable to give evidence as to any fact, matter, or thing, relative to or connected with the commission of any offence for which the person by whom such legal practitioner has been so employed or consulted, is in such proceeding prosecuted whenever such fact, matter, or thing, has come to the knowledge of such legal practitioner before he was professionally employed for or consulted with reference to the defence of such person against such prosecution.

208. No witness shall, except as in this Ordinance is provided, be compellable or permitted to give evidence in any criminal proceedings as to any fact, matter or thing, or as to any communication made to or by such witness as to which, if the case were depending in the Supreme Court of Judicature in England, such witness would not be compellable or permitted to give evidence, by reason that such fact, matter or thing, or communication, on grounds of public policy and from regard to public interest, ought not be disclosed and is privileged from disclosure: Provided that it shall be competent for any person, in any criminal proceedings, to adduce evidence of any communication alleging the commission of an offence if the making of that communication *prima facie* constituted an offence, and it shall be competent for the judge or judicial officer presiding at such proceedings to determine whether the making of such communication *prima facie* did or did not constitute an offence, and such determination shall, for the purpose of those proceedings, be final.

209. No witness in any criminal proceedings shall, except as provided by this Ordinance or any other law, be compelled to answer any question which, if he were under examination in any similar case depending in the Supreme Court of Judicature in England, he would not be compelled to answer, by reason that this answer might have a tendency to expose him to any pains, penalty, punishment or forfeiture, or to a criminal charge, or to degrade his character: Provided that anything to the contrary notwithstanding in this section contained, an accused called as a witness on his own application in accordance with section *two hundred and two* may be asked any question in cross-examination, notwithstanding that it would tend to incriminate him as to the offence charged against him.

## EVIDENCE ON COMMISSION

210. (1) Whenever in the course of any criminal proceedings, it appears to a superior court on application made that the examination of a witness is necessary for the ends of justice and that the attendance of such witness cannot be procured without an amount of delay, expense, or inconvenience which under the circumstances of the case would be unreasonable, such court may dispense with such attendance and may issue a commission to any magistrate or, where the witness is resident outside the Territory, to any person authorized by such superior court to take evidence on commission in civil cases outside the Territory, within the local limits of whose jurisdiction such witness resides: Provided that, in any such application, the specific fact or facts with regard to which the evidence of the witness is required shall be set out and the court may, by its order confine the examination of the witness to those facts: Provided further that, when the application is on behalf of the State, the court may direct as a condition of such order that the expense necessary to the representation of accused by attorney or counsel at the examination shall be paid by the State.

(2) The magistrate or other person to whom the commission is issued shall proceed to the place where the witness is or shall summon the witness before him, and shall take down his evidence in the same manner, as in the case of an ordinary preparatory examination taken before himself, or where the commission is executed out-

feit, aangeleentheid of saak waaroor so 'n regspraktisyn uit hoofde van sodanige dienste of raadpleging en sonder sodanige toestemming nie bevoeg sou wees om in 'n soortgelyke saak wat voor die Hooggeregshof in Engeland dien, getuienis af te lê nie: Met dien verstande dat geen sodanige regspraktisyn, vanweë sodanige dienste of raadpleging, in 'n saak onbevoeg is of regtens van verpligting vry is nie om getuienis af te lê aangaande 'n feit, aangeleentheid of saak betreffende, of in verband staande met, die pleeg van 'n misdryf waarvoor die persoon, aan wie daardie regspraktisyn sodanige dienste gelewer het of deur wie hy aldus geraadpleeg is, in daardie saak vervolg word, wanneer daardie regspraktisyn sodanige feit, aangeleentheid of saak te wete gekom het voordat hy beroepsdienste gelewer het of uit hoofde van sy beroep geraadpleeg is in verband met die verdediging van daardie persoon teen sodanige vervolging.

208. Behalwe soos in hierdie ordonnansie bepaal, word 'n getuie nie verplig of toegelaat om in 'n strafsaak getuienis af te lê nie aangaande 'n feit, aangeleentheid of saak of aangaande 'n mededeling aan of deur daardie getuie gedoen, waaroor, as die saak voor die Hooggeregshof in Engeland gedien het, daardie getuie nie verplig of toegelaat sou kon geword het om getuienis af te lê nie omdat sodanige feit, aangeleentheid of saak of mededeling op grond van openbare beleid of met die oog op die openbare belang nie openbaar gemaak behoort te word nie en teen openbaarmaking geprivilegieerd is: Met dien verstande dat iemand in 'n strafsaak getuienis kan aanvoer aangaande 'n mededeling waarvolgens 'n misdryf gepleeg heet te gewees het, as die doen van daardie mededeling *prima facie* 'n misdryf uitgemaak het, en die regter of regterlike beampte wat by daardie saak voorsit, is bevoeg om te beslis of die doen van daardie mededeling *prima facie* 'n misdryf uitgemaak het al dan nie, en so 'n beslissing is vir die doeleindes van daardie saak afdoende.

209. Geen getuie in 'n strafsaak is, behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie of 'n ander wet, verplig om op 'n vraag te antwoord waarop hy, as hy in 'n soortgelyke saak voor die Hooggeregshof in Engeland ondervra was, nie verplig sou gewees het om te antwoord nie omdat sy antwoord die strekking mag hê om hom aan enige nadeel, straf of verbeuring of aan 'n strafregtelike aanklag bloot te stel, of om sy goeie naam aan te tas: Met dien verstande dat, ondanks andersluidende bepalings in hierdie artikel, daar aan 'n beskuldigde wat op sy eie aansoek ingevolge artikel *tweehonderd en twee* as getuie opgeroep word, enige vraag tydens kruisverhoor gestel kan word, al sou dit die strekking hê om hom te inkrimineer ten aansien van die misdryf wat hom ten laste gelê word.

## GETUIENIS BY WYSE VAN KOMMISSIE

210. (1) Wanneer dit gedurende 'n strafsaak na die mening van 'n hoër hof op aansoek blyk dat die ondervraging van 'n getuie vir die regsbedeling noodsaaklik is en dat die aanwesigheid van daardie getuie nie verkry kan word sonder sodanige vertraging, onkoste of ongerief soos onder die omstandighede van die geval onredelik sou wees nie, kan daardie hof van sodanige aanwesigheid afsien en 'n kommissie aan 'n landdros opdra of as die getuie buite die Gebied woon, aan iemand deur daardie hoër hof gemagtig om getuienis by wyse van kommissie in siviele gedinge buite die Gebied af te neem en binne die plaaslike grense van wie se regsbevoegdheid daardie getuie woon: Met dien verstande dat die besondere feit of feite ten opsigte waarvan die getuienis van die getuie vereis word, in so 'n aansoek vermeld moet word, en die hof deur sy opdrag die ondervraging van die getuie tot daardie feite kan beperk: Met dien verstande voorts dat wanneer die aansoek ten behoewe van die Staat geskied, die hof as voorwaarde van so 'n opdrag kan gelas dat die onkoste verbonde aan die verteenwoordiging van die beskuldigde deur 'n prokureur of advokaat by die ondervraging, deur die Staat betaal moet word.

(2) Die landdros of ander persoon aan wie die kommissie opgedra word, moet na die plek gaan waar die getuie is of die getuie voor hom ontbied, en moet sy getuienis afneem op dieselfde wyse as in die geval van 'n gewone voorlopige ondersoek deur hom gehou, of, waar die kommissie buite die Gebied uitgevoer word, op die-

side the Territory in the same manner as a commission to take evidence in civil cases is executed.

211. (1) Any party to any criminal proceedings in which a commission is issued may transmit any interrogatories in writing which the court directing the commission may think relevant to the issue, and the magistrate or other person to whom the commission is directed shall examine the witness upon such interrogatories.

(2) Any such party may appear before such magistrate or other person by counsel or attorney, or if not in custody, in person, and may examine, cross-examine and re-examine (as the case may be), the said witness.

212. (1) After a commission under section *two hundred and ten* has been duly executed, it shall be returned, together with the evidence of the witness examined thereunder, to the court which issued it; and the commission, the return thereto, and the evidence shall be open at all reasonable times to the inspection of the parties, and may, subject to all just exceptions, be read in evidence in the case by either party and shall form part of the record.

(2) Any evidence so taken may also be received in evidence at any subsequent stage of the case before another court.

213. In any case in which a commission is issued under section *two hundred and ten* the criminal proceedings may be adjourned for a specified time, reasonably sufficient for the execution and return of the commission.

## CHAPTER XIII.

## EVIDENCE

### ADMISSIBILITY OF EVIDENCE

214. (1) Wherever in any criminal proceedings the question arises whether any particular act, transaction or occurrence did or did not take place in any particular department or sub-department or branch thereof or office of the Administration or the Republic or a province thereof or in a particular court of law or in a particular bank or whether any particular functionary of the Administration or the Republic or a province thereof did or did not perform any particular act or take part in any particular transaction, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges —

(a) that he is in the service of the Administration or the Republic or a province thereof or of the said bank, as the case may be;

(b) that if the said act, transaction or occurrence had taken place in the said department or sub-department or branch thereof or office, court or bank, or if the said functionary had performed the said act or taken part in the said transaction it would in the ordinary course of events have come to his, the deponent's knowledge, and a record thereof, available to him, would have been kept;

(c) that no such act, transaction or occurrence has come to his knowledge or that he has satisfied himself that no such record was kept or that no such act, transaction or occurrence took place,

shall on its mere production in those proceedings by any person, but subject to the provisions of sub-section (7), be *prima facie* proof that no such act, transaction or occurrence took place.

(2) Whenever in any criminal proceedings the question arises whether any person bearing a particular name did or did not furnish any particular officer in the service of the Administration or the Republic or a province thereof with any particular information or document, a document purporting to be an affidavit made by a person who, in that affidavit, alleges that he is the said officer and that no person bearing the said name furnished him with any such information or document, shall on its mere production in those proceedings by any person, but subject to the provisions of sub-section (7), be *prima facie* proof

selfde wyse as dié waarop 'n kommissie om getuienis in siviele sake af te neem, uitgevoer word.

211. (1) 'n Party betrokke by 'n strafsaak waarin opdrag tot 'n kommissie gegee word, kan skriftelik vraagpunte deurstuur wat die hof deur wie die kommissie opgedra word, ter sake dienend ag, en die landdros of ander persoon aan wie die kommissie opgedra word, moet die getuie ooreenkomstig daardie vraagpunte ondervra.

(2) So 'n party kan voor sodanige landdros of ander persoon deur middel van 'n advokaat of prokureur of, as hy nie in hegtenis is nie, persoonlik, verskyn, en kan bedoelde getuie ondervra, kruisvra of herondervra, na gelang.

212. (1) Nadat 'n kommissie ingevolge artikel *tweehonderd en tien* behoorlik uitgevoer is, moet dit tesame met die getuienis van die getuie wat uit hoofde daarvan ondervra is, aan die hof wat daartoe opdrag gegee het, terugbesorg word; en die kommissie, die relaas daarvan, en die getuienis moet te alle redelike tye ter insae van die partye beskikbaar wees en kan, onderhewig aan alle gegronde besware, as getuienis in die saak deur enigeen van die partye voorgelees word en maak deel uit van die notule.

(2) Getuienis aldus afgeneem is ook op 'n latere stadium van die saak voor 'n ander hof as getuienis toelaatbaar.

213. In 'n geval waar opdrag tot 'n kommissie ingevolge artikel *tweehonderd en tien* gegee word, kan die strafsaak vir 'n bepaalde tyd wat redelikerwyse voldoende vir die uitvoering en terugbesorging van die kommissie is, verdaag word.

## HOOFSTUK XIII.

## GETUIENIS

### TOELAATBAARHEID VAN GETUIENIS

214. (1) Wanneer in 'n strafsaak die vraag ontstaan of 'n bepaalde daad, handeling of gebeurtenis in 'n bepaalde departement of subdepartement of afdeling daarvan of kantoor van die Administrasie of die Republiek of van 'n provinsie daarvan of in 'n bepaalde geregshof of in 'n bepaalde bank, plaasgevind het al dan nie, of die vraag ontstaan of 'n bepaalde funksionaris van die Administrasie of die Republiek of 'n provinsie daarvan 'n bepaalde daad verrig het of aan 'n bepaalde handeling deelgeneem het al dan nie, dan is 'n geskrif wat 'n beëdigde verklaring heet te wees van 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer —

(a) dat hy in diens is van die Administrasie of die Republiek of van 'n provinsie daarvan of van bedoelde bank, na gelang;

(b) dat as bedoelde daad, handeling of gebeurtenis in bedoelde departement of subdepartement of afdeling daarvan of kantoor, hof of bank plaasgevind het, of as bedoelde funksionaris bedoelde daad verrig het of aan bedoelde handeling deelgeneem het, dit in die gewone loop van sake tot sy, die verklaarder se, kennis sou gekom het en 'n aan hom beskikbare aantekening daarvan gehou sou gewees het;

(c) dat geen sodanige daad, handeling of gebeurtenis tot sy kennis gekom het nie of dat hy homself oortuig het dat geen sodanige aantekening gehou is nie of dat geen sodanige daad, handeling of gebeurtenis plaasgevind het nie,

by blote voorlegging in bedoelde saak deur enige persoon, maar behoudens die bepalings van subartikel (7), *prima facie* bewys dat geen sodanige daad, handeling of gebeurtenis plaasgevind het nie.

(2) Wanneer die vraag in 'n strafsaak ontstaan of iemand met 'n bepaalde naam, bepaalde inligting of 'n bepaalde dokument aan 'n bepaalde beampte in die diens van die Administrasie of die Republiek of van 'n provinsie daarvan verstrek het al dan nie, is 'n geskrif wat 'n beëdigde verklaring heet te wees van 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer dat hy bedoelde beampte is en dat niemand met bedoelde naam sulke inligting of so 'n dokument aan hom verstrek het nie, by blote voorlegging in bedoelde saak deur enige persoon, maar behoudens die bepalings van subartikel (7), *prima facie* bewys

that the said person did not furnish the said officer with any such information or document.

(3) In any criminal proceedings in which the registration of any matter or the recording of any fact or transaction under any law is relevant to the issue, such registration or recording and any matter connected therewith may, subject to the provisions of sub-section (7), be proved *prima facie* by the production of a document purporting to be an affidavit made by the person upon whom the said law confers the power or imposes the duty to effect any such registration or to record any such fact or transaction.

(4) Whenever any fact ascertained by any examination or process requiring any skill in bacteriology, biology, chemistry, physics, astronomy, geography, finger prints or palm prints is or may become relevant to the issue in any criminal proceedings, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges that he is in the service of the Administration or the Republic or a province thereof or in the service of, or attached to, the South African Institute for Medical Research or any university in the Republic or any other institution designated by the Administrator for the purposes of this section by proclamation in the *Official Gazette,* and that he has ascertained any such fact by means of any such examination or process, shall on its mere production in those proceedings by any person, but subject to the provisions of sub-section (7), be admissible to prove that fact: Provided that such affidavit shall not be so admissible in an inferior court, if objected to by an accused or his representative, where the affidavit is produced by the prosecutor, or if objected to by the prosecutor or by an accused or his representative, where the affidavit is produced by another accused or his representative, unless the objector or his representative has received, not later than three days after the day upon which the accused was summoned or otherwise notified of his trial, a notice in writing that such affidavit will be tendered in evidence at the trial, and has not within three days of the day of the receipt of such notice, given notice in writing to the person who gave such firstmentioned notice, that he will object to the production of such affidavit.

(5) Whenever the weight or value of any precious mineral or unwrought precious metal or rough or uncut diamond is relevant in any criminal proceedings a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit, alleges that he is a valuator of precious minerals or unwrought precious metals or rough or uncut diamonds in the service of the Administration or the Republic and that he has ascertained the weight and value of such precious mineral or unwrought precious metal or rough or uncut diamond, shall on its mere production by any person in those proceedings but subject to the provisions of sub-section (7), be *prima facie* proof of the weight and value of such precious mineral or unwrought precious metal or rough or uncut diamond.

(6) In any criminal proceedings in which it is relevant to prove that the details set out in any consignment note executed for the purpose of the transport of any goods by the Railway Administration are correct, such details may subject to the provisions *mutatis mutandis* of the proviso to sub-section (4) and to the provisions of sub-section (7), be proved *prima facie* by the production of a document purporting to be an affidavit made by the person who executed such consignment note, in which it is stated that the details set out in such consignment note are correct in relation to the goods described in such consignment note and delivered for transport in connection therewith.

(7) The court in which any such affidavit is adduced in evidence may in its discretion cause the person who made it, to be summoned to give oral evidence in the proceedings in question or may cause written interrogatories to be submitted to him for reply and such interrogatories and any reply thereto, purporting to be a reply from such person, shall likewise be admissible in evidence in such proceedings.

dat bedoelde persoon nie sulke inligting of so 'n dokument aan bedoelde beampte verstrek het nie.

(3) In 'n strafsaak waarin die registrasie van 'n aangeleentheid of die aantekening van 'n feit of handeling ingevolge 'n wet ter sake dienend is, kan sodanige registrasie of aantekening en enige aangeleentheid in verband daarmee, behoudens die bepalings van subartikel (7), *prima facie* bewys word deur die voorlegging van 'n geskrif wat 'n beëdigde verklaring heet te wees van die persoon aan wie bedoelde wet die bevoegdheid verleen of die plig oplê om so 'n registrasie te doen of so 'n feit of handeling aan te teken.

(4) Wanneer 'n feit wat ontdek is deur 'n ondersoek of proses wat bedrewenheid in bakteriologie, biologie, skeikunde, natuurkunde, sterrekunde, aardrykskunde of vingerafdrukke of palmafdrukke vereis, in 'n strafsaak ter sake dienend is of mag word, is 'n geskrif wat 'n beëdigde verklaring heet te wees van 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer dat hy in diens is van die Administrasie of die Republiek of van 'n provinsie daarvan of in diens is van of verbonde is aan die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing of 'n universiteit in die Republiek of 'n ander inrigting deur die Administrateur vir die doeleindes van hierdie artikel by proklamasie in die *Offisiële Koerant* aangewys, en dat hy so 'n feit deur middel van so 'n ondersoek of proses ontdek het, by blote voorlegging in bedoelde saak deur enige persoon, maar behoudens die bepalings van subartikel (7), toelaatbaar as bewys van daardie feit: Met dien verstande dat so 'n beëdigde verklaring nie in 'n laer hof aldus toelaatbaar is nie as beswaar daarteen deur 'n beskuldigde of sy verteenwoordiger gemaak word, waar die beëdigde verklaring deur die vervolger voorgelê word, of as beswaar daarteen deur die vervolger of deur 'n beskuldigde of sy verteenwoordiger gemaak word waar die beëdigde verklaring deur 'n ander beskuldigde of sy verteenwoordiger voorgelê word, tensy die beswaarmaker of sy verteenwoordiger hoogstens drie dae na die dag waarop die beskuldigde gedagvaar is of anders kennis gekry het van sy verhoor, skriftelik kennis ontvang het dat so 'n beëdigde verklaring by die verhoor as getuienis aangebied sal word, en nie binne drie dae vanaf die dag van ontvangs van so 'n kennisgewing, aan die persoon wat eersbedoelde kennis gegee het, skriftelik kennis gegee het dat hy teen die voorlegging van bedoelde beëdigde verklaring beswaar sal maak nie.

(5) Wanneer die gewig of waarde van enige edele mineraal of onbewerkte edele metaal of ruwe of ongeslypte diamant in 'n strafsaak ter sake dienend is, is 'n geskrif wat 'n beëdigde verklaring heet te wees van 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer dat hy 'n waardeerder van edele minerale of onbewerkte edele metale of ruwe of ongeslypte diamante in die diens van die Administrasie of die Republiek is en dat hy die gewig en waarde van sodanige edele mineraal of onbewerkte edele metaal of ruwe of ongeslypte diamant vasgestel het, by blote voorlegging in bedoelde saak deur enige persoon, maar behoudens die bepalings van subartikel (7), *prima facie* bewys van die gewig en waarde van daardie edele mineraal of onbewerkte edele metaal of ruwe of ongeslypte diamant.

(6) In enige strafsaak waar dit ter sake dienend is om te bewys dat die besonderhede uiteengesit in 'n vragbrief opgestel vir die vervoer van goedere deur die spoorwegadministrasie juis is, kan die besonderhede, behoudens die bepalings *mutatis mutandis* van die voorbehoudsbepaling by subartikel (4) en die bepalings van subartikel (7), *prima facie* bewys word deur die voorlegging van 'n dokument wat 'n beëdigde verklaring heet te wees van die persoon wat bedoelde vragbrief opgestel het, waarin verklaar word dat die besonderhede in die vragbrief uiteengesit juis is met betrekking tot die goedere in die vragbrief beskryf en vir vervoer in verband daarmee afgelewer.

(7) Die hof waarin so 'n beëdigde verklaring as getuienis voorgelê word, kan na goeddunke die persoon wat dit afgelê het, laat dagvaar om mondelinge getuienis in die betrokke saak af te lê of kan skriftelik vraagpunte aan hom vir beantwoording laat voorlê, en sodanige vraagpunte en enige antwoord daarop wat 'n antwoord van bedoelde persoon heet te wees, is insgelyks as getuienis in so 'n saak toelaatbaar.

(8) Nothing in this section contained shall affect any other law under which any certificate or other document is admissible in evidence, and the provisions of this section shall be deemed to be additional to, and not in substitution for, any such law.

215. No evidence as to any fact, matter, or thing shall be admissible which is irrelevant or immaterial and cannot conduce to prove or disprove any point of fact at issue in the case which is being tried.

216. No evidence which is of the nature of hearsay evidence shall be admissible in any case in which such evidence would be inadmissible in any similar case depending in the Supreme Court of Judicature in England.

217. The declaration made by any deceased person upon the apprehension of death shall be admissible or inadmissible in evidence in every case, in which such declaration would be admissible or inadmissible in any similar case depending in the Supreme Court of Judicature in England.

218. (1) The evidence of any witness taken upon oath before any magistrate at a preparatory examination in the manner required by section *sixty-four* in the presence of any person who has been brought before such magistrate on the charge of having committed an offence, or the evidence of a witness taken in the circumstances referred to in section *sixty-six*, shall be admissible in evidence on the trial of the person for any offence charged by the attorney-general in pursuance of the preparatory examination at which the evidence was taken, or on that person's trial before an inferior court or on the remittal of that person's case by the attorney-general after considering the said preparatory examination provided it is proved on oath to the satisfaction of the court that the witness is dead, or is incapable of giving evidence, or that he is too ill to attend, or that he is kept away from the trial by means and contrivance of the accused and that the evidence offered is the evidence which was sworn before the magistrate without any alteration and provided it appears from the record or is proved to the satisfaction of the court that the accused, by himself, his counsel or attorney, had a full opportunity of cross-examining the witness.

(2) The evidence of a witness given at a former criminal trial shall, under like circumstances, be admissible on any subsequent trial of the same person upon the same charge.

(3) Where the witness cannot be found after diligent search or cannot be compelled to attend, the court may, in its discretion, allow his evidence to be read as evidence at the trial subject to the conditions hereinbefore mentioned.

219. (1) Any confession of the commission of any offence shall, if such confession is proved by competent evidence to have been made by any person charged with such offence, whether before or after his arrest and whether on a judicial examination or after committal, and whether reduced into writing or not, be admissible in evidence against such person provided such confession is proved to have been freely and voluntarily made by such person in his sound and sober senses and without having been unduly influenced thereto: Provided that if such confession is shown to have been made to a peace officer, other than a magistrate or justice, it shall not be admissible in evidence under this section unless it was confirmed and reduced to writing in the presence of a magistrate or justice: Provided further that if such confession has been made at a preparatory examination before any magistrate, such person has previously, according to law, been cautioned by the magistrate that he is not obliged, in answer to the charge against him, to make any statement which may incriminate himself, and that what he then says may be used in evidence against him.

(2) In any proceedings any confession which is, by virtue of any provision of sub-section (1), inadmissible in evidence against the person who made it, shall become admissible against him if he or his representative adduces in those proceedings any evidence, either directly or in cross-examining a witness, of any statement, verbal or in writing, made by the person who made the confession

(8) Geen bepaling van hierdie artikel maak enige inbreuk op 'n ander wet uit hoofde waarvan 'n sertifikaat of ander stuk as getuienis toelaatbaar is nie, en die bepalings van hierdie artikel word geag so 'n wet aan te vul en nie te vervang nie.

215. Geen getuienis met betrekking tot enige feit, aangeleentheid of saak is toelaatbaar wat nie ter sake of van geen wesenlike belang is nie en wat nie strek tot bewys of weerlegging van enige punt of feit wat in die saak onder verhoor in geskil is nie.

216. Geen getuienis wat in sy aard hoorsê-getuienis is, is toelaatbaar in 'n saak waarin sodanige getuienis in 'n soortgelyke saak voor die Hooggeregshof in Engeland ontoelaatbaar sou wees nie.

217. Die verklaring wat deur 'n oorledene met die vrees van die dood voor oë afgelê is, is as getuienis toelaatbaar of ontoelaatbaar in iedere saak waarin so 'n verklaring in 'n soortgelyke saak voor die Hooggeregshof van Engeland toelaatbaar of ontoelaatbaar sou wees.

218. (1) Die getuienis wat van 'n getuie onder eed voor 'n landdros by 'n voorlopige ondersoek op die in artikel *vier-en-sestig* voorgeskrewe wyse afgeneem is in die aanwesigheid van iemand wat voor so 'n landdros gebring is op aanklag dat hy 'n misdryf gepleeg het, of die getuienis wat van 'n getuie in die in artikel *ses-en-sestig* bedoelde omstandighede afgeneem is, is a getuienis toelaatbaar by die verhoor van die persoon weens enige misdryf wat hom deur die Prokureur-generaal na aanleiding van die voorlopige ondersoek waarby die getuienis afgeneem is, ten laste gelê word, of by bedoelde persoon se verhoor voor 'n laer hof of by die terugverwysing van bedoelde persoon se saak deur die Prokureur-generaal na oorweging van bedoelde voorlopige ondersoek, mits dit onder eed tot voldoening van die hof bewys word dat die getuie oorlede is, of onbekwaam is om getuienis af te lê, of dat hy te siek is om te verskyn, of dat hy van die verhoor weggehou word deur die middels en toedoen van die beskuldigde en dat die aangebode getuienis die getuienis is wat voor die landdros onder eed afgelê is, sonder verandering, en mits dit uit die notule blyk of tot voldoening van die hof bewys word dat die beskuldigde self, sy advokaat of prokureur ten volle geleentheid gehad het om die getuie te kruisvra.

(2) Die getuienis van 'n getuie wat by 'n vorige strafverhoor afgelê is, is onder soortgelyke omstandighede by 'n latere verhoor van dieselfde persoon op dieselfde aanklag toelaatbaar.

(3) Waar die getuie nie gevind kan word nie nadat deeglik na hom gesoek is of nie verplig kan word om te verskyn nie, kan die hof, na goeddunke, toelaat dat sy getuienis as getuienis by die verhoor gelees word behoudens die voorwaardes hierbo vermeld.

219. (1) 'n Bekentenis van die pleging van 'n misdryf is, as dit deur middel van bevoegde getuienis bewys word dat so 'n bekentenis deur 'n persoon wat van bedoelde misdryf aangekla word, afgelê is, hetsy voor of na sy inhegtenisneming en hetsy by 'n geregtelike ondersoek of na verwysing en hetsy dit neergeskryf is al dan nie, teen so 'n persoon as getuienis toelaatbaar, mits dit bewys word dat so 'n bekentenis vry en bereidwillig deur so 'n persoon by sy volle verstand afgelê is en sonder dat hy op onbehoorlike wyse daartoe aangemoedig is: Met dien verstande dat as dit blyk dat so 'n bekentenis aan 'n ander vredesbeampte as 'n landdros of vrederegter gedoen is, dit nie as getuienis kragtens hierdie artikel toelaatbaar is nie tensy dit in die aanwesigheid van 'n landdros of vrederegter bevestig en neergeskryf is: Met dien verstande voorts dat as so 'n bekentenis by 'n voorlopige ondersoek voor 'n landdros afgelê is, bedoelde persoon vooraf volgens wet deur die landdros gewaarsku is dat hy nie in antwoord op die aanklag teen hom verplig is om enige verklaring te doen wat homself mag inkrimineer nie en dat wat hy dan sê as getuienis teen hom gebruik kan word.

279. Where a person indicted before a superior court for any offence, has been previously convicted of any offence, whether in the Territory or elsewhere, the prosecutor may, if the accused has under section *seventy-one* admitted that he has been so previously convicted and his admission has been subscribed by the magistrate in accordance with that section, and if he has pleaded guilty to or has been found guilty of the offence, before sentence is pronounced, tender the admission in proof of the previous conviction, and such admission shall be received by the court upon its mere production as proof of the previous conviction unless it is shown that the admission was not in fact duly made or that the signatures or marks thereto are not in fact the signatures or marks of the accused and the magistrate respectively: Provided that if

273. (1) Elke hoër hof moet, aan die einde van elke strafsitting van daardie hof, alle beskuldigdes wat dan in hegtenis is en dan regtens geregtig is om ontslaan te word, vry laat stel.

(2) Iemand wat in 'n laer hof op 'n aanklag vrygespreek word of teen wie 'n aanklag daar by gebrek aan vervolging van die hand gewys word, word onverwyld vrygestel.

274. Elke lid van die Gevangenisdiens in bevel van 'n gevangenis binne die gebied ten opsigte waarvan 'n sitting of rondgang van 'n hoër hof vir die beregting van strafsake gehou word, moet, op straf van tien rand, by die aanvang van elke sodanige sitting of rondgang aan daardie hof 'n lys verstrek van die gevangenes wat nog nie gevonnis is nie en die getuies ingevolge artikel *eenhonderd agt-en-tagtig* of *eenhonderd negen-en-tagtig* aangehou, as daar is, wat dan binne sy gevangenis is, en daardie lys vermeld in die geval van elke gevangene en elke aangehoue getuie die datum van sy toelating, die datum van sy verwysing, die magtiging vir sy aanhouding en in die geval van elke gevangene die rede vir sy gevangesetting en in die geval van 'n aangehoue getuie, die voorlopige ondersoek waarby hy verwys is.

275. Nòg ontslag uit gevangesetting nòg die verstryking van die borgakte, belet dat iemand voor 'n bevoegde hof weens 'n misdryf ten opsigte waarvan hy voorheen na die gevangenis verwys is of op borgtog vrygelaat is, vervolg word.

276. Niemand wat op borgtog vrygelaat is en nie behoorlik op verhoor gestel is nie of wat uit hoofde van artikel *twee-honderd drie-en-sewentig* vrygestel is, hoef verdere borgstelling te verkry nie of mag vir ondersoek of ter strafsetting weens dieselfde misdryf ten opsigte waarvan hy voorheen op borgtog vrygelaat is, gevangegesit word nie: Met dien verstande dat, ondanks die vrystelling van die beskuldigde ingevolge artikel *tweehonderd drie-en-sewentig* of die verstryking van sy borgakte, die Prokureur-generaal te eniger tyd voordat die misdryf verjaar het, die beskuldigde voor 'n bevoegde hof weens daardie misdryf kan aankla, en as die beskuldigde nadat die betrokke akte van beskuldiging en kennisgewing van verhoor behoorlik aan hom bestel is, versuim om op die in die kennisgewing vermelde tyd te verskyn, kan die hof voor wie hy aangekla word op aansoek van die Prokureur-generaal 'n lasbrief uitreik vir die beskuldigde se inhegtenisneming en aanhouding in 'n gevangenis totdat hy op verhoor gestel kan word of totdat hy borgstelling verkry vir sy verskyning by sy verhoor ten opsigte van bedoelde akte van beskuldiging.

## HOOFSTUK XV.

## VORIGE SKULDIGBEVINDINGS.

277. Dit word in geen aanklag teen enigiemand weens enige misdryf beweer dat so iemand voorheen, hetsy in die Gebied of elders, aan 'n misdryf skuldig bevind is nie.

278. Behoudens andersluidende uitdruklike bepalings van hierdie ordonnansie, is geen getuienis om te bewys dat hy voorheen, hetsy in die Gebied of elders, aan 'n misdryf skuldig bevind is, toelaatbaar gedurende die verhoor van 'n beskuldigde weens enige misdryf nie, en aan geen beskuldigde, as hy as getuie opgeroep word, mag die vraag gestel word of hy aldus skuldig bevind is nie.

279. Wanneer iemand wat voor 'n hoër hof weens 'n misdryf aangekla word, voorheen aan 'n misdryf skuldig bevind is, hetsy in die Gebied of elders, kan die aanklaer, as die beskuldigde ingevolge artikel *een-en-sewentig* erken het dat hy aldus voorheen skuldig bevind is en sy erkenning deur die landdros ooreenkomstig daardie artikel onderteken is en as hy skuldig gepleit het op of skuldig bevind is aan die misdryf, die erkenning voordat vonnis opgelê word as bewys van die vorige skuldigbevinding aanbied, en sodanige erkenning word by blote voorlegging daarvan deur die hof as bewys van die vorige skuldigbevinding toegelaat tensy bewys word dat die erkenning inderdaad nie behoorlik geskied het nie of dat die handtekenings of merke daarop in werklikheid nie die handtekening of merke van die beskuldigde en die landdros onderskeidelik is nie: Met dien verstande dat

the accused made the admission under section *seventy-one* but refused to subscribe the same by signature or mark, a solemn declaration, signed by the magistrate and attached to the document signed by him under section *seventy-one,* stating that the accused did so make the admission but refused to subscribe the same shall, upon its mere production be sufficient evidence that the accused admitted the previous conviction.

280. Where a person indicted before a superior court for any offence has been previously convicted of any offence whether in the Territory or elsewhere, the prosecutor in that superior court may in any case in which the procedure prescribed by section *seventy-one* has not been followed, give not less than seventy-two hours notice to that person that, if he pleads guilty to or is found guilty of the offence for which he is indicted, proof will be given of such previous conviction.

281. (1) Whenever notice has been duly served on a person that evidence of a previous conviction will be given against him as provided by section *two hundred and eighty,* the prosecutor may, if such person pleads guilty, or after he has been found guilty, and before sentence is pronounced, offer to prove such previous conviction, and thereupon the court shall ask such person whether he admits that he is the person alleged to have been so previously convicted and whether he has been so convicted as alleged.

(2) If such person does not admit that he has been so convicted and has not admitted it at the preparatory examination in manner prescribed in section *seventy-one,* the court shall determine the truth as to the alleged previous convictions which the accused has not admitted in the manner aforesaid.

(3) If the trial is before an inferior court the prosecutor may, after the accused has pleaded guilty or has been found guilty, tender evidence of such previous convictions as he may allege in respect of the accused, and thereupon the court shall ask the accused whether he is the person so alleged to have been previously convicted and shall determine the truth as to the alleged previous convictions which the accused has not admitted.

(4) If any previous conviction is lawfully proved against the accused or if he has admitted such previous conviction, the court shall take it into consideration in awarding sentence for the offence to which he has pleaded, or of which he has been found guilty.

282. (1) Whenever an accused has been found guilty of an offence referred to in Part I of the Third Schedule, the court shall not pass sentence on the accused for such offence, whether or not any previous conviction has been proved against him, unless the prosecutor produces to the court a certificate purporting to be issued by the South African Criminal Bureau, which indicates the previous convictions recorded in the records of the said Bureau against the accused or indicates that no previous convictions have so been recorded.

(2) If the said certificate indicates any previous conviction which, if proved against the accused, would result in the compulsory imposition of a prescribed punishment on him, the court shall, notwithstanding anything to the contrary in this Chapter contained, afford the prosecutor an opportunity of proving the said previous conviction.

283. (1) The rules contained in the Fifth Schedule shall be observed by a court when taking previous convictions into account in imposing any sentence on a person convicted by it of an offence.

(2) The Administrator may by proclamation in the *Official Gazette* amend or withdraw the rules contained in the Fifth Schedule or add new rules thereto.

(3) Any proclamation issued under sub-section (2) shall be laid on the Table of the Legislative Assembly of the Territory within fourteen days after promulgation thereof if the Assembly is then in ordinary session or if the Assembly is not then in ordinary session, within fourteen days after the commencement of its next ensuing ordinary session.

as die beskuldigde die erkenning ingevolge artikel *een-en-sewentig* gedoen het maar geweier het om dit deur handtekening of merk te onderteken, 'n plegtige verklaring, deur die landdros onderteken en geheg aan die stuk deur hom ingevolge artikel *een-en-sewentig* onderteken, ten effekte dat die beskuldigde wel die erkenning aldus gedoen het maar geweier het om dit te onderteken, by blote voorlegging daarvan voldoende bewys is dat die beskuldigde die vorige skuldbevinding erken het.

280. Wanneer iemand wat voor 'n hoër hof weens 'n misdryf aangekla word, voorheen aan 'n misdryf skuldig bevind is, hetsy in die Gebied of elders, kan die aanklaer in daardie hoër hof in 'n geval waar die prosedure by artikel *een-en-sewentig* voorgeskryf, nie gevolg is nie, aan daardie persoon minstens twee-en-sewentig uur kennis gee dat as hy skuldig pleit op of skuldig bevind word aan die misdryf waarvan hy aangekla word, bewys van sodanige vorige skuldigbevinding aangevoer sal word.

281 (1) Wanneer kennisgewing aan iemand behoorlik bestel is dat bewys van 'n vorige skuldigbevinding soos by artikel *tweehonderd en tagtig* bepaal teen hom aangevoer sal word, kan die aanklaer, as daardie persoon skuldig pleit of nadat hy skuldig bevind is, en voordat vonnis opgelê word, aanbied om so 'n vorige skuldigbevinding te bewys, en die hof moet so iemand dan vra of hy erken dat hy die persoon is wat na bewering aldus voorheen skuldig bevind is en of hy skuldig bevind is soos beweer word.

(2) As so iemand nie erken dat hy aldus skuldig bevind is nie en dit nie by die voorlopige ondersoek op die by artikel *een-en-sewentig* voorgeskrewe wyse erken het nie, moet die hof die waarheid vasstel omtrent die beweerde vorige skuldigbevindings wat die beskuldigde nie op die voormelde wyse erken het nie.

(3) As die verhoor voor 'n laer hof geskied, kan die aanklaer, nadat die beskuldigde skuldig gepleit het of skuldig bevind is, bewys aanbied van sodanige vorige skuldigbevindings soos hy die beskuldigde ten laste lê, en die hof moet die beskuldigde dan vra of hy die persoon is wat aldus na bewering voorheen skuldig bevind is en die waarheid vasstel omtrent die beweerde vorige skuldigbevindings wat die beskuldigde nie erken het nie.

(4) As 'n vorige skuldigbevinding teen die beskuldigde regtens bewys is, of as hy sodanige vorige skuldigbevinding erken het, neem die hof dit in aanmerking by die oplegging van vonnis ten opsigte van die misdryf waarop hy skuldig gepleit het of waaraan hy skuldig bevind is.

282. (1) Wanneer 'n beskuldigde aan 'n misdryf in deel 1 van die derde bylae vermeld, skuldig bevind is, lê die hof die beskuldigde nie 'n straf weens dié misdryf op nie, hetsy 'n vorige skuldigbevinding teen hom bewys is al dan nie, tensy die aanklaer aan die hof 'n sertifikaat voorlê wat deur die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro uitgereik heet te wees, en wat die vorige skuldigbevindings aantoon wat in die stukke van genoemde Buro teen die beskuldigde opgeteken is, of wat aantoon dat geen vorige skuldigbevinding aldus opgeteken is nie.

(2) As die bedoelde sertifikaat 'n vorige skuldigbevinding aantoon wat, as dit teen die beskuldigde bewys word, die verpligte oplegging van 'n voorgeskrewe straf op hom tot gevolg sou hê, verleen die hof, ondanks andersluidende bepalings van hierdie hoofstuk, die geleentheid aan die aanklaer om bedoelde vorige skuldigbevinding te bewys.

283. (1) Die reëls in die vyfde bylae vervat, moet deur 'n hof nagekom word wanneer die hof vorige skuldigbevindings in aanmerking neem by die oplegging van 'n straf op iemand deur die hof aan 'n misdryf skuldig bevind.

(2) Die Administrateur kan by proklamasie in die *Offisiële Koerant* die reëls in die vyfde bylae vervat, wysig of herroep of nuwe reëls daarby voeg.

(3) 'n Kragtens subartikel (2) uitgevaardigde proklamasie word binne veertien dae na afkondiging daarvan in die Wetgewende Vergadering van die Gebied ter tafel gelê as 'n gewone sessie van die Wetgewende Vergadering dan aan die gang is, of as 'n gewone sessie van die Wetgewende Vergadering nie dan aan die gang is nie, binne veertien dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie.

(4) If the said Legislative Assembly by resolution passed in any session during which a proclamation has been laid on the Table of the Assembly in terms of sub-section (3), disapproves of any such proclamation or of any provision in any such proclamation, such proclamation or such provision thereof shall thereafter cease to be of force and effect to the extent to which it is so disapproved.

284. (1) Anything to the contrary notwithstanding in this Ordinance contained, any finger print record, photograph, or document purporting to be certified by any officer having charge of criminal records of the Territory or of any other country, colony or territory, whether or not such record, photograph or document was obtained under any law and the person concerned was unable to prevent their being obtained, shall, whenever under any provision of this Ordinance a previous conviction may be proved, be admissible in evidence in any criminal proceedings and shall be *prima facie* proof of the facts in such record, photograph or document set forth: Provided that such record, photograph or document shall be produced to the court by a policeman or member of the Prisons Service having the custody thereof.

(2) A telegram purporting to have been sent by any officer referred to in sub-section (1) or by any officer of any court, in reply to a request by the court for particulars relating to anything contained in such record, photograph or document, shall likewise be admissible in evidence in any criminal proceedings and be *prima facie* proof of the facts set forth in such telegram.

CHAPTER XVI.

INDICTMENTS, SUMMONSES AND CHARGES.

INDICTMENTS IN SUPERIOR COURTS

285. (1) Where a person charged with an offence has been committed for trial or sentence and it is intended to prosecute him before a superior court, the charge shall be in writing in a document called an indictment.

(2) Where the prosecution is at the public instance, the indictment shall be in the name of, and shall be signed by, the attorney-general, and when the prosecution is a private one, the indictment shall be in the name of the private prosecutor at whose instance it is preferred, who must be described therein with certainty and precision, and must be signed by such private prosecutor or by counsel on his behalf.

(3) Two or more persons shall not prosecute in the same indictment, except where two or more persons have been injured by the same offence.

(4) The service upon an accused of any indictment together with any notice of trial thereof, shall be made by the person and in the manner provided by rules of court.

(5) When a person under the age of eighteen years is served with an indictment and notice of trial, as aforesaid, the provisions of sub-sections (1), (2) and (4) of section *fifty-seven* shall *mutatis mutandis* apply.

286. As soon as the indictment in any criminal case brought in any superior court has been duly lodged with the registrar of that court, such case shall be deemed to be pending in that court.

287. Subject to the provisions of section *one hundred and twenty-four* any person charged with an offence may be indicted —

(a) before any superior court which has, under the law governing the jurisdiction in criminal cases of superior courts, jurisdiction to try that offence; or

(b) in the circumstances referred to in Chapter VIII, before the special criminal court constituted under that Chapter.

SUMMONSES AND CHARGES IN INFERIOR COURTS

288. Where a public prosecutor has, by virtue of his office, determined to prosecute any person in an inferior

(4) As die genoemde Wetgewende Vergadering by besluit geneem gedurende 'n sessie waarin 'n proklamasie ooreenkomstig subartikel (33) in die Vergadering ter tafel gelê is, so 'n proklamasie of 'n bepaling van so 'n proklamasie afkeur, verval die regskrag van die proklamasie of die bepaling daarvan vir sover dit aldus afgekeur word.

284. (1) Wanneer 'n vorige skuldigbevinding kragtens 'n bepaling van hierdie ordonnansie bewys kan word, dan is enige vingerafdrukregister, -foto of -stuk wat gewaarmerk heet te wees deur 'n beampte wat toesig het oor strafregtelike stukke van die Gebied of van 'n ander land, kolonie of gebied, ondanks andersluidende bepalings van hierdie ordonnansie as getuienis toelaatbaar in enige strafsaak en is dit *prima facie* bewys van die feite in sodanige register, foto of stuk uiteengesit, hetsy so 'n register, foto of stuk ingevolge 'n wetsbepaling verkry is en die betrokke persoon nie by magte was om so 'n verkryging te belet nie, al dan nie: Met dien verstande dat so 'n register, foto of stuk deur 'n polisiebeampte of lid van die Gevangenisdiens in wie se bewaring dit is, aan die hof voorgelê moet word.

(2) 'n Telegram wat deur 'n in subartikel (1) vermelde beampte of deur 'n beampte van een of ander hof afgestuur heet te wees, in antwoord op 'n versoek deur die hof om besonderhede met betrekking tot enigiets in so 'n register, foto of stuk vervat, is insgelyks in 'n strafsaak as getuienis toelaatbaar, en is *prima facie* bewys van die feite in die telegram uiteengesit.

HOOFSTUK XVI.

AKTES VAN BESKULDIGING, DAGVAARDINGS EN AANKLAGTE.

AKTES VAN BESKULDIGING IN HOËRHOWE

285. (1) Wanneer iemand wat weens 'n misdryf aangekla word, ter strafsitting of vir vonnis verwys is en die voorneme is om hom voor 'n hoër hof te vervolg, word die aanklag skriftelik vervat in 'n dokument wat 'n akte van beskuldiging heet.

(2) Wanneer die vervolging van staatsweë geskied, is die akte van beskuldiging in die naam van, en word dit onderteken deur, die Prokureur-generaal, en in die geval van 'n private vervolging, is die akte van beskuldiging in die naam van die private aanklaer deur wie dit ingebring word, wat daarin met sekerheid en noukeurigheid beskrywe moet word, en word dit deur daardie private aanklaer of deur 'n advokaat namens hom onderteken.

(3) Twee of meer persone mag nie op dieselfde akte van beskuldiging vervolg nie, behalwe waar twee of meer persone deur dieselfde misdryf benadeel is.

(4) Die bestelling aan 'n beskuldigde van 'n akte van beskuldiging tesame met 'n kennisgewing van verhoor ten aansien daarvan word gedoen deur die persoon, en op die wyse, wat deur die hofreëls bepaal word.

(5) Wanneer 'n akte van beskuldiging en kennisgewing van verhoor soos voormeld aan iemand onder die ouderdom van agtien jaar bestel word, is die bepalings van subartikels (1), (2) en (4) van artikel *sewen-en-vyftig mutatis mutandis* van toepassing.

286. Sodra die akte van beskuldiging ten opsigte van 'n strafsaak voor 'n hoër hof by die griffier van daardie hof behoorlik ingedien is, word daardie saak geag in daardie hof aanhangig te wees.

287. Behoudens die bepalings van artikel *eenhonderd vier-en-twintig* kan iemand aan wie 'n misdryf ten laste gelê word, aangekla word —

(a) voor 'n hoër hof wat ingevolge die wetsbepalings betreffende die regsbevoegdheid van hoër howe in strafsake, regsbevoegdheid het om daardie misdryf te bereg; of

(b) onder die omstandighede in hoofstuk VIII bedoel, voor die spesiale strafhof ingevolge daardie hoofstuk saamgestel.

DAGVAARDINGS EN AANKLAGTE IN LAER HOWE

288. Wanneer 'n staatsaanklaer ampshalwe besluit het om iemand voor 'n laer hof weens 'n misdryf wat

court for any offence within the jurisdiction of that court, he shall forthwith lodge with the clerk of the court a statement in writing of the charge against that person, describing him by his christian names, surname, place of abode and occupation or status and setting forth shortly and distinctly the nature of the offence and the time when and place at which it was committed.

289. (1) The clerk of the inferior court shall, upon the lodging of any charge, at the request of the prosecutor, issue and deliver to the messenger of the court a summons to the person charged to appear to answer the charge, together with so many copies of the said summons as there are persons to be summoned.

(2) Except where otherwise specially provided by any law, the service upon an accused of any summons or other process in a criminal case in an inferior court shall be made by the prescribed officer, either by delivering it to the accused personally or, if he cannot conveniently be found, by leaving it for him at his place of business or usual or last known place of abode with some inmate thereof. The service of the summons may be proved by the evidence on oath of the person effecting the service or by his affidavit or by due return of service under his hand.

(3) If, upon the day appointed for the appearance of any person to answer any charge, he fails to appear and the court is satisfied upon the return of the person required to serve the summons that he was duly summoned, or if it appears from evidence given under oath that he is evading service of the summons, or if it appears from such evidence that he attended but failed to remain in attendance, the court in which the said criminal proceedings are conducted, may issue a warrant, directing that he be arrested and brought, at a time and place stated in the warrant, or as soon thereafter as possible, before the court or any magistrate.

(4) When the person in question has been arrested under the said warrant, he may be detained thereunder before the court which issued it or in any prison or lock-up or other place of detention or in the custody of the person who is in charge of him, with a view to securing his presence at his trial: Provided that the court may release him on a recognizance with or without sureties for his appearance at his trial and for his appearance at the enquiry referred to in sub-section (5).

(5) The court may in a summary manner enquire into the said person's failure to obey the summons or into his evasion of the service of the summons or his failure to remain in attendance, and unless it is proved that the said person has a reasonable excuse for such failure or evasion, the court may sentence him to pay a fine not exceeding fifty rand or to imprisonment for a period not exceeding one month.

(6) Any sentence imposed by any court under sub-section (5) shall be enforced and shall be subject to an appeal as if it were a sentence in a criminal case imposed by that court.

(7) If a person who has entered into any recognizance referred to in the proviso to sub-section (4), fails so to appear, he may apart from the forfeiture of his recognizance, be dealt with as if he had failed to obey a summons to answer any charge.

(8) When a person under the age of eighteen years is summoned as aforesaid, the provisions of sub-sections (1), (2) and (4) of section *fifty-seven* shall *mutatis mutandis* apply.

290. (1) If a peace officer has reasonable grounds for believing that an inferior court will on convicting any person of any offence, impose a sentence of a fine not exceeding thirty rand and hands to such person a written notice in the prescribed form stating the amount of the fine which the court will probably impose at his trial for such offence and calling upon him to appear to answer a charge of having committed such offence, such

binne die regsbevoegdheid van daardie hof val, te vervolg, dien hy onverwyld by die klerk van die hof 'n skriftelike verklaring van die aanklag teen daardie persoon in, waarin sy voorname, familienaam, woonplek en beroep op stand vermeld word en die aard van die misdryf en die tyd en plek wanneer en waar dit gepleeg is, kortliks en duidelik uiteengesit word.

289. (1) Wanneer 'n aanklag ingedien word, moet die klerk van die laer hof op versoek van die aanklaer 'n dagvaarding, gerig aan die aangeklaagde persoon om te verskyn om op die aanklag te antwoord, tesame met soveel afskrifte van daardie dagvaarding as wat daar persone is wat gedagvaar moet word, uitreik en aan die geregsbode lewer.

(2) Behoudens andersluidende uitdruklike wetsbepalings, moet die bestelling aan 'n beskuldigde van 'n dagvaarding of ander prosesstuk in 'n strafsaak in 'n laer hof deur die voorgeskrewe beampte gedoen word, of deur dit aan die beskuldigde self te oorhandig of, as hy nie maklik gevind kan word nie, deur dit vir hom by sy besigheidsplek of gewone of jongsbekende woonplek by 'n inwoner daarvan te laat. Bestelling van die dagvaarding kan bewys word deur die getuienis onder eed van die persoon wat die bestelling gedoen het of deur 'n beëdigde verklaring deur hom of deur 'n behoorlike relaas van bestelling deur hom onderteken.

(3) As iemand versuim om te verskyn op die dag wat bepaal is vir sy verskyning om op 'n aanklag te antwoord, en die hof uit hoofde van die relaas van die persoon wat die dagvaarding moes bestel, oortuig is dat hy behoorlik gedagvaar is, of as dit uit getuienis onder eed afgelê blyk dat hy bestelling van die dagvaarding ontwyk, of as dit uit sodanige getuienis blyk dat hy aanwesig was maar versuim het om aanwesig te bly, kan die hof voor wie die bedoelde strafsaak dien, 'n lasbrief uitreik waarin gelas word dat hy in hegtenis geneem en op 'n in die lasbrief vermelde tyd en plek, of so spoedig moontlik daarna, voor die hof of 'n landdros gebring word.

(4) Wanneer die betrokke persoon ingevolge die bedoelde lasbrief in hegtenis geneem is, kan hy uit hoofde daarvan by die hof wat dit uitgereik het of in 'n gevangenis of opsluitplek of ander plek van bewaring of in die bewaring van die persoon wat toesig oor hom het, aangehou word ten einde sy aanwesigheid by sy verhoor te verseker: Met dien verstande dat die hof hom op borgtog met of sonder borge vir sy verskyning by sy verhoor en vir sy verskyning by die in subartikel (5) bedoelde ondersoek kan vrylaat.

(5) Die hof kan op summiere wyse ondersoek instel na bedoelde persoon se versuim om die dagvaarding na te kom of na sy ontwyking van bestelling van die dagvaarding of sy versuim om aanwesig te bly, en tensy bewys word dat die bedoelde persoon 'n redelike verskoning vir sodanige versuim of ontwyking het, kan die hof hom 'n vonnis van 'n boete van hoogstens vyftig rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand oplê.

(6) 'n Vonnis ingevolge subartikel (5) deur 'n hof opgelê, word uitgevoer en is onderhewig aan appèl asof dit 'n vonnis was wat in 'n strafsaak deur daardie hof opgelê is.

(7) As iemand wat 'n in die voorbehoudsbepaling by subartikel (4) bedoelde borgtog aangegaan het, versuim om aldus te verskyn, kan daar bo en behalwe die verbeuring van sy borggeld met hom gehandel word asof hy versuim het om 'n dagvaarding om op 'n aanklag te antwoord, na te kom.

(8) Die bepalings van subartikels (1), (2) en (4) van artikel *sewen-en-vyftig* is *mutatis mutandis* van toepassing wanneer iemand onder die ouderdom van agtien jaar soos voormeld gedagvaar word.

290. (1) As 'n vredesbeampte redelike gronde het om te vermoed dat 'n laer hof by die veroordeling van 'n persoon weens 'n misdryf 'n vonnis van 'n boete van hoogstens dertig rand sal oplê en aan daardie persoon 'n skriftelike kennisgewing in die voorgeskrewe vorm oorhandig wat die bedrag van die boete wat die hof hom by sy verhoor weens bedoelde misdryf waarskynlik sal oplê, aangee en wat hom aansê om te verskyn om te antwoord op 'n aanklag dat hy daardie misdryf gepleeg het, word dit, behalwe vir die doeleindes van subartikel

person shall, except for the purpose of sub-section (2) of section *two hundred and ninety-one,* be deemed to have been duly summoned under section *two hundred and eighty-nine* to appear to answer the charge at the time and place stated in the notice.

(2) When a person under the age of eighteen years is handed a notice as aforesaid, the provisions of sub-sections (1), (2) and (4) of section *fifty-seven* shall *mutatis mutandis* apply as if the notice were a summons served by the said peace officer upon such peron.

(3) The amount of the fine which shall be stated in the notice issued in terms of this section as the fine which a court on conviction will probably impose in respect of an offence, shall be fixed from time to time for a specified area by the magistrate of the district in which that area is situated and the amount so fixed shall in each case where it is stated in such notice, notwithstanding anything to the contrary contained in any law, be deemed to have been fixed or deemed to be sufficient in terms of paragraph (a) or (b) of sub-section (1) of section *three hundred and thirty-seven.*

291. (1) Notwithstanding anything in section *two hundred and eighty-nine* contained, the presence of any person to be charged with any offence before an inferior court may be obtained by means of a warning to such person.

(2) In a summary trial in any inferior court without summons, the charge shall be entered upon a form called the "charge sheet", containing the name of the accused, the name of the offence with which he is charged and the necessary particulars thereof concisely stated and at the trial the charge so drawn shall be read out to the person charged, who shall be called upon to plead thereto, and his plea shall be recorded thereon.

(3) The accused or his legal adviser may at all reasonable times inspect the charge as stated on the charge sheet.

(4) Where a person under the age of eighteen years has been arrested by a peace officer for the purpose of being brought before a court or has been warned to appear before a court on a charge of having committed an offence, the officer who arrested or warned the said person shall warn the parent or guardian of the said person or cause him to be warned, if he can be found within the area of jurisdiction of the said court, to attend the court on the day on which and at the time at which the said person is to be brought or was warned to appear before the said court, and to remain in attendance during the proceedings against the said person in that court, and thereupon the provisions of sub-sections (2) and (4) of section *fifty-seven* shall *mutatis mutandis* apply.

292. (1) Whenever any case has been remitted by the attorney-general to be dealt with by a magistrate's court, the court shall cause the accused to be brought before it as soon as possible.

(2) (a) If the accused has been released on bail, the court shall cause a notice to be served on him stating that the case has been remitted to it to be dealt with and requiring him to appear on the day appointed for the trial.

(b) A notice under paragraph (a) shall be served in the same manner as a summons, and if the accused does not appear in pursuance of the notice, his bail may be estreated and he may be arrested and brought before the court in the same manner as a person who has not appeared upon a summons.

## GENERAL FOR ALL COURTS

293. (1) Any number of counts for any offence whatever may be joined in the same charge: Provided that to a count in an indictment for murder no count for any offence other than murder shall be joined.

(2) van artikel *tweehonderd een-en-negentig,* geag dat daardie persoon behoorlik ingevolge artikel *tweehonderd negen-en-tagtig* gedagvaar is om op die tyd en plek in die kennisgewing vermeld, te verskyn om op die aanklag te antwoord.

(2) Wanneer 'n kennisgewing soos voormeld aan iemand onder die ouderdom van agtien jaar oorhandig word, is die bepalings van subartikels (1), (2) en (4) van artikel *sewen-en-vyftig mutatis mutandis* van toepassing asof die kennisgewing 'n dagvaarding was wat deur bedoelde vredesbeampte aan so iemand bestel is.

(3) Die bedrag van die boete wat in die kennisgewing wat ingevolge hierdie artikel uitgereik word, aangegee moet word as die bedrag van die boete wat 'n hof by veroordeling ten opsigte van 'n misdryf waarskynlik sal oplê, word vir 'n bepaalde gebied van tyd tot tyd deur die landdros van die distrik waarin daardie gebied geleë is, bepaal, en die aldus bepaalde bedrag word in iedere geval waar dit in bedoelde kennisgewing aangegee word ondanks andersluidende wetsbepalings geag bepaal of geag voldoende te wees ingevolge paragraaf (a) of (b) van subartikel (1) van artikel *driehonderd sewen-en-dertig.*

291. (1) Ondanks die bepalings van artikel *tweehonderd negen-en-tagtig* kan die aanwesigheid van iemand wat weens 'n misdryf voor 'n laer hof aangekla moet word, deur middel van 'n waarskuwing aan daardie persoon verkry word.

(2) By 'n summiere verhoor in 'n laer hof sonder dagvaarding word die aanklag op 'n vorm wat die „klagstaat" heet, opgeteken, wat die naam van die beskuldigde, die benaming van die misdryf waarvan hy aangekla word en 'n saaklike vermelding van die vereiste besonderhede daarvan bevat, en by die verhoor word die aldus opgestelde aanklag aan die aangeklaagde persoon uitgelees wat aangesê word om ten opsigte daarvan te pleit, en sy pleit word op bedoelde klagstaat aangeteken.

(3) Die beskuldigde of sy regsadviseur kan te alle redelike tye die aanklag soos in die klagstaat opgeteken, insien.

(4) Wanneer iemand onder die ouderdom van agtien jaar deur 'n vredesbeampte in hegtenis geneem is om voor 'n hof gebring te word of gewaarsku is om voor 'n hof te verskyn weens 'n aanklag dat hy 'n misdryf gepleeg het, moet die beampte wat daardie persoon in hegtenis geneem of gewaarsku het, bedoelde persoon se ouer of voog, as hy binne die regsgebied van bedoelde hof gevind kan word, waarsku of laat waarsku om die hof by te woon op die dag en uur waarop bedoelde persoon voor die hof gebring staan te word of gewaarsku is om voor bedoelde hof te verskyn, en om aanwesig te bly gedurende die verhoor van die saak teen bedoelde persoon voor daardie hof, en die bepalings van subartikels (2) en (4) van artikel *sewen-en-vyftig* is daarop *mutatis mutandis* van toepassing.

292. (1) Wanneer 'n saak deur die Prokureur-generaal terugverwys is om deur 'n landdroshof behandel te word, moet die hof die beskuldigde so spoedig moontlik voor hom laat bring.

(2) (a) As die beskuldigde op borgtog vrygelaat is laat die hof 'n kennisgewing aan hom bestel waarin vermeld word dat die saak terugverwys is om deur die hof behandel te word en hy aangesê word om op die dag wat vir die verhoor bepaal is, te verskyn.

(b) 'n Kennisgewing ingevolge paragraaf (a) word op dieselfde wyse as 'n dagvaarding bestel, en as die beskuldigde nie ingevolge daardie kennisgewing verskyn nie, kan sy borggeld verbeurd verklaar word en kan hy in hegtenis geneem en voor die hof gebring word op dieselfde wyse as iemand wat nie ingevolge 'n dagvaarding verskyn het nie.

## ALGEMENE BEPALINGS VIR ALLE HOWE.

293. (1) Enige aantal aanklagte weens enige misdrywe hoegenaamd kan in dieselfde aanklag saamgevoeg word: Met dien verstande dat by 'n aanklag in 'n akte van beskuldiging ten aansien van moord, geen aanklag ten aansien van 'n ander misdryf as moord gevoeg word nie.

(2) When there are more counts than one in a charge, they shall be numbered consecutively and each count may be treated as a separate charge.

(3) (a) If the court thinks it conducive to the ends of justice to do so, it may direct that the accused shall be tried upon any one or more of such counts separately.

(b) An order under paragraph (a) may be made either before or in the course of the trial.

(c) The counts in the indictment which are not then tried shall be proceeded upon in all respects as if they had appeared in a separate indictment.

(4) If it is alleged that on divers occasions during any period any person has committed against or in respect of any one person an offence of which unlawful carnal connection or any indecent act of whatever nature is an element, the charge may charge in one count that the accused committed the offence on divers occasions during that period.

294. (1) When a charge containing more counts than one, is brought against the same person and a conviction is obtained on one or more of them, the prosecutor may withdraw the remaining count or counts.

(2) A withdrawal under sub-section (1) shall have the effect of an acquittal on such charge or charges unless the conviction is set aside, in which event the court, subject to the order of the court setting aside the conviction, may, upon the application of the attorney-general, proceed with the trial of the count or counts so withdrawn.

295. If by reason of any uncertainty as to the facts which can be proved, or for any other reason it is doubtful which of several offences is constituted by the facts which can be proved, the accused may be charged with having committed all or any of those offences and any number of such charges may be tried at once, or the accused may be charged in the alternative with having committed any number of those offences.

296. (1) Subject to the succeeding provisions of this Ordinance and to any provisions of any other law relating to any particular offence, each count of a charge shall set forth the offence with which the accused is charged in such manner and with such particulars as to the time and place at which the offence is alleged to have been committed and the person, if any, against whom and the property, if any, in respect of which the offence is alleged to have been committed, as may be reasonably sufficient to inform the accused of the nature of the charge.

(2) The following provisions shall apply in relation to all criminal proceedings in any superior or inferior court:

(a) the description of any statutory offence in the words of the law creating the offence, or in similar words, shall be sufficient; and

(b) any exception, exemption, proviso, excuse or qualification whether it does or does not accompany in the same section the description of the offence in the law creating the offence, may be proved by the accused but need not be specified or negatived in the charge and, if so specified or negatived, need not be proved by the prosecution.

(3) Where any of the particulars referred to in this Ordinance are unknown to the prosecutor it shall be sufficient to state that fact in the charge.

297. It may in any charge for theft be alleged that the property alleged to have been stolen was stolen at divers times between any two certain days named in the charge, and, upon such charge, proof may be adduced of the theft of such property upon any day or days between the two certain days aforesaid.

(2) Wanneer daar meer as een hoof in 'n aanklag voorkom, moet die hoofde in volgorde genommer word en kan elke hoof as 'n afsonderlike aanklag behandel word.

(3) (a) As die hof dit vir die regsbedeling bevorderlik ag, kan hy gelas dat die beskuldigde ten opsigte van enigeen of meer van sodanige hoofde afsonderlik in verhoor geneem word.

(b) 'n Bevel ingevolge paragraaf (a) kan òf voor òf in die loop van die verhoor uitgereik word.

(c) Met die hoofde in die akte van beskuldiging wat nie dan bereg word nie, moet in alle opsigte gehandel word asof hulle in 'n afsonderlike akte van beskuldiging voorgekom het.

(4) As dit beweer word dat iemand by verskeie geleenthede gedurende 'n tydperk teenoor of ten aansien van 'n bepaalde persoon 'n misdryf gepleeg het waarvan onwettige vleeslike gemeenskap of 'n onsedelike daad van watter aard ook al 'n bestanddeel is, kan dit die beskuldigde in een hoof ten laste gelê word dat hy die misdryf by verskeie geleenthede gedurende daardie tydperk gepleeg het.

294 (1) Wanneer 'n aanklag wat meer as een hoof bevat, teen dieselfde persoon ingebring word en 'n skuldigbevinding ten opsigte van een of meer van hulle plaasvind, kan die aanklaer die oorblywende aanklag of aanklagte terugtrek.

(2) 'n Terugtrekking ingevolge subartikel (1) het die uitwerking van 'n vryspraak ten opsigte van sodanige aanklag of aanklagte tensy die skuldigbevinding tersyde gestel word, in watter geval die hof, behoudens die bevel van die hof wat die skuldigbevinding tersyde stel, op aansoek van die Prokureur-generaal met die beregting van die aanklag of aanklagte aldus ingetrek, kan voortgaan.

295. As dit vanweë onsekerheid omtrent die feite wat bewys kan word of om 'n ander rede twyfelagtig is watter een van verskeie misdrywe uitgemaak word deur die feite wat bewys kan word, kan die beskuldigde weens die pleeg van al daardie misdrywe of enigeen van hulle aangekla word, en kan enige aantal van daardie aanklagte tegelykertyd verhoor word, of kan die beskuldigde weens die pleeg van enige aantal van daardie misdrywe in die alternatief aangekla word.

296. (1) Behoudens die hieropvolgende bepalings van hierdie ordonnansie en enige ander wet wat betrekking het op 'n besondere misdryf, moet elke hoof van 'n aanklag die misdryf waarvan die beskuldigde aangekla word, uiteensit op so 'n wyse en met verstrekking van sodanige besonderhede betreffende die tyd en plek wanneer en waar die misdryf na bewering gepleeg is en die persoon (as daar is) teen wie en die goed (as daar is) ten opsigte waarvan die misdryf na bewering gepleeg is, soos redelikerwyse voldoende is om die beskuldigde omtrent die aard van die aanklag in te lig.

(2) Die volgende bepalings is van toepassing met betrekking tot alle strafsake in 'n hoër of 'n laer hof:—

(a) Die beskrywing van 'n wetteregtelike misdryf in die bewoording van die wetsbepaling wat die misdryf skep of in ooreenstemmende bewoording, is voldoende; en

(b) 'n uitsondering, vrystelling, voorbehoud, verskoningsgrond of beperking, hetsy dit in dieselfde artikel tesame met die beskrywing van die misdryf in die wetsbepaling wat die misdryf skep, voorkom, al dan nie, kan deur die beskuldigde bewys word maar hoef nie in die aanklag uiteengesit of weerlê te word nie, en as dit aldus uiteengesit of weerlê word, hoef dit nie deur die vervolging bewys te word nie.

(3) Wanneer enige van die in hierdie ordonnansie bedoelde besonderhede aan die aanklaer onbekend is, is dit voldoende om in die aanklag te meld dat dit die geval is.

297. In 'n aanklag weens diefstal kan dit beweer word dat die beweerde gesteelde goed gesteel is op verskeie tye tussen twee bepaalde datums in die aanklag aangegee, en by so 'n aanklag kan daar bewys van die diefstal van daardie goed op enige datum of datums tussen bedoelde twee bepaalde datums aangevoer word.

298. In a charge for theft of money or for the theft of any property by a person entrusted with the custody or care thereof, the accused may be charged and proceeded against for the amount of a general deficiency, notwithstanding that such general deficiency is made up of a number of specific sums of money or of a number of specific articles or of a sum of money representing the value of any number of specific articles, the theft of which extended over a space of time.

299. It shall be sufficient in any charge in which it is necessary to make averment as to any money or any bank-note, to describe such money or bank-note simply as money, without specifying any particular coin or bank-note, and such description of the property shall be sustained by proof of any amount of coin or of any bank-note, although the particular species of coin of which such amount was composed or the particular nature of the bank-note is not proved, and, in cases of money or bank-notes obtained by false pretences or by any other unlawful act, by proof that the offender obtained any coin or any bank-note or any portion of the value thereof, although such coin or bank-note may have been delivered to him in order that some part of the value thereof should be returned to the person delivering the same or to any other person, and such part has been returned accordingly.

300. (1) It shall not be necessary in a charge for an offence which relates to the taking or administering of an oath or to the giving of false testimony, or the making of a false statement on solemn declaration or otherwise, or to the procuring of the giving of false testimony or the making of a false statement, to set forth the words of the oath or testimony or statement, but it shall be sufficient to set forth the purport thereof or so much of the purport thereof as is material; and it shall not be necessary to allege in any such charge or to establish at the trial, that the false testimony or statement was material to any issue in the proceedings in connection wherewith it was given or made, or that it was to the prejudice of any person.

(2) In a charge for an offence which relates to the giving of false testimony or the procuring or the attempted procuring of the giving of false testimony, it shall not be necessary to allege the jurisdiction or to state the nature of the authority of the court or tribunal before which or the officer before whom the false testimony was given or intended or proposed to be given.

(3) If a person has made any statement on oath whether orally or in writing, and he thereafter on another oath makes another statement as aforesaid, which is in conflict with such firtsmentioned statement, he shall be guilty of an offence and, may, on a charge alleging that he made the two conflicting statements, and upon proof of those two statements and without proof as to which of the said statements was false, be convicted on the evidence of one witness of such offence and punished with the penalties prescribed by law for the crime of perjury, unless it is proved that when he made each statement he believed it to be true.

301. (1) It shall not be necessary in a charge, for an offence relating to a testamentary writing to allege that the writing is the property of any person.

(2) It shall not be necessary in a charge for an offence relating to anything fixed in a square street, or open place or in a place dedicated to public use or ornament or to anything in or taken from a public place or office, to allege that the thing in respect of which the offence was committed is the property of any person.

(3) In a charge for an offence relating to a document which is the evidence of title to land or an interest in land, the document may be described as being the evidence of the title of the person or one of the persons having an interest in the land to which the document relates, while the land or any part thereof shall be described in a manner sufficient to identify it.

(4) In a charge for the theft of anything whatsoever

298. In 'n aanklag weens die diefstal van geld of weens die diefstal van goed deur iemand aan wie die bewaring of sorg daarvan toevertrou is, kan die beskuldigde aangekla en vervolg word ten aansien van die bedrag van 'n algemene tekort, nieteenstaande die feit dat sodanige algemene tekort bestaan uit 'n aantal bepaalde geldbedrae of uit 'n aantal bepaalde artikels of uit 'n geldbedrag wat die waarde verteenwoordig van 'n aantal bepaalde artikels, waarvan die diefstal oor 'n tydperk gestrek het.

299. In 'n aanklag waar daar 'n bewering omtrent geld of 'n banknoot gemaak moet word, is dit voldoende om sodanige geld of banknoot enkel as geld te beskrywe, sonder om 'n besondere muntstuk of banknoot te meld, en so 'n beskrywing van die goed word gestaaf deur bewys van enige bedrag van muntstukke of van enige banknoot ofskoon die besondere soort muntstukke waaruit daardie bedrag bestaan het of die besondere aard van die banknoot nie bewys word nie, en, in gevalle van geld of banknote deur valse voorwendsels of 'n ander wederregtelike daad verkry, deur bewys dat die oortreder 'n muntstuk of banknoot of enige deel van die waarde daarvan verkry het, ofskoon sodanige muntstuk of banknoot aan hom oorhandig mag gewees het met die bedoeling dat 'n deel van die waarde daarvan aan die persoon wat dit oorhandig, of aan iemand anders, terugbesorg moes word en sodanige deel dienooreenkomstig terugbesorg is.

(a) if he is proved to have been sentenced previously to imprisonment for the prevention of crime for an offence included in such Group; or

(b) if he is proved to have been declared an habitual criminal previously, before or after the commencement of this Ordinance, either in the Territory or elsewhere; or

(c) if he is proved to have been sentenced previously before or after the commencement of this Ordinance, either in the Territory or elsewhere, to imprisonment for periods of at least sixty months in the aggregate as punishment (whether direct or alternative) for offences and if at least three of the charges for these offences are charges in respect of one or more of the offences included in such Group.

(3) No person shall be declared an habitual criminal —

(a) if he is under the age of eighteen years; or

(b) for an offence in respect of which it is compulsory to impose the death sentence; or

(c) if in the opinion of the court the offence warrants the imposition of the death sentence or punishment which by itself or together with any punishment warranted or required in respect of any other offence of which the accused is simultaneously convicted, would entail imprisonment for a period exceeding fifteen years.

(4) A person declared an habitual criminal shall be dealt with in accordance with the law relating to prisons.

321. (1) Whenever a court convicts a person of any offence punishable by a fine (whether with or without any other direct or alternative punishment) it may, in imposing a fine upon such person, impose, as a punishment alternative to such fine, a sentence of imprisonment, of any period within the limits of its punitive jurisdiction: Provided that, the period of such alternative sentence of imprisonment shall not, either alone or together with any period of imprisonment imposed as a direct punishment, exceed the longest period of imprisonment prescribed by any law as a punishment (whether direct or alternative) for such offence.

(2) Whenever a court has imposed upon any person a fine without an alternative sentence of imprisonment and the fine is not paid in full or is not recovered in full in terms of section *three hundred and twenty-two,* the

(c) as na die mening van die hof die misdryf die oplegging regverdig van die doodvonnis of 'n straf wat op sigself of saam met 'n straf wat ten opsigte van 'n ander misdryf waaraan die beskuldigde terselfdertyd skuldig bevind word, geregverdig is of vereis word, gevangenisstraf vir 'n tydperk wat agt jaar te bowe gaan, sou meebring; of

(d) as enige onverstreke tydperk van gevangenisstraf wat die veroordeelde persoon ondergaan, vier jaar te bowe gaan.

(4) Met iemand wat tot gevangenisstraf ter voorkoming van misdaad veroordeel is, word gehandel ooreenkomstig die wet op gevangenisse.

320. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) en (3) kan 'n hoër hof wat 'n persoon aan een of meer misdrywe skuldig bevind, as die hof oortuig is dat die bedoelde persoon uit gewoonte misdrywe pleeg, hom tot gewoontemisdadiger verklaar, in plaas van die oplegging van enige ander straf vir die misdryf of misdrywe waaraan hy skuldig bevind word.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (3) is 'n hoër hof of die hof van 'n streekafdeling wat 'n persoon skuldig bevind aan 'n misdryf in 'n groep van deel I van die derde bylae vermeld, ten opsigte waarvan die hof regsbevoegdheid het, gemagtig en verplig om die bedoelde persoon tot gewoontemisdadiger te verklaar, in die plek van die oplegging van enige ander straf vir daardie misdryf of daardie misdryf en ander misdrywe waaraan die beskuldigde terselfdertyd skuldig bevind word —

(a) as dit bewys word dat hy voorheen tot gevangenisstraf ter voorkoming van misdaad veroordeel is weens 'n misdryf wat by daardie groep ingesluit word; of

(b) as dit bewys word dat hy voorheen, voor of na die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie, hetsy in die Gebied of elders, tot gewoontemisdadiger verklaar is; of

(c) as dit bewys word dat hy voorheen, voor of na die inwerkingtreding van hierdie ordonnansie, hetsy in die Gebied of elders, veroordeel is tot gevangenisstraf vir tydperke van minstens sestig maande in die geheel, as straf (hetsy direk of as alternatief) weens misdrywe en as minstens drie van die aanklagte weens daardie misdrywe aanklagte is ten opsigte van een of meer van die misdrywe wat by daardie groep ingesluit word.

(3) Niemand word tot gewoontemisdadiger verklaar nie —

(a) as hy onder die ouderdom van agtien jaar is; of

(b) weens 'n misdryf ten opsigte waarvan dit verpligtend is om die doodvonnis op te lê; of

(c) as na die mening van die hof die misdryf die oplegging regverdig van die doodvonnis of 'n straf wat op sigself of saam met 'n straf wat ten opsigte van 'n ander misdryf waaraan die beskuldigde terselfdertyd skuldig bevind word, geregverdig is of vereis word, gevangenisstraf vir 'n tydperk wat vyftien jaar te bowe gaan, sou meebring.

(4) Met iemand wat tot gewoontemisdadiger verklaar is, word gehandel ooreenkomstig die wet op gevangenisse.

321. (1) Wanneer 'n hof iemand skuldig bevind aan 'n misdryf wat met 'n boete strafbaar is (hesy met of sonder enige ander direkte of alternatiewe straf) kan die hof, by die oplegging van 'n boete aan so iemand, gevangenisstraf vir 'n tydperk wat binne sy strafbevoegdheid val, as 'n alternatiewe straf vir so 'n boete oplê: Met dien verstande dat die tydperk van die alternatiewe gevangenisstraf, hetsy alleen of tesame met 'n ander tydperk van gevangenisstraf wat as direkte straf opgelê word, nie die langste tydperk van gevangenisstraf wat by 'n wet as 'n straf (hetsy direk of as alternatief) vir so 'n misdryf voorgeskryf word, te bowe mag gaan nie.

(2) Wanneer 'n hof iemand 'n boete sonder 'n alternatiewe gevangenisstraf opgelê het, en die boete nie ten volle betaal word of nie ten volle ooreenkomstig artikel *driehonderd twee-en-twintig* ingevorder word nie,

court which passed sentence on such person (or if that court was a Circuit Local Division of the Supreme Court, then the Supreme Court) may issue a warrant directing that he be arrested and brought before the court, which may thereupon sentence him to such term of imprisonment as could have been imposed upon him as an alternative punishment in terms of sub-section (1).

322. (1) Whenever a person is sentenced to pay a fine, the court passing the sentence may, in its discretion, issue a warrant addressed to the sheriff or messenger of the court authorizing him to levy the amount by attachment and sale of any movable property belonging to such person although the sentence directs that, in default of payment of the fine, such person shall be imprisoned. The amount which may be levied shall be sufficient to cover, in addition to the fine, the costs and expenses of the warrant and of the attachment and sale thereunder.

(2) If the proceeds of sale of the movable property are insufficient to satisfy the amount of the fine and the costs and expenses aforesaid, a superior court may issue a warrant, or in the case of a sentence by any inferior court, may authorize such inferior court to issue a warrant, for the levy against the immovable property of such person of the amount unpaid.

(3) When a person is sentenced to pay a fine only or, in default of payment of the fine, to imprisonment, and the court issues a warrant under this section, it may suspend the execution of the sentence of imprisonment and may release the person upon his executing a bond with or without sureties as the court thinks fit, on condition that he appears before such court or some other court on the day appointed for the return of such warrant, such day not being more than fifteen days from the time of executing the bond; and in the event of the amount of the fine not being recovered, the sentence of imprisonment may be carried into execution forthwith or may be suspended as before for a further period or periods of not more than fifteen days, as the court may deem fit.

(4) In any case in which an order for the payment of money is made on non-recovery whereof imprisonment may be ordered, and the money is not paid forthwith, the court may require the person ordered to make such payment to enter into a bond as prescribed in sub-section (3), and in default of his doing so, may at once pass sentence of imprisonment as if the money had not been recovered.

(5) (a) When a person is sentenced to pay a fine only or in default of payment of the fine to a period of imprisonment and before the expiry of that period any part of the fine is paid or levied, the period of imprisonment shall be reduced by a number of days bearing as nearly as possible the same proportion of the number of days to which such person is sentenced as the sum so paid and levied bears to the amount of the fine.

(b) An amount which would reduce the imprisonment by a fractional part of a day shall not be received.

(6) No payment of any sum under this section need be accepted otherwise than during the ordinary office hours.

323. When any person is convicted of the unlawful publication of any defamatory matter which was published by means of printing, the prosecutor may levy the fine, if any, and costs out of any property of the accused in like manner as in civil actions.

324. The execution of any sentence of a fine or of imprisonment, shall not be suspended by the obligation imposed by any law to transmit the record of the case for review unless the person sentenced gives sufficient bail at a time or place or on conditions specified by such law to pay the fine imposed upon him or to surrender himself in order to undergo the imprisonment, as the case may be, if the proceedings in the case be approved.

kan die hof wat so iemand gevonnis het (of as daardie hof 'n rondgaande plaaslike afdeling van die Hooggeregshof was, dan die Hooggeregshof) 'n lasbrief uitreik waarin gelas word dat hy in hegtenis geneem en voor die hof gebring word, wat hom daarop tot die tydperk van gevangenisstraf kan veroordeel wat hom ingevolge subartikel (1) as 'n alternatiewe straf opgelê kon geword het.

322. (1) Wanneer iemand tot betaling van 'n boete veroordeel word, kan die hof wat die vonnis oplê, na goeddunke 'n lasbrief uitreik wat aan die balju of geregsbode gerig is en wat hom magtig om die bedrag te in deur beslaglegging op en verkoop van roerende goed wat aan so iemand behoort, al bepaal die vonnis dat by wanbetaling van die boete bedoelde persoon gevangenisstraf moet ondergaan. Die bedrag wat geïn kan word, moet voldoende wees om benewens die boete die koste en uitgawe van die lasbrief en die beslaglegging en verkoop uit hoofde daarvan te dek.

(2) As die opbrengs van die verkoop van die roerende goed onvoldoende is om die bedrag van die boete en die voormelde koste en uitgawe te dek, kan 'n hoër hof 'n lasbrief uitreik of, in die geval van 'n vonnis deur 'n laerhof, so 'n laerhof magtig om 'n lasbrief uit te reik vir die invordering van die onbetaalde bedrag uit die onroerende goed van so iemand.

(3) Wanneer iemand tot slegs betaling van 'n boete of, by wanbetaling van die boete, tot gevangenisstraf veroordeel word, en die hof 'n lasbrief kragtens hierdie artikel uitreik, kan die hof die tenuitvoerlegging van die gevangenisstraf opskort en die persoon vrylaat nadat hy 'n borgakte aangegaan het met of sonder borge, na goeddunke van die hof, op voorwaarde dat hy voor daardie hof of 'n ander hof verskyn op die dag wat vir die relaas van die lasbrief bepaal is, watter dag hoogstens vyftien dae na die datum van die verlyding van die borgakte moet wees; en ingeval die bedrag van die boete nie ingevorder word nie, kan die gevangenisstraf onmiddellik ten uitvoer gelê word of soos vantevore vir 'n verdere tydperk of tydperke van hoogstens vyftien dae opgeskort word, na gelang die hof goedvind.

(4) In 'n geval waar 'n bevel vir die betaling van geld uitgereik word, by wanbetaling waarvan gevangenisstraf opgelê kan word, en die geld nie onverwyld betaal word nie, kan die hof van die persoon wat beveel is om so 'n betaling te doen, vorder dat hy 'n borgakte soos in subartikel (3) voorgeskryf, aangaan, en as hy versuim om dit te doen, kan die hof onmiddellik gevangenisstraf oplê asof die geld nie ingevorder was nie.

(5) (a) Wanneer iemand tot slegs betaling van 'n boete of, by wanbetaling van die boete, tot 'n tydperk van gevangenisstraf veroordeel word, en 'n gedeelte van die boete voor verstryking van daardie tydperk betaal of ingevorder word, word die tydperk van die gevangenisstraf verkort deur 'n aantal dae wat so na as moontlik in dieselfde verhouding staan tot die aantal dae waartoe so iemand veroordeel is as wat die aldus betaalde en ingevorderde bedrag tot die bedrag van die boete staan.

(b) 'n Bedrag wat die gevangenisstraf met 'n breukdeel van 'n dag sou verkort, word nie ontvang nie.

(6) Geen betaling van 'n bedrag ingevolge hierdie artikel hoef buite die gewone kantoorure aangeneem te word nie.

323. Wanneer iemand skuldig bevind word weens die onwettige publikasie van lasterlike aantygings wat deur middel van drukwerk gepubliseer is, kan die aanklaer die boete, as daar is, en die koste uit enige goed van die beskuldigde op dieselfde wyse as in siviele sake invorder.

324. Die tenuitvoerlegging van 'n vonnis tot 'n boete of gevangenisstraf word nie opgeskort deur die by wet bepaalde verpligting om die notule van die saak vir hersiening deur te stuur nie, tensy die veroordeelde persoon op 'n tyd of plek of op voorwaardes in so 'n wetsbepaling vermeld, voldoende borgstelling gee om, as die verrigtinge in die saak goedgekeur word, die aan hom opgelegde boete te betaal of homself oor te gee om die gevangenisstraf te ondergaan, na gelang.

## RETENTION IN REFORM SCHOOLS

325. (1) Any court in which a person under the age of eighteen years is convicted of any offence may, instead of imposing any punishment upon him for that offence (but subject to the provisions of sub-section (1) of section *three hundred and eleven*), —

(a) order that he be placed under the supervision of a probation officer; or

(b) order that he be placed in the custody of any suitable person designated in the order; or

(c) deal with him both in terms of paragraphs (a) and (b); or

(d) order that he be sent to a reform school.

(2) Any court which sentences a person under the age of eighteen years to a fine or a whipping may, in addition to imposing that punishment, deal with him in terms of paragraphs (a), (b), (c) or (d) of sub-section (1).

(3) Any court in which a person over the age of eighteen years but under the age of twenty-one years is convicted of any offence other than treason, murder or rape may, instead of imposing any punishment upon him —

(a) order that he be placed under the supervision of a probation officer; or

(b) order that he be sent to a reform school.

(4) A court which has ordered in terms of this section that any person be sent to a reform school or that he be placed in the custody of any suitable person designated in the order may direct that such person be kept in a place of detention or a place of safety as defined in section *one* of the Children's Ordinance, 1961 (Ordinance 31 of 1961) until such time as the order of the court can be put into effect: Provided that the court may cancel any order issued in terms of this sub-section for the retention of any person in a place of safety and may order that such person be further retained in a place of detention if it should appear that the order of court that he be sent to a reform school cannot be complied with within a period of twenty-one days.

326. (1) Any person who has been dealt with in terms of section *three hundred and twenty-five* shall remain under the supervision under which, or in the custody in which he was placed or in the reform school to which he was sent or under or in the supervision, custody or reform school to which he may lawfully be transferred —

(a) if at the time of the making of the order of the court he was under the age of sixteen years, until he attains the age of eighteen years;

(b) if at the said time he was over the age of sixteen years but under the age of eighteen years, until he attains the age of twenty-one years;

(c) if at the said time he was over the age of eighteen years, until he attains the age of twenty-three years,

or, in any case, until he is discharged or released on licence in accordance with the provisions of the Children's Ordinance, 1961 (Ordinance 31 of 1961) before having attained the said age.

(2) After the expiration of the period of retention of a person in a reform school, he shall remain under the protection of the management of that reform school —

(a) if at the time of the making of the order of the court he was under the age of sixteen years, until he attains the age of twenty-one years;

(b) if at the said time he was over the age of sixteen years but under the age of eighteen years, until he attains the age of twenty-three years;

(c) if at the said time he was over the age of eighteen years, until he attains the age of twenty-five years,

or, in any case, until he is discharged from that protection in accordance with the provisions of the Children's

## AANHOUDING IN VERBETERINGSKOLE.

325. (1) 'n Hof waarin iemand onder die ouderdom van agtien jaar aan 'n misdryf skuldig bevind word, kan, in plaas van hom 'n straf vir bedoelde misdryf op te lê (maar behoudens die bepalings van subartikel (1) van artikel *driehonderd-en-elf*) —

(a) beveel dat hy onder toesig van 'n proefbeampte geplaas word; of

(b) beveel dat hy in die bewaring van 'n in die bevel aangewese geskikte persoon geplaas word; of

(c) met hom handel volgens sowel paragraaf (a) as paragraaf (b); of

(d) beveel dat hy na 'n verbeteringskool verwys word.

(2) 'n Hof wat iemand onder die ouderdom van agtien jaar tot 'n boete of lyfstraf veroordeel, kan, benewens daardie straf op te lê, ooreenkomstig paragraaf (a), (b), (c) of (d) van subartikel (1) met hom handel.

(3) 'n Hof waarin iemand bo die ouderdom van agtien jaar maar onder die ouderdom van een-en-twintig jaar weens 'n ander misdryf as hoogverraad, moord of verkragting skuldig bevind word, kan, in plaas van hom 'n straf op te lê —

(a) beveel dat hy onder toesig van 'n proefbeampte geplaas word; of

(b) beveel dat hy na 'n verbeteringskool verwys word.

(4) 'n Hof wat ingevolge hierdie artikel beveel het dat iemand na 'n verbeteringskool verwys word of dat hy in die bewaring van 'n geskikte persoon wat in die bevel aangewys word, geplaas word, kan gelas dat so iemand in 'n plek van bewaring of veiligheidsplek soos bepaal in artikel *een* van die Kinderordonnansie 1961 (Ordonnansie 31 van 1961) geplaas word tot tyd en wyl daar aan die bevel van die hof gevolg gegee kan word: Met dien verstande dat die hof enige bevel ingevolge hierdie subartikel uitgereik vir die aanhouding van iemand in 'n veiligheidsplek kan intrek en kan gelas dat daardie persoon verder in 'n plek van bewaring gehou word as dit blyk dat daar nie binne 'n tydperk van een-en-twintig dae aan die bevel van die hof dat hy na 'n verbeteringskool verwys word, gevolg gegee kan word nie.

326. (1) Iemand met wie ingevolge artikel *driehonderd vyf-en-twintig* gehandel is, bly onder die toesig waaronder, of in die bewaring waarin hy geplaas is, of in die verbeteringskool waarna hy verwys is of onder of in die toesig, bewaring of verbeteringskool waarna hy wettig oorgeplaas word —

(a) as hy ten tyde van die uitreiking van die bevel van die hof onder die ouderdom van sestien jaar was totdat hy die ouderdom van agtien jaar bereik;

(b) as hy op bedoelde tydstip oor die ouderdom van sestien jaar maar onder die ouderdom van agtien jaar was, totdat hy die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik;

(c) as hy op bedoelde tydstip oor die ouderdom van agtien jaar was, totdat hy die ouderdom van drie-en-twintig jaar bereik,

of, in elke geval, totdat hy oreenkomstig die bepalings van die Kinderordonnansie 1961 (Ordonnansie 31 van 1961) ontslaan of met vergunning vrygelaat word voordat hy bedoelde ouderdom bereik het.

(2) Na afloop van die tydperk van aanhouding van iemand in 'n verbeteringskool bly hy onder beskerming van die bestuur van die verbeteringskool —

(a) as hy ten tyde van die uitreiking van die bevel van die hof onder die ouderdom van sestien jaar was, totdat hy die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik het;

(b) as hy op bedoelde tydstip oor die ouderdom van sestien jaar maar onder die ouderdom van agtien jaar was, totdat hy die ouderdom van drie-en-twintig jaar bereik;

(c) as hy op bedoelde tydstip oor die ouderdom van agtien jaar was, totdat hy die ouderdom van vyf-en-twintig jaar bereik,

of, in elke geval, totdat hy oreenkomstig die bepalings van die Kinderordonnansie 1961 (Ordonnansie 31 van

Ordinance, 1961 (Ordinance 31 of 1961) before having attained the said age.

(3) The Administrator may, if he deems it necessary, order that any person retained in a reform school whose period of retention has expired or is about to expire, return to or remain in that reform school for such further period as he may fix and may from time to time by further order extend that period: Provided that no such order or further order shall extend the period of retention of the person concerned beyond the date of expiration of his period of protection.

(4) The expressions "period of retention" and "period of protection" in this section shall bear the meanings assigned thereto in section *one* of the Children's Ordinance, 1961 (Ordinance 31 of 1961) with reference to section *three hundred and sixteen* of the Criminal Procedure and Evidence Proclamation, 1935 (Proclamation 30 of 1935).

**WHIPPING**

327. When any person may be sentenced by a court to a whipping, that punishment may be inflicted in addition to, or in substitution for, any other punishment to which he may otherwise be sentenced, and the number of strokes to be inflicted, not exceeding ten, shall, subject to the provisions of any other law, be in the discretion of the court which shall specify in the sentence the number of strokes which are to be inflicted.

328. Subject to the provisions of section *three hundred and twenty-nine* whipping shall only be imposed by an inferior court —

(a) in the case of a first conviction for —

(i) assault of an aggravated or indecent nature or with intent to do grievous bodily harm or with intent to commit any other offence;

(ii) culpable homicide, bestiality or an act of gross indecency committed by one male person with another or any attempt to commit any such offence; or

(iii) any statutory offence for which whipping may be imposed as a punishment, unless it is expressly provided that whipping shall only be imposed as a punishment on a second or subsequent conviction;

(b) in the case of a second or subsequent conviction for an offence committed within a period of three years after the former conviction.

329. (1) Subject to the provisions of sub-section (2) and sections *three hundred and twenty-seven* and *three hundred and thirty-two* any person convicted of an offence mentioned in Part II of the Third Schedule shall be sentenced to whipping.

(2) The provisions of sub-section (1) shall not apply in relation to any person who is proved to have been sentenced previously to a whipping other than whipping referred to in section *three hundred and thirty-one* or who is dealt with under section *three hundred and eighteen, three hundred and nineteen, three hundred and twenty, three hundred and twenty-five* or *three hundred and thirty-one*.

(3) The Administrator may by notice in the *Official Gazette* add any offence to Part II of the Third Schedule, if a resolution authorizing him so to add such offence is passed by the Legislative Assembly of the Territory.

330. In any case in which a sentence by a superior court of whipping is wholly or partly prevented on grounds of health from being executed, the person sentenced to a whipping shall be kept in custody until that sentence is revised by the court which passed it or if that court is not sitting, by the Supreme Court, and the court may in its discretion either remit the sentence of whipping or sentence such person, in lieu of whipping or in lieu of so much of the sentence of whipping as was not executed, to imprisonment for a period not exceeding twelve months, which period of imprisonment may be in addition to any

1961) van daardie beskerming ontslaan word voordat hy bedoelde ouderdom bereik het.

(3) Die Administrateur kan as hy dit nodig ag, beveel dat 'n persoon wat in 'n verbeteringskool aangehou word en wie se tydperk van aanhouding verstryk het of op die punt staan om te verstryk, na die verbeteringskool moet terugkeer of daarin moet aanbly vir so 'n verdere tydperk soos hy bepaal en kan daardie tydperk van tyd tot tyd deur middel van 'n verdere bevel verleng: Met dien verstande dat so 'n bevel of verdere bevel nie die tydperk van aanhouding van die betrokke persoon verleng tot na die datum van die verstryking van sy tydperk van beskerming nie.

(4) Die uitdrukkings "tydperk van aanhouding" en "tydperk van beskerming" in hierdie artikel het die betekenisse wat artikel *een* van die Kinderordonnansie 1961 met verwysing na artikel *driehonderd en sestien* van die Kriminele Prosedure en Bewyslewering Proklamasie 1935 (Proklamasie 30 van 1935) daaraan verleen.

LYFSTRAF.

327. Wanneer iemand deur 'n hof tot lyfstraf gevonnis kan word, kan daardie straf opgelê word benewens of ter vervanging van enige ander straf wat hom anders opgelê kan word, en die aantal houe van hoogstens tien wat toegedien moet word, berus, behoudens enige ander wetsbepalings, by die diskresie van die hof wat die aantal houe wat toegedien moet word in die vonnis bepaal.

328. Behoudens die bepalings van artikel *driehonderd negen-en-twintig* word lyfstraf deur 'n laer hof opgelê slegs —

(a) in die geval van 'n eerste skuldigbevinding weens—

(i) aanranding onder verswarende omstandighede of van 'n onsedelike aard of met die opset om ernstig te beseer of met die opset om 'n ander misdryf te pleeg;

(ii) strafbare manslag, bestialiteit of 'n growwe onsedelike daad deur 'n manspersoon met 'n ander gepleeg of 'n poging om so 'n misdryf te pleeg; of

(iii) 'n wetteregtelike misdryf waarvoor lyfstraf as straf opgelê kan word, tensy dit uitdruklik bepaal word dat lyfstraf slegs as 'n straf by 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding opgelê word;

(b) in die geval van 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding weens 'n misdryf wat binne 'n tydperk van drie jaar na die vorige skuldigbevinding gepleeg is.

329. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) en artikels *driehonderd sewen-en-twintig* en *driehonderd twee-en-dertig* moet iemand wat aan 'n misdryf in deel II van die derde bylae vermeld, skuldig bevind word tot lyfstraf veroordeel word.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie met betrekking tot iemand ten opsigte van wie dit bewys word dat hy voorheen veroordeel is tot ander lyfstraf as lyfstraf in artikel *driehonderd een-en-dertig* vermeld of ten opsigte van wie daar kragtens artikel *driehonderd en agtien, driehonderd en negentien, driehonderd en twintig, driehonderd vyf-en-twintig* of *driehonderd een-en-dertig* opgetree word.

(3) Die Administrateur kan by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* enige misdryf by deel II van die derde bylae voeg, as 'n besluit wat hom magtig om so 'n misdryf aldus by te voeg deur die Wetgewende Vergadering van die Gebied aangeneem word.

330. In 'n geval waarin 'n vonnis deur 'n hoër hof tot lyfstraf om gesondheidsredes in die geheel of gedeeltelik nie ten uitvoer gelê kan word nie, word die persoon wat daartoe gevonnis is in bewaring gehou totdat daardie vonnis deur die hof wat dit opgelê het of, as daardie hof nie in sitting is nie, deur die Hooggeregshof hersien is, en kan die hof na goeddunke die vonnis tot lyfstraf kwytskeld of bedoelde persoon, in die plek van die lyfstraf of in die plek van soveel van die lyfstraf soos nie ten uitvoer gelê is nie, tot gevangenisstraf veroordeel vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande, watter tydperk van gevangenisstraf benewens enige ander straf kan

other punishment to which the person may have been sentenced for the same offence.

331. (1) If a male person of not exceeding the age of twenty-one years is convicted of any offence, the court before which he is convicted may, in lieu of any other punishment and, as well in the case of a first conviction as of any subsequent conviction, sentence such person to receive in private a moderate correction of whipping not exceeding ten cuts, which correction shall be administered by such person and in such place and with such instrument as the court may appoint. The parent or guardian of such first-mentioned person shall have the right to be present.

(2) Whenever any medical practitioner certifies in writing that any person sentenced under sub-section (1) is not in a fit state to undergo the sentence or any part thereof, the person appointed by the court to execute the sentence shall submit the certificate immediately to the court which passed the sentence or to a court having like jurisdiction which may thereupon, if it is satisfied that such person is not in a fit state to undergo such sentence or any part thereof, amend such sentence as it deems fit: Provided that if such medical practitioner is not a district surgeon or a person with like authority, the court may, if the circumstances so permit, require the district surgeon or a person with like authority, to certify in writing whether or not the person concerned is in a fit state to undergo such sentence or any part thereof.

332. (1) No female and no person over the age of fifty years shall be sentenced by any court to punishment of whipping.

(2) Whipping shall not be imposed by any court, if it is proved that the existence of some psychoneurotic or psychopathic condition contributed towards the commission of the offence.

333. Subject to the provisions of section *three hundred and thirty-one,* every punishment of whipping by whatever court imposed shall be carried out privately in a prison and in accordance with the laws governing prisons.

RECOGNIZANCES

334. (1) A person convicted of an offence other than an offence punishable with death or an offence in respect of which the imposition of a prescribed punishment on the person convicted thereof, is compulsory, may, instead of or in addition to any punishment to which he is liable, be ordered by a superior court to enter into his own recognizances, with or without sureties, in such amount as the court thinks fit, that he shall keep the peace and be of good behaviour for a period fixed by the court and may be ordered by the court to be imprisoned until such recognizances, with sureties, if so directed, are entered into: Provided that the imprisonment for not entering into the recognizance shall, in no case, exceed one year.

(2) If any person is convicted of an offence involving assault or injury to any person, other than an offence in respect of which the imposition of a prescribed penalty on the person convicted thereof, is compulsory, an inferior court may, in lieu of or in addition to any other punishment, order that the convicted person shall give security to keep the peace and to refrain from committing any injury against the complainant for a period not exceeding one year, and if such person refuses or fails to give such security the court may order him to be committed to prison for a period not exceeding three months unless such security is sooner given.

(3) If the conditions upon which any recognizance or security under this section was given are not observed by the person who gave it, the court may declare the recognizance or security to be forfeited and any such declaration of forfeiture shall have the effect of a judgment in a civil action in that court.

335. (1) When a person is convicted of an offence other than an offence punishable with death or an offence in respect of which the imposition of a prescribed penalty on the person convicted thereof, is compulsory, a superior

wees waartoe die persoon vir dieselfde misdryf veroordeel mag gewees het.

331. (1) As 'n manspersoon van nie bo die ouderdom van een-en-twintig jaar nie aan 'n misdryf skuldig bevind word, kan die hof voor wie hy skuldig bevind word, so iemand vonnis om in die plek van enige ander straf en in die geval van sowel 'n eerste as 'n latere skuldigbevinding, as 'n tugmaatreël 'n matige lyfstraf van hoogstens tien houe in afsondering te ondergaan, watter lyfstraf deur die persoon en in die plek en met die instrument toegedien word wat die hof aanwys. Die ouer of voog van eersbedoelde persoon is geregtig om aanwesig te wees.

(2) Wanneer 'n geneesheer skriftelik sertifiseer dat iemand ingevolge subartikel (1) gevonnis is, nie geskik is om die vonnis of enige gedeelte daarvan te ondergaan nie, lê die persoon wat deur die hof aangewys is om die vonnis ten uitvoer te lê die sertifikaat onverwyld voor aan die hof wat die vonnis opgelê het of aan 'n hof wat soortgelyke regsbevoegdheid besit, wat dan, as hy oortuig is dat so iemand nie geskik is om daardie vonnis of enige gedeelte daarvan te ondergaan nie, bedoelde vonnis na goeddunke kan wysig: Met dien verstande dat as bedoelde geneesheer nie 'n distriksgeneesheer of iemand met soortgelyke gesag is nie, die hof, as die omstandighede dit toelaat, die distriksgeneesheer of iemand met soortgelyke gesag kan gelas om skriftelik te sertifiseer of die betrokke persoon geskik is om bedoelde vonnis of enige gedeelte daarvan te ondergaan al dan nie.

332. (1) Geen vrou en niemand bo die ouderdom van vyftig jaar word deur enige hof tot lyfstraf veroordeel nie.

(2) Lyfstraf word deur geen hof opgelê as dit bewys word dat die aanwesigheid van een of ander psigoneurotiese of psigopatiese toestand tot die pleging van die misdryf bygedra het nie.

333. Behoudens die bepalings van artikel *driehonderd een-en-dertig* word lyfstraf deur watter hof ook al opgelê, in afsondering in 'n gevangenis en ooreenkomstig die wet op gevangenisse, uitgevoer.

BORGAKTES.

334. (1) Iemand wat aan 'n ander misdryf skuldig bevind word as 'n misdryf wat met die dood strafbaar is of 'n misdryf ten opsigte waarvan die oplegging van 'n voorgeskrewe straf aan die persoon wat daaraan skuldig bevind word, verpligtend is, kan, in die plek van of benewens enige straf wat hom opgelê kan word, deur 'n hoër hof gelas word om 'n borgakte met of sonder borge aan te gaan, vir so 'n bedrag soos die hof goedvind, dat hy vir die tydperk wat die hof bepaal die vrede sal bewaar en hom goed sal gedra, en die hof kan gelas dat hy gevange gehou word totdat die borgakte, met borge, indien aldus beveel is, aangegaan is: Met dien verstande dat die gevangenisstraf vir die nie aangaan van die borgakte in geen geval een jaar te bowe mag gaan nie.

(2) As iemand skuldig bevind word aan 'n misdryf wat 'n aanranding op of besering aan enigiemand insluit, behalwe 'n misdryf ten opsigte waarvan die oplegging van 'n voorgeskrewe straf aan die persoon wat daaraan skuldig bevind word, verpligtend is, kan 'n laer hof, in die plek van of benewens enige ander straf, beveel dat die veroordeelde persoon sekerheid moet stel om vir 'n tydperk van hoogstens een jaar die vrede te bewaar en om hom daarvan te weerhou om die klaer enige letsel aan te doen, en as so iemand weier of versuim om sodanige sekerheid te stel, kan die hof sy gevangesetting in 'n gevangenis vir 'n tydperk van hoogstens drie maande gelas tensy sodanige sekerheid vroeër gestel word.

(3) As die voorwaardes waarop 'n borgakte of sekerheid kragtens hierdie artikel aangegaan of gestel is, nie deur die persoon wat dit aangegaan of gestel het, nagekom word nie, kan die hof die borgakte of sekerheid verbeurd verklaar, en so 'n verbeurdverklaring het die uitwerking van 'n vonnis in 'n siviele saak in daardie hof.

335. (1) Wanneer iemand weens 'n ander misdryf skuldig bevind word as 'n misdryf wat met die dood strafbaar is of 'n misdryf ten opsigte waarvan die oplegging van 'n voorgeskrewe straf aan die persoon wat daaraan

court may, instead of passing sentence, discharge the accused upon his entering into his own recognizances with or without sureties, in such sum as the court may think fit, on condition that he shall appear and receive judgment at some future session of the court or when called upon.

(2) If the trial was held before a circuit local division of the Supreme Court the recognizance may, in the discretion of the court, be subject to the condition that the person convicted shall appear and receive judgment at some fixed future time or when called upon before the Supreme Court.

(3) If sentence is not passed forthwith any judge of the court may, at any subsequent sitting thereof at which the person convicted is present, pass sentence upon him.

MISCELLANEOUS PROVISIONS

336. Whenever it is proved that a person convicted of any offence was under the influence of intoxicating liquor or narcotic drugs when he committed that offence the court may, in determining the appropriate sentence to be imposed upon him in respect of that offence, regard as an aggravating circumstance the fact that he was thus under the influence of intoxicating liquor or narcotic drugs.

337. (1) When a person is summoned or warned to appear in an inferior court or is arrested or is informed by a peace officer that it is intended to institute criminal proceedings against him for any offence, and an officer holding a rank or post designated by the Administrator from time to time for the purposes of this section by notice in the Official Gazette, has reasonable grounds for believing that the court which will try the said person for such offence will, on convicting such person of such offence, not impose a sentence of imprisonment or whipping or a fine exceeding thirty rand, such person may sign and deliver to such officer a document admitting that he is guilty of the said offence, and

(a) deposit with such officer such sum of money as the latter may fix; or

(b) furnish to such officer such security as the latter deems sufficient, for the payment of any fine which the court trying the case in question may lawfully impose therefore,

to an amount not exceeding thirty rand or the maximum of the fine with which such offence is punishable, whichever amount is the lesser, and such person shall, subject to the provisions of sub-section (8), thereupon not be required to appear in court to answer a charge of having committed the said offence.

(2) Such person may at any time before sentence is passed upon him in terms of sub-section (5) submit to any person in charge of the aforesaid document an affidavit setting forth any facts which he desires to bring to the notice of the court in mitigation of the punishment to be imposed for the said offence, and such affidavit shall be submitted together with the said document to the court which is to pass the sentence.

(3) An officer designated, as aforesaid, if he is not the public prosecutor attached to the court in which the offence in question is triable, shall, as soon as practicable after receiving a document referred to in sub-section (1), transmit it to such public prosecutor.

(4) Whenever such public prosecutor has received any such document he shall transmit it to the clerk of the said court: Provided that before doing so he may report the matter to the attorney-general and ask him for his directions thereon.

(5) After receiving such document the clerk of such court shall enter it in the criminal record book of that court and the person in question shall, subject to the provisions of sub-section (8), thereupon be deemed to have been convicted by such court of the said offence, and such court shall pass sentence upon such person in accordance with law: Provided that such court may decline to pass sentence upon him and may direct that he be prosecuted

skuldig bevind word, verpligtend is, kan 'n hoër hof, in plaas van 'n vonnis op te lê, die beskuldigde ontslaan as hy 'n borgakte met of sonder borge, vir die bedrag wat die hof goedvind, aangaan, om by 'n latere sitting van die hof, wanneer hy opgeroep word, te verskyn en gevonnis te word.

(2) As die verhoor voor 'n rondgaande plaaslike afdeling van die Hooggeregshof gedien het, kan die borgakte, na goedunke van die hof, onderworpe wees aan die voorwaarde dat die veroordeelde persoon op 'n bepaalde latere datum of wanneer hy opgeroep word, voor die Hooggeregshof moet verskyn om gevonnis te word.

(3) As vonnis nie onverwyld opgelê word nie, kan enige regter van die hof by enige latere sitting daarvan waarby die veroordeelde persoon aanwesig is, hom vonnis oplê.

DIVERSE BEPALINGS.

336. Wanneer dit bewys word dat iemand wat aan 'n misdryf skuldig bevind is, onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels was toe hy die misdryf gepleeg het, kan die hof by die bepaling van die gepaste vonnis wat hom opgelê moet word ten opsigte van bedoelde misdryf, die feit dat hy aldus onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels was, as 'n verswarende omstandigheid beskou.

337. (1) Wanneer iemand gedagvaar of gewaarsku word om voor 'n laer hof te verskyn of in hegtenis geneem word of deur 'n vredesbeampte in kennis gestel word dat dit die voorneme is om 'n strafsaak teen hom weens 'n misdryf in te stel, en 'n beampte wat 'n rang of pos beklee wat deur die Administrateur van tyd tot tyd vir die doeleindes van hierdie artikel by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* aangewys is, redelike gronde het om te vermoed dat die hof wat so iemand vir so 'n misdryf sal verhoor, nie by die skuldigbevinding van so iemand weens so 'n misdryf, gevangenisstraf of lyfstraf of 'n boete van meer as dertig rand sal oplê nie, kan so iemand 'n dokument, waarin hy erken dat hy aan bedoelde misdryf skuldig is, onderteken en aan so 'n beampte oorhandig, en

(a) die geldbedrag wat bedoelde beampte bepaal by hom deponeer; of

(b) aan bedoelde beampte die sekerheid stel wat laasgenoemde voldoende ag ter betaling van enige boete wat die hof wat die betrokke saak sal verhoor, wettig daarvoor kan oplê,

tot 'n bedrag van hoogstens dertig rand of die maksimum boete waarmee so 'n misdryf strafbaar is, na gelang van watter bedrag minder is, en daarop is so iemand, behoudens die bepalings van subartikel (8), nie verplig om in die hof te verskyn om die aanklag dat hy bedoelde misdryf gepleeg het, te antwoord nie.

(2) So iemand kan te eniger tyd voordat vonnis hom ingevolge subartikel (5) opgelê word, aan iemand in wie se bewaring voormelde dokument is, 'n beëdigde verklaring voorlê waarin hy die feite uiteensit wat hy tot versagting van die vonnis wat vir bedoelde misdryf opgelê staan te word, onder die aandag van die hof wil bring, en so 'n beëdigde verklaring word saam met genoemde dokument voorgelê aan die hof wat die vonnis moet oplê.

(3) 'n Beampte aangewys soos voormeld, stuur, as hy nie die staatsaanklaer is wat aan die hof waarin die betrokke misdryf beregbaar is, verbonde is nie, so gou doenlik na ontvangs van 'n in subartikel (1) bedoelde dokument, dit aan bedoelde staatsaanklaer.

(4) Wanneer bedoelde staatsaanklaer so 'n dokument ontvang het, stuur hy dit aan die klerk van bedoelde hof: Met dien verstande dat voordat hy dit doen, hy die aangeleentheid by die Prokureur-generaal kan aanmeld en sy opdrag daaromtrent kan vra.

(5) Na ontvangs van so 'n dokument teken die klerk van bedoelde hof dit in die kriminele sakeboek van daardie hof aan, en daarop word die betrokke persoon, behoudens die bepalings van subartikel (8), geag deur bedoelde hof weens bedoelde misdryf skuldig bevind te gewees het, en lê bedoelde hof die bedoelde persoon vonnis volgens wet op: Met dien verstande dat bedoelde hof kan weier om hom vonnis op te lê en kan gelas dat hy op die

in the ordinary course, and in that case, if the said person has been summoned or warned in terms of sub-section (1), he shall be summoned afresh to answer such charge as the public prosecutor may prefer against him.

(6) If the court imposes a fine on such person such fine shall be paid out of any sum deposited in terms of paragraph (a) of sub-section (1), or if security has been given in terms of paragraph (b) of sub-section (1) and the fine is not paid in accordance with the terms of the security, the latter, if corporeal property, may be sold by public auction and the fine paid out of the proceeds of the sale: Provided that if the whereabouts of such person are known, written notice of the intended sale and of the time and place thereof shall be given to him not less than three days before the sale takes place.

(7) If any balance remains of any such deposit or of the proceeds of any such sale, after payment of such fine, such balance shall be paid over to the person who made such deposit or gave such security, and if such deposit or such security is insufficient to pay the fine imposed, the balance remaining due shall be recovered from the person upon whom the fine was imposed in the manner provided in section *three hundred and twenty-two*.

(8) At any time before sentence has been passed upon the person in question under sub-section (5) the attorney-general may direct that no action be taken in the matter under sub-sections (5), (6) and (7), but that such person be brought to trial in the ordinary manner: Provided that in that case, if such person has been summoned or warned in terms of sub-section (1), he shall be summoned afresh to answer such charge as the attorney-general may direct.

(9) If at the conclusion of the trial referred to in sub-section (8) the person tried is sentenced to pay a fine, the provisions of sub-sections (6) and (7) shall apply.

(10) If at the conclusion of any proceedings against any person under this section, no fine is imposed upon him, the money or security deposited or given by or on behalf of such person shall be returned to the person who made the deposit or gave the security.

338. (1) Whenever a person is convicted before any court of any offence other than an offence specified in the Fourth Schedule or an offence in respect of which the imposition of a prescribed punishment on the person convicted thereof is compulsory, it may in its discretion —

(a) postpone for a period not exceeding three years the passing of sentence and release the person convicted on one or more conditions (whether as to compensation, the rendering to the person aggrieved of some specific benefit or service in lieu of compensation for damage or pecuniary loss, submission to instruction or treatment, compulsory attendance at some specified centre for a specified purpose, good conduct or otherwise) which the court may order to be inserted in recognizances to appear at the expiration of that period; or

(b) postpone the passing of sentence, release the person convicted and order that, within a period not exceeding three years specified by the court, he may be called upon by any magistrate to appear before him; or

(c) pass sentence, but order the operation of the whole or any part of the sentence to be suspended for a period not exceeding three years on such conditions as aforesaid as the court may specify in the order; or

(d) impose a fine but suspend the enforcement thereof until the expiration of such period not exceeding three years as the court may fix for payment, in instalments or otherwise of the amount of the fine, the amounts of any instalments and the dates of payment thereof being fixed by order of the court; or

gewone wyse vervolg word, en in daardie geval word bedoelde persoon, as hy ingevolge subartikel (1) gedagvaar of gewaarsku is, opnuut gedagvaar om te antwoord op die aanklag wat die staatsaanklaer teen hom mag inbring.

